

# Genesis 1 en 2

## ‘n Bybels Teologiese Interpretasie

## Harmonie tussen Skrif en Skeppingsopenbaring

**Harko Mulder**

**September 2019**

# Inhoudsopgawe


Voorwoord ..... 4

Wat is die probleem? ..... 5

My persoonlike ervaring ..... 5

Bybels teologiese interpretasie van Genesis 1 ..... 8

God is die Skepper ..... 8

Ses Skeppingsdae: God se doel met verskillende dele in Sy skepping ..... 8

God se oorkoepelende doel met die skepping ..... 10

God se doel met die mens volgens Genesis 1 ..... 10

Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde (Genesis 1:28 OAV) ..... 11

Onderwerp die aarde en heers oor die voëls, visse en diere (Genesis 1:28 OAV) ..... 11

Die verband tussen Genesis 1:1-2 en die ses skeppingsdae ..... 12

Bybels teologiese interpretasie van Genesis 2:1-3 – die sewende dag ..... 15

God se rus ..... 15

Die gelowige se rus ..... 16

Opsommend: die sewende dag ..... 18

Bybels teologiese interpretasie van Genesis 2:7-17 – die tuin van Eden ..... 19

God se verlossingsproses ..... 19

Ou Testamentiese tabernakel ..... 21

Die tabernakel ..... 21

Brandofferaltaar ..... 22

Bronswaskom: ..... 22

Kandelaar: ..... 23

Tafel met die toonbrode: ..... 23

Wierookaltaar: ..... 23

Verbondsark: ..... 24

Simboliek van die Ou Testamentiese tabernakel ..... 24

Tuin van Eden ..... 27

Beskrywing van die tuin van Eden ..... 27

Ooreenkomste tussen die tuin van Eden en die tabernakel ..... 28

Verskille tussen die tuin van Eden en die tabernakel ..... 29

God se openbaring aan die mensdom in Genesis 1 en 2 ..... 32

Ander Skeppingsverhale: ..... 32

Kosmologiese Model in Genesis ..... 32

Verband tussen die twee Genesis skeppingsverhale ..... 33

Skep en val van die duiwel ... 33
Genre van Genesis 1 en 2 ... 34
En dit was baie goed ... 36
God se plan ... 37
Bybels teologiese interpretasie van Genesis 2:25 – die mens en sy vrou was kaal ... 40
Die priesters se klere (Eks 28:39-43) ... 41
Jesaja se profesie (Jesaja 61:6-10) ... 41
Die hoëpriester Jesua (Sagaria 3) ... 42
Die gelykenis van die bruilof (Matteus 22:1-14) ... 42
Jesus se kruisiging (Johannes 19:23-24) ... 42
Openbaring se fokus op klere ... 42
Interpretasie van Genesis 2:25 ... 43
Harmonie tussen Skrif en Skeppingsopenbaring? ... 46
Bybelse siening oor die skeppingsdatum van Adam ... 47
Wetenskaplike studievelde ter sake in 'n studie oor die ontstaan van die heelal en lewe ... 49
Sterrekundige siening oor die ontstaan van die heelal ... 50
Geologiese siening oor die ontstaan van die aarde ... 52
Paleontologiese siening oor die ontstaan van lewe ... 54
Biologiese siening oor die ontstaan van lewe ... 55
Opsomming ... 57
Benaderings om Skrif- en skeppingsopenbarings te harmonieer ... 58
Kriteria vir beoordeling ... 58
Ononderhandelbare kriteria ... 58
Onderhandelbare kriteria ... 58
Beoordeling van verskillende benaderings ... 59
Kreasionisme ... 59
Jong Aarde Kreasionisme: ... 59
Ou Aarde Kreasionisme: Dag-Tydperk ... 60
Ou Aarde Kreasionisme: Raamwerk/Funksioneel ... 61
Ou Aarde Kreasionisme: Progressief ... 63
Kreasionistiese Evolusionisme ... 63
Teïstiese Evolusionisme ... 63
Deïstiese Evolusionsme ... 65
Intelligente Ontwerp ... 65
Evolusionisme ... 66
Polifiletiese / Monofiletiese Evolusionisme ... 66

Opsomming .... 66
My slotsom .... 68

# Voorwoord

Die doel met hierdie skrywe is grotendeels om my gedagtes op skrif te stel oor hoe Genesis 1 en 2 verantwoordelik geïnterpreteer behoort te word. Daar is baie argumente ter sprake, en dit is eers as mens jou eie gedagtes orden en neerskryf, dat jy begin verstaan of jou argumente logies samehangend is al dan nie. Ek wil dus daarna streef om 'n interpretasie te ontwikkel wat ek kan verdedig.

Daar is baie raakvlakke na verskillende wetenskaplike velde. Alhoewel ek nie 'n kenner op enige van hierdie gebiede is nie, wil ek tog poog om 'n paar lyne te trek oor wat ek as aanvaarbaar kan beskou in die lig van bogenoemde interpretasie van Genesis 1 en 2.

Hierdie is ook 'n onderwerp wat steeds baie aktief onder bespreking is. Nuwe wetenskaplike inligting word steeds ontdek, en ek moet erken ek leer nog baie rondom verantwoordelike Skrifuitleg. Alhoewel ek in hierdie skrywe my huidige oortuigings weergee, mag dit wees dat nuwe inligting of insig my kan dwing om my standpunt op te dateer.

Hierdie skrywe poog geensins om 'n akademiese studiestuk te wees nie. Ek het heelwat gelees en bestudeer om my standpunt hieroor te ontwikkel. Maar ek wend geen poging aan om vir elke stelling wat ek maak 'n verwysing te gee nie (behalwe waar ek na ander Skrifgedeeltes verwys). Laat my eerder toe om hier 'n kort lys van bronne te gee wat vir my baie waardevol was:

- The Lost World of Genesis One. Ancient Cosmology and the Origins Debate. John H Walton
- God dwells among us. Expanding Eden to the Ends of the Earth. GK Beale and Mitchell Kim
- Peril in Paradise. Theology, Science and the Age of the Earth. Mark S Whorton
- Genesis 1-4, A linguistic, Literary and Theological Commentary, C John Collins
- https://www.reasons.org
- https://biologos.org

Ek maak grotendeels gebruik van die 1983 Afrikaanse Bybel, maar van tyd tot tyd verwys ek egter ook na ander Bybelvertalings. Ek gebruik die volgende afkortings om na die onderskeie vertalings te verwys:

NAV: 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling

OAV: 1953 Ou Afrikaanse Vertaling

NIV: New International Version

ESV: English Standard Version

# Wat is die probleem?

Genesis 1 en 2 is twee problematiese hoofstukke in die Bybel. Daar is onder gelowiges uiteenlopende sienings oor hoe dit geïnterpreteer behoort te word. Hoekom is dit so moeilik? Een van die redes is dat daar verskeie oënskynlike probleme in hierdie hoofstukke is, soos die volgende:

- Is Genesis 1:1-2 ‘n opsomming van die skeppingsgebeure in die res van Genesis 1, of beteken dit dat die hemel en die aarde geskep was voor die eerste skeppingsdag, wat in Genesis 1:3 begin?
- Hoe kan dag en nag op dag 1 geskep word, terwyl die son en maan, wat moet aandui wanneer dit dag en nag is, eers op dag 4 geskep word?
- Hoe kan plante op dag 3 geskep word, maar die son eers op dag 4? Ons weet tog almal plante het sonlig nodig om te kan lewe.
- Genesis 1:1-31 en Genesis 2:4-25 word dikwels beskryf as twee skeppingsverhale. Maar as mens die detail van hierdie twee verhale vergelyk, lyk dit of daar ernstige verskille is tussen die volgorde waarin gebeure plaasgevind het. Volgens Gen 1 is eers die plante geskep (dag 3), daarna die voëls en seediere (dag 5), daarna die landdiere en laastens die mens (albei op dag 6). Genesis 2 suggereer egter dat Adam geskep is toe daar nog nie plante op die aarde was nie. Daarna het God die tuin en sy bome aangelê, die diere geskep, en laastens vir Eva. Hoe rym dit?

‘n Ander rede is dat daar boonop ook nog oënskynlike verskille is tussen wat die Bybel leer en wat wetenskaplikes oortuig is, gebeur het met die ontstaan van die heelal en lewe. Ons sal later in meer detail hierna kyk, maar dit kom basies daarop neer dat baie gelowiges oortuig is die Bybel leer dat die heelal 6 000 jaar oud is, en dat lewe ontstaan het deurdat God elke vorm van lewe direk geskep het. Wetenskaplike teorieë argumenteer egter dat die heelal 13,7 biljoen jaar oud is, en dat alle vorme van lewe uit een oorspronklike vorm van lewe ontwikkel het deur die proses van evolusie. Boonop is hulle oortuig dat daardie oorspronklike lewensvorm spontaan ontstaan het uit nie-lewende materie. Duidelik is hier groot verskille.

As gevolg van hierdie probleme, fokus die meeste van die debat oor hierdie twee hoofstukke oor die detail van hoe God alles geskep het. Alhoewel dit nie onbelangrik is nie, is ek egter oortuig dat daar groter en belangriker sake is wat aandag verg. Twee sake wat eers aandag verlang is enersyds dat God die Skepper is, en andersyds die doel waarvoor God die skepping gemaak het. As ons ‘n behoorlike greep op hierdie twee aspekte het, verdwyn heelwat van die probleme wat hierbo genoem is, of ten minste help dit ons om op sinvolle maniere hieroor te dink.

## My persoonlike ervaring

Ek was ‘n voorgraadse ingenieurstudent aan die (destydse) PU vir CHO vanaf 1978 tot 1981. Destyds was dit verpligtend aan die PUK om tydens jou voorgraadse studie ook ‘n paar kursusse in Wetenskapsleer te voltooi (vroeër het dit bekend gestaan as Interfakultêre Wysbegeerte). Van die materiaal wat ons moes bestudeer het oor lewensbeskouings gehandel - onder andere ook evolusionisme en die Christelike beskouing daaroor. Sedertdien het dit maar altyd in my onderbewussyn gedraai: hierdie is ‘n onderwerp wat mens mooi oor moet gaan dink. Deur die loop van my beroepslewe het ek af en toe hieraan aandag gegee, maar nooit werklik tot op die punt dat ek kon sê ek het my deeglik hierin ingegrawe nie. Hier en daar het ek ‘n boek of artikel gelees – sommige het my opgewonde gemaak, terwyl ander my doodeenvoudig die harnas ingejaag het. Ek het veral bewus

geword dat een van die uitdagings om sinvol te debateer oor sake soos die ontstaan van die heelal of evolusionisme is dat dit aan die een kant kennis vereis van God se openbaring in die Bybel (dus teologiese kennis) en aan die ander kant kennis van wat die wetenskap leer. Gebrek aan kennis aan enige kant veroorsaak allerlei probleme in pogings om die twee kante te versoen.

Ek het oor die loop van jare ook bewus geword van die studieveld wat as Bybelse Teologie of Openbaringsgeskiedenis bekend staan. In hierdie veld word God se stelselmatige openbaring aan die mensdom bestudeer soos wat dit ontwikkel deur die loop van die geskiedenis wat in die Bybel opgeteken is. Boeke soos “Gospel and Kingdom” en “According to plan” deur Graeme Goldsworthy het my verbeelding aangegryp, veral as hy die geleidelike ontvouiing van God se openbaring deur die verskillende verbonde wat God oprig, beskryf. Onlangs het ek bewus geword van die fassinerende werk wat GK Beale in hierdie veld doen. Ek het vermoed dat daar baie sin in moet wees om Genesis 1 en 2 te interpreteer deur ook die res van die Bybel in gedagte te hou.

Na my aftrede het ek besluit dis nou tyd om ten minste my eie denke hieroor uit te sorteer. Hierdie studiestuk is die resultaat hiervan. In die eerste gedeelte gaan ek poog om ‘n verantwoordelike interpretasie van Genesis 1 en 2 voor te stel bloot deur na hierdie hoofstukke te kyk in die lig van die res van die Bybel – d.w.s deur van die Bybels teologiese beginsels gebruik te maak. In die tweede gedeelte vergelyk ek dan die resultate van hierdie interpretasie met die teorieë wat verskillende wetenskapsvelde voorstel rakende die ontstaan van die heelal en lewe.

Ek vermoed dat ander van my opinie gaan verskil. Ek aanvaar dit so. In beginsel wil ek nie dogmaties wees oor hierdie saak nie – alhoewel ek oortuig is dat daar sekere opinies is wat werklik nie deur enige Christen erken behoort te word nie.

Ek het ook ‘n sterk vermoede dat baie, veral Christene, oortuig is dat hierdie saak nie so belangrik is nie. Ek verskil hieroor weens verskeie redes:

- Ek word toenemend bewus van veral behoudende Christene wat, vermoedelik gedryf deur ‘n ernstige strewe om meer heilig en God gelykvormig te wees, hulle al meer afsonder van die wêreld en sy vraagstukke. Die beginsel in hierdie benadering is volgens my dieselfde as om in ‘n klooster te gaan sit. Natuurlik is ons nie ván die wêreld nie, maar definitief is ons ín die wêreld. Die gelowige het tog ‘n rol om te vervul: hulle moet sout en lig wees **vir die wêreld** (Matteus 5:13-14). Om jou te distansieer van die vraagstukke van die tyd waarin jy lewe, is onverantwoordelik. Dit was juis in die afgelope paar dekades dat heelwat nuwe wetenskaplike insigte oor die ontstaan van lewe en die heelal na vore gekom het. Gelowiges van ons tyd mag dit nie net ignoreer nie.
- Ek vind die argument van sommige gelowiges dat ons die Bybel “net direk” of “net letterlik” moet lees, naïef en selfs gemaksugtig. Daar is ‘n siening onder gelowiges dat “selfs ‘n kind die evangelie” kan verstaan, en daarom is dit nie nodig om ons koppe oor al hierdie moeilike onderwerpe te breek nie. Ek stem saam, selfs ‘n kind kan die basiese evangelie begryp en glo – en definitief is ‘n verantwoordelike verstaan van die komplekse veld van die ontstaan van die heelal en lewe nie ‘n voorwaarde vir redding nie. Maar die Skrif is netso duidelik daaroor dat ons as mense oor die skepping moet heers, wat onder andere beteken dat ons dit moet bestudeer om te verstaan hoe dit funksioneer. En verder het Jesus self geleer ons moet die Here ons God liefhê met ons hele hart en siel **en verstand** (Matteus 22:37). Dis absoluut ‘n verwagting van God dat gelowiges hulle verstand sal inspan in hulle diens aan Hom.

- Ons het ‘n verantwoordelikheid teenoor ons kinders. Hulle gaan definitief tydens hulle skool en universiteitsopleiding gekonfronteer word met sekere wetenskaplike sienings oor die ontstaan van die heelal en lewe. Ouers het ‘n verantwoordelikheid om hulle kinders die beginsels te leer sodat hulle op verantwoordelike manier standpunt kan inneem.
- Ek staan verstom oor teoloë wat ferm standpunt inneem oor die ontstaan van die heelal en lewe, sonder dat hulle hulle enigsens vergewis het van wat die kernvraagstukke is, wat die wetenskap daaroor leer en wat die argumente is waarop dit rus. Ek staan ook verstom oor wetenskaplikes wat presies dieselfde doen, net vanuit ‘n ander hoek. Ek staan verstom oor die oppervlakkige argumente wat dikwels van beide kante aangevoer word.

Ek vertrou dat hierdie studiestuk nuttig sal wees om jou eie denke oor die komplekse onderwerp te help vorm. Nog belangriker: ek vertrou dat jy met nuwe verwondering gaan staan voor God se openbaring aan ons deur beide die Woord en die skepping.

# Bybels teologiese interpretasie van Genesis 1

In hierdie gedeelte fokus ons op ‘n bestudering van Genesis 1.

## God is die Skepper

Beide Genesis 1 en 2 maak dit baie duidelik dat God die Skepper is. Trouens, dit is die stelling waarmee die Bybel open: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep” (Genesis 1:1). In die res van hoofstuk 1 is daar slegs een Persoon wat aktief is, en dit is God. Hy is die Skepper van alles. Voor Sy skeppingswerk was daar niks of niemand anders nie, behalwe God alleen.

Genesis 2 onderstreep dieselfde waarheid. God word beskryf as die Een wat die mens vorm uit die stof van die aarde, die tuin aanlê, die wilde diere en die voëls vorm en ook Adam se ribbebeen ombou tot Eva.

Die res van die Skrif stem ook hiermee ooreen. Dink maar aan Romeine 11:36 waar ons lees dat alle dinge “uit God” is, of Johannes 1:3 wat leer dat deur die Woord (d.w.s. Jesus) alles tot stand gekom het.

Ek is nie bewus van gelowiges wat stoei met die vraag of God die Skepper is nie. Almal is dit eens dat die Bybel dit duidelik leer. Ek staan dus nie langer hierby stil nie.

## Ses Skeppingsdae: God se doel met verskillende dele in Sy skepping

Kom ons probeer ‘n geheelbeeld vorm van wat God in Genesis 1 kommunikeer. Ons sal later terugkom na verse 1 en 2. Vanaf vers 3 volg die detail oor die gebeure op die ses skeppingsdae, waarna ons nou in meer detail wil kyk.

Die eerste saak wat opvallend is in Genesis 1:3-31 is die reëlmatige patroon waarin elke skeppingsdag beskryf word:

- Elke dag begin met: “Toe het God gesê: …….”. Dan volg die detail van wat God gesê het. Kyk na verse 3, 6, 9. 14, 20 en 24.
- Hierna volg ‘n stelling wat aandui dat wat ookal God gesê het, het gebeur. Kyk na die stelling “En daar was lig” in vers 1, of “So het dit gebeur” in verse 7, 9, 11, 15, 24 en 30.
- Vervolgens is daar ‘n beskrwying wat addisionele inligting oor die gebeure van daardie dag gee. Dit kan inligting wees soos name wat God gee (“dag” en “nag” op dag 1, “hemel” op dag 2, “aarde” en “see” op dag 3), spesifieke opdragte wat God gee aan die skepsel wat op ‘n spesifieke dag gemaak is (sien detail hieronder) of detail oor wat gemaak is (bv. verskillende plantsoorte op dag 3, verskillende landdiere op dag 6).
- Op vier skeppingsdae word die stelling gemaak “En God het gesien dit is goed” (verse 10, 12, 18, 21, 25). Die sesde dag sluit boonop die stelling “en dit was baie goed” in (vers 31).
- Op sommige skeppingsdae is daar meer as een skeppingshandeling (dag 3: skeiding van see en aarde, asook skepping van plante, dag 5: skepping van seediere en voëls, dag 6: skepping van landdiere en die mens)
- Elke skeppingsdag word afgesluit met die stelling: “Dit het aand geword en dit het more geword. Dit was die …….de dag” (verse 5, 8, 13, 19, 23 en 31).

As ons in meer detail kyk na wat op elke dag gebeur, is daar nog ‘n paar interessante aspekte wat na vore kom.

- Die eerste 3 dae word gekenmerk daardeur dat op aldrie skeiding plaasvind. Op dag 1 skei God “lig” en “donker”. Op dag 2 skep God die “gewelf” of “hemel” en skei dan die waters bo die gewelf van die waters onder die gewelf. Op dag 3 skei God die “aarde” en “see”.
- Die laaste 3 dae word gekenmerk daaraan dat die skepsels van elke dag telkens ‘n opdrag ontvang. So word die son en maan op dag 4 aangestel as tydhouers deurdat hulle moet aandui wanneer dit dag of nag is. Hulle moet ook die seisoene aandui. Op dag 5 word die voëls beveel om te vermeerder en die land (en lugruim) te vul. Die seediere moet ook vermeerder en die see vul. Op dag 6 ontvang die mens spesifieke opdragte. Hulle word as God se beeld geskep. Hulle moet vrugbaar wees en die aarde vul, hulle moet die aarde onderwerp en hulle moet heers oor die diere wat God gemaak het (vers 27-28).

Ons kan die ses skeppingsdae se gebeure soos volg opsom:

| Dag | Gebeure | Dag | Gebeure | Doel |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Skeiding van lig en donker / dag en nag | 4 | Son, maan, sterre | Heers oor dag en nag, seisoene |
| 2 | Skeiding van water bo die gewelf (hemel) en water onder die gewelf | 5 | Voëls en seediere | Word baie en vul die hemel en die water onder die gewelf |
| 3 | Skeiding van droë aarde en see<br><br>Skep van plante | 6 | Landdiere, mens | Vermeerder en vul<br>Onderwerp die aarde<br>Heers oor die diere<br>Plante dien as kos |

Dit is onmiskenbaar duidelik dat daar verwantskappe is tussen dae 1 en 4, 2 en 5, en 3 en 6. Die son, maan en sterre (dag 4) heers oor die dag en nag (dag 1). Hulle het ‘n doel – hulle is tydhouers wat heers oor dag en nag, asook die seisoene. Die voëls en seediere (dag 5) moet vermeerder en die hemel en “water onder die gewelf” (dag 2) vul. Net so moet die landdiere en die mens (dag 6) die droë aarde (dag 3) vul en daaroor heers. Boonop is die plante (dag 3) juis daar as voedsel vir die diere en die mens (dag 6). Die fokus van dae 1-3 is om ‘n omgewing te skep wat gunstig is vir die onderskeie funksionarisse wat God op dae 4-6 skep om hulle rolle te vul. Hierdie funksionarisse het enersyds ‘n heersersrol (son en maan, asook die mens) en andersyds ‘n “vermeerder en vul” rol (diere en ook die mens).

Let ook op na wat God se handeling was gedurende hierdie ses dae. Aan die begin was die aarde woes, leeg en donker (Genesis 1:2). Dan bring God orde deur dag en nag, hemel en aarde asook aarde en see van mekaar te skei. Die feit dat God hierdie orde bring toon dat Hy ‘n **heersersrol** vervul. Daarna begin God om die aarde te **vul** met plante, son, maan, sterre, eerste voëls, seediere, landdiere en die eerste mense. Die mens wat na die beeld van God geskape word ontvang ook hierdie twee verantwoordelikhede: Hulle moet vermeerder en die aarde **vul**, asook **heers** deur die aarde te onderwerp en oor die diere te heers.

Die fokus van Genesis 1 is dus om die doelmatigheid in God se skepping uit te lig. Dae 1-3 se doel is om die aarde gereed te maak, sodat die funksionarisse, wat gedurende dae 4-6 geskep word, hulle onderskeie rolle kan vervul. Die klem is dus nie soseer om chronologie

van die skeppingsgebeure oor te dra nie – maar eerder om die doel van elke element in die skepping uit te lig.

## God se oorkoepelende doel met die skepping

As ons verstaan dat God juis ten doel het om vir ons die doelmatigheid van verskillende elemente in Sy skepping in Genesis 1 uit te wys, laat dit die vraag ontstaan wat God se oorkoepelende doel met die skepping is. Hiervoor moet ons na 'n paar ander plekke in die Bybel gaan.

In Jesaja 45:18 lees ons: "So sê die Here, Hy wat die hemel geskep het, Hy wat alleen God is, Hy wat die aarde gevorm, gemaak het, dit gereed gemaak het, geskep het, dit gevorm het, nie om leeg te wees nie, maar om bewoon te word: Ek is die Here; daar is geen ander nie". Hier kry ons weer die beklemtoning wat ons in Genesis 1 sien. Aan die een kant moet ons raaksien God is die Skepper. Maar ons sien ook dat God dit doelgerig gemaak het – Hy het dit doelgerig gereed gemaak **nie om leeg te wees nie, maar bewoon te word**. Dit is geen wonder dat daar soveel klem in Genesis 1 is op die verskillende vorms van lewe om te vermeerder en die aarde te vul nie. God se oorkoepelende doel is die aarde moet gevul wees met lewe. En as jy sou wonder hoekom God wil hê dat die aarde gevul moet word met lewe, antwoord bogenoemde vers die vraag met die stelling aan die einde: "Ek is die Here, daar is geen ander nie". God se doel is dat die verskillende vorms van lewe wat Hy geskep het tot hierdie gevolgtrekking sal kom en Hom as die enigste Here erken.

Psalm 72:19 maak dit nog duideliker: "Mag sy verhewe Naam vir altyd geloof word, mag die hele wêreld vol wees van sy majesteit (OAV: heerlikheid). Amen, ja, amen". God se wil is dat die hele aarde gevul sal wees met Sy heerlikheid!

Hoe gaan dit realiseer? Wel, deur God se skepping. God het juis die aarde so gemaak dat dit geskik is vir lewe. Daar is lewe in die lug, die see en op die droë grond. Die hemelliggame is daar om tyd te hou sodat daar dag en nag kan wees, asook seisoene. Lewende skepsels het dag en nag nodig vir lewe (rus is essensieel). Seisoene is daar sodat daar plante kan wees as voedsel vir die diere en die mens. God wil nie hê die aarde moet leeg wees nie. Dit moet vol lewe wees – dit moet krioel van die lewe in die lug, die see en op die aarde! Natuurlik moet hierdie verskillende vorms van lewe Godverheerlikend lewe. Dan voldoen dit aan God se doel!

## God se doel met die mens volgens Genesis 1

Noudat ons verstaan God se oorkoepelende doel met die skepping is dat die aarde gevul moet word met die heerlikheid van God, kan ons in meer detail dink oor wat God se doel met die mensdom is om hierdie oorkoepelende doel te laat realiseer. Beide Genesis 1 en 2 verskaf inligting hieroor. Ons beperk ons egter eers tot wat God in Genesis 1 hieroor leer.

Lees Genesis 1:26-28.

Die eerste saak wat ons moet raaksien is dat die mens geskape word na God se beeld as Sy verteenwoordiger hier op aarde (Genesis 1:26-27). Wat beteken die term "beeld"? In Genesis 5:3 lees ons dat Adam die vader geword het van "'n seun, sy beeld een soos hyself". Ons verstaan tog dat ons kinders "soos" ons is (arme kinders!) - hulle is ons beeld. Dikwels kyk jy na 'n kind en jy weet direk wie is die ouers.

Dieselfde behoort nou te geld van ons ten opsigte van God. Hy het ons na Sy beeld gemaak. Ons is sy verteenwoordigers hier op aarde. Dit behoort moontlik te wees om na die mens te kyk, en iets van God te sien. Natuurlik is net God God. Maar ons behoort hom te

vertoon. Onthou wat Efesiërs 4:24 ons leer: "lewe dan as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig" (NAV) (OAV: "lewe in ware geregtigheid en heiligheid"). Paulus se punt is: Aangesien julle na die beeld van God geskape is, behoort julle soos God te lewe. Hoe sal so 'n lewe lyk? Dit sal 'n lewe wees wat in ware geregtigheid en heiligheid geleef word. En die rede hoekom hierdie lewe so sal lyk, is omdat dit is hoe God is – Hy is absoluut regverdig en drie maal heilig. God se verwagting is dus ons moet God se regverdigheid en heiligheid vertoon deur in geregtigheid en heiligheid te lewe. Dus, as ons as mensdom God se heerlikheid vertoon, en ons vul die aarde – dan sal die wêreld vol wees van God se heerlikheid!

Nou gaan God verder in Genesis 1:28. Hy het die volgende spesifieke verwagtings van die mensdom:

## Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde (Genesis 1:28 OAV)

In Genesis 1:27 lees ons dat God man en vrou geskape het. Genesis 2 vertel vir ons in meer detail hoe daar nie vir Adam 'n helper gevind kon word nie. Hierdie helper moes sy gelyke wees. Volgens Genesis 2:18 is dit nie goed dat die mens alleen is nie. Daarom maak God vir Eva uit Adam se ribbebeen. Adam is baie opgewonde oor hierdie hulp wat God vir hom gemaak het. Genesis 2:24 leer: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word". Ons verstaan dit is die instelling van die huwelik. Duidelik is God se doel dat die mense vrugbaar moet wees en die aarde moet vul deur die instelling van die huwelik tussen 'n man en sy vrou. Let op, die vers is baie spesifiek: **'n man** sal sy ouers verlaat en saam met **sy vrou** lewe. Hulle word een vlees (OAV).

Natuurlik wil God nie primêr net 'n aarde vol mense hê nie – daar moet baie mense wees, maar hulle moet God dien. Christen gemeentes besin dikwels oor hulle uitreikaksies – en dis in beginsel goed so, en in lyn met die opdrag wat Christus gegee het net voor Sy hemelvaart. Maar ons moet nooit vergeet hoe belangrik die ouerhuis se rol is om die kinders wat God aan gelowige ouers gegee het, na God te lei nie. Ek wonder watter persentasie van ware gelowiges kom uit gelowige ouerhuise. Ons moet ons rol as ouers in dieselfde ernstige lig sien as ons gemeentelike uitreikaksies. Dink maar aan Deuteronomium 6:7 wat ons leer: praat met jou kinders oor God as jy by die huis is, en as jy op pad is. Om te trou en kinders te hê en hulle in die vrees van die Here groot te maak is vervulling van God se skeppingsordonansie.

## Onderwerp die aarde en heers oor die voëls, visse en diere (Genesis 1:28 OAV)

Dikwels beperk gelowiges hierdie verantwoordelikheid tot die rol van die mensdom om te heers oor die diere en die skepping as geheel. Hierby word ingesluit dat ons natuurlewe moet beskerm, die energie- en mineralebronne wat God vir ons gee, verantwoordelik moet gebruik, besoedeling moet teëwerk, ens. Natuurlik is dit reg, dit is wat vers 28 sê. Maar lees mooi, daar is meer: **Onderwerp die aarde** (OAV).

Ons moet duidelik onderskeid maak tussen die aarde wat onderwerp moet word in Genesis 1:28, en die opdragte wat God in Genesis 2:15 rakende die tuin van Eden aan Adam gee. Hy moes die tuin bewerk en bewaak. Die tuin van Eden was 'n baie besondere deel van die aarde wat God spesifiek aangelê het vir die mens om in te woon - maar dit was net 'n deel van die aarde, buite die tuin was die res van die aarde.

In die tabel hieronder word die terme vergelyk wat verskillende Bybelvertalings in Genesis 1:28 en 2:15 gebruik:

| | NAV | OAV | NIV | ESV |
|---|---|---|---|---|
| Genesis 1:28 | bewerk die aarde | onderwerp die aarde | subdue the earth | subdue the earth |
| Genesis 2:15 | bewerk en pas die tuin op | bewerk en bewaak die tuin | work and take care of the garden | work and keep the garden |

As mens bloot die NAV lees, word die indruk geskep dat beide die aarde en die tuin bewerk moet word. Maar al die ander vertalings maak dit baie duidelik dat daar 'n wesenlike verskil is tussen wat Adam in die tuin moet doen teenoor wat hy in die res van die aarde moet doen. Ons sal later in meer detail kyk na die tuin van Eden, maar neem voorlopig kennis dat God van Adam verwag om die tuin te bewerk en bewaak (Genesis 2:15), maar hier in Genesis 1:28 verwag God dat hy die aarde sal onderwerp. Die term "onderwerp" veronderstel dat daar iets op die aarde is wat nie in orde is nie. Daar is iets wat onderdruk moet word. Dit word ook duideliker as jy na Adam se opdragte rakende die tuin kyk. Adam hoef enersyds die tuin slegs te bewerk (onderhou), en andersyds moet hy dit bewaak. Bewaak waarteen? Dit moet tog sekerlik iets wees wat buite die tuin is. En dit moet sekerlik ook dieselfde "iets" wees wat veroorsaak dat Adam die aarde moet onderwerp. Ons sal in meer detail hierna terugkeer wanneer ons Genesis 2 bespreek.

## Die verband tussen Genesis 1:1-2 en die ses skeppingsdae

Vervolgens besin ons oor die betekenis van Genesis 1:1-2.

Elkeen van die ses skeppingsdae begin met die stelling: "En God het gesê". Dit moet dus impliseer dat dag 1 by vers 3 begin. Hoe moet ons dan verse 1-2 verstaan? Is dit 'n opsomming van die skeppingsweek, of is dit gebeure wat al voor die skeppingsweek plaas gevind het? Ek glo dit verwys na gebeure wat voor die skeppingsweek plaasgevind het.

Vers 2 (OAV) beskryf die aarde as woes, leeg, donker en bedek met water. Dit is doodeenvoudig nie 'n akkurate beskrywing van die aarde aan die einde van die 6de dag nie, en daarom kan verse 1-2 nie beskou word as 'n opsomming van dae 1-6 nie.

Let op wat gebeur gedurende die 6 skeppingsdae: Op dag 1 maak God lig – dit spreek die donker op die aarde aan waarvan vers 2 gepraat het. Voor dag 1 was dit donker, na dag 1 was daar lig en donker. Op dag 2 skei God die "hemel", water bo die uitspansel, van die water onder die uitspansel. Op dag 3 skei God die see van die land. Dae 2 en 3 spreek die woeste en "onder water" kondisies van vers 2 aan. Na dae 2 en 3 is die aarde georden met hemel, see en aarde. Dis nie meer woes nie, dis nou bewoonbaar. Op dag 4 plaas God ligte in die hemel, op dag 5 vul Hy die hemel met die eerste voëls en die see met die eerste seediere, en op dag 6 vul Hy die aarde met die eerste landdiere en eerste mense. Gedurende dae 4-6 spreek God dus die leegheid van die aarde in vers 2 aan. Die gebeure op die ses skeppingsdae verander die woeste, donker, leë en waterbedekte aarde van vers 2 na 'n plek waar lewe moontlik is, en plaas die eerste vorms van lewe daarin. Dit is groot vooruitgang vanaf vers 2. Vers 2 is dus 'n beskrywing van die toestand van die aarde voor die begin van die skeppingsweek.

Ons kan nou die tabel wat ons vantevore gebruik het om die verband tussen die ses skeppingsdae uit te beeld, aanpas om die verband met Genesis 1:2 ook in te sluit:

| | Dag | Gebeure | Dag | Gebeure | Doel |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Gen 1:2 – Leeg | | |
| Gen 1:2 Donker | 1 | Skeiding van lig en donker / dag en nag | 4 | Son, maan, sterre | Heers oor dag en nag, seisoene |
| Gen 1:2 Woes | 2 | Skeiding van water bo die gewelf (hemel) en water onder die gewelf | 5 | Voëls en seediere | Word baie en vul die hemel en water onder gewelf |
| | 3 | Skeiding van droë aarde en see<br><br>Skep van plante | 6 | Landdiere, mens | Vermeerder en vul<br>Onderwerp die aarde<br>Heers oor die diere<br>Plante dien as kos |

Ek is egter oortuig dat God baie meer kommunikeer as bloot dat die aarde fisies donker was voor dag 1, en dat God op dag 1 fisiese lig skep en dit fisies skei van donker sodat daar dag en nag kan wees. Soos wat jy deur die Bybel lees, kom jy agter lig word geassosieer met die goeie dinge, terwyl donker geassosieer word met die slegte. As Jesus kom, lees ons dat Hy die ware lig is wat na die wêreld gekom het en wat elke mens verlig (Johannes 1:9). In Openbaring 21:25 lees ons van die Nuwe Jerusalem dat "daar gaan geen nag meer wees nie". Die donker het dus verdwyn, en net die lig bly oor. Duidelik is hier 'n ontwikkelingslyn deur die hele Bybel: Voor die ses skeppingsdae – slegs donker. Na dag 1 – lig en donker. Deur die loop van die Bybelgeskiedenis is daar voortdurend spanning tussen lig (die goeie) en donker (die slegte). Dan kom Jesus as dié Lig, en wanneer die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal, is daar net lig.

Daar is 'n soortgelyke ontwikkelingslyn rondom dag 2. Op dag 2 skei God die uitspansel (hemel) van water onder die gewelf. As jy die Bybel verder lees, kom jy agter die hemel is waar God se troon is – lees maar Jesaja 66:1. Die aarde, daarteenoor, is natuurlik waar die mense woon. En tog, as God Sy verbond met Abraham instel, sê God dat Hy vir Abraham en sy nageslag 'n God sal wees, en wanneer die Sinaiverbond opgerig word en God aan die volk die opdrag gee om die tabernakel te bou, sê God: "Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon". Ons sal later in meer detail na die tabernakel kyk, maar hier is reeds 'n aanduiding dat God hierdie afstand tussen hemel en aarde wil uitwis. Wanneer Jesus kom, word Hy Immanuel genoem – dit beteken: God by ons (Jesaja 7:14, Matteus 1:23). As Jesus opvaar hemel toe, stuur Hy Sy Heilige Gees om by sy dissipels te wees (Lukas 24:49). Wanneer Openbaring ons vertel van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal, lees ons: "Kyk die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God" (Openbaring 21:3). Boonop lees ons dat daar geen tempel in die stad gesien is nie, want die Here God en die Lam is die tempel. Weereens het ons 'n ontwikkelingslyn: skeiding tussen hemel en aarde op dag 2, die tabernakel/tempel as skakel tussen hemel en aarde in die Ou Testament, eers Jesus en later die Heilige Gees as skakel tussen hemel en aarde in die Nuwe Testament, en dan geen skeiding meer in die hiernamaals nie, omdat God dan onder Sy volk woon.

Kom ons kyk na dag 3. Op dag 3 skei God die see van die droë grond. Soos wat jy verder in die Bybel lees word die see (of water) tipies geassosieer met die bose, en veral met God se oordeel daaroor. Dink maar aan die sondvloed (Genesis 6-9), of die tog van God se uitverkore volk op droë grond deur die Rooisee, terwyl die Egiptenare verdrink (Eksodus 14). In Daniël 7 sien Daniël 'n visioen van verskeie diere wat verskillende toekomstige koninkryke verteenwoordig, maar wat op die ou end deur die Seun van die Mens onderwerp sal word.

Opmerklik is dat hierdie diere uit ‘n onstuimige see na vore kom. Maar lees jy in Openbaring 21:1 van die nuwe Jerusalem, dan staan daar: “… en die see het nie meer bestaan nie”. Hier is weereens ‘n ontwikkelingslyn: van ‘n aarde voor die skeppingsweek wat bedek is met water, na ‘n see wat geskei is van die droë grond op dag 3, deur die Bybelgeskiedenis waar die see simbool is van God se oordeel oor die slegte nasies, tot by die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal na die finale oordeel, waar daar geen see meer sal wees nie.

My punt is dit: Ja, in Genesis 1 en 2 is God besig om die fisiese hemel en aarde te skep. Maar terselfdertyd is God besig met die begin van ‘n baie groter kommunikasie as bloot die fisiese skep van die heelal. God kommunikeer terselfdertyd dat daar stryd is tussen goed en sleg. Dieselfde terme wat God gebruik om na die fisiese werklikheid te verwys, word verder in die Skrif gebruik om die stryd tussen God en die bose te beskryf. Daar is vordering van ‘n donker, woeste, leë aarde in Genesis 1:2, na ‘n geordende skepping waar daar lig én donker is, hemel én aarde én see na dag 3, en dan na ‘n gedeeltelike gevulde skepping met verskeie funksionarisse aangestel met verantwoordelikhede om te heers en te vermeerder en vul aan die einde van die skeppingsweek. As hulle hierdie verantwoordelikhede suksesvol nakom, sal dit uitloop op die oorwinning van lig oor donker, die see sal verdwyn en die hemel sal na die aarde neerdaal – en dan sal God se heerlikheid die aarde vul, en God se doel met die skepping realiseer! Ons weet egter dat die mens nie sy verantwoordelikheid nagekom het nie, maar in sonde geval het. Dit het verskeie implikasies waarna ons later in meer detail sal kyk.

Dit is belangrik om raak te sien dat daar al spanning is tussen lig en donker voor die sondeval. Ons sal later besin oor waar hierdie spanning vandaan kom. Maar neem ten minste kennis van hierdie spanning, en sien raak dat dit as gevolg van hierdie spanning is dat God aan Adam die opdrag gee om die aarde te onderwerp. Ja, God het begin om lig en donker / goed en sleg van mekaar te skei gedurende die skeppingsweek. Adam moet dit verder neem tot net die lig oorbly.

Ek hoop ook dat dit duidelik is dat God in Genesis 1 baie meer aan ons openbaar as om die chronologie van Sy skeppingshandelinge gedurende die ses skeppingsdae te kommunikeer. Dit is veel belangriker om raak te sien dat God die Skepper is, en dat Hy ‘n doel het met Sy skepping. Hierdie doel is dat God se heerlikheid die hele aarde sal vul. Om hierdie doel te bereik het Hy doelmatigheid in die skepping ingebou en verskeie funksionarisse aangestel om die doel te bereik. As hulle hul verantwoordelikhede nakom, sal die skeiding wat God begin het tussen lig en donker, en hemel, aarde en see, voltooi word deurdat daar net lig sal wees, die see sal verdwyn en God uit die hemel sal kom en onder Sy volk op die aarde sal woon. Hierdie volk sou dan ook intussen vermeerder het en die aarde gevul het. En so sal God se heerlikheid die hele aarde vul – tot Sy eer.

# Bybels teologiese interpretasie van Genesis 2:1-3 – die sewende dag

In Genesis 2:1-3 word die sewende dag van die skeppingsweek beskryf. Dit is direk duidelik uit hierdie verse dat God op die sewende dag gerus het, en ook dat God dit as ‘n gereelde rusdag ingestel en dit geheilig het. Ons kyk dus eerstens na die feit dat God gerus het, en daarna na God se verwagting van die mens om ook elke sewende dag te rus.

## God se rus

God se skeppingswerk is voltooi. Genesis 1:1 het al vir ons beskryf dat God die hemel en die aarde gemaak het. Ons het geleer dat God orde gebring en ‘n omgewing geskep het waarbinne lewe moontlik is tydens die ses skeppingsdae: Hy het lig en donker geskei, Hy het die hemelruim en die see geskei, Hy het die see van die droë grond geskei, en ook plante as voedsel geskep. Daarna het God die skepping begin vul met verskeie elemente: die son en maan moet tyd hou, eerste voëls in die hemelruim, eerste seediere in die see, eerste landdiere en eerste mense op die droë grond. God se algehele doel is dat die aarde gevul moet word met Sy heerlikheid deurdat alles krioel van lewe wat aan Hom die eer bring.

Maar nou is God se skeppingswerk klaar. As al hierdie elemente hulle verantwoordelikheid nakom, sal God se doel met die skepping bereik word. God gaan nie nog voëls, seediere, landdiere of mense skep nie. Nee, dis hulle verantwoordelikheid van hier af om te vul. God verwag van die mens om te heers oor al hierdie dinge sodat, soos die aarde meer en meer gevul word, God se heerlikheid ook sal toeneem. Die gevolg is dat God nou kan rus van sy skeppingswerk.

Hebreërs 4:3 bevestig God se skeppingswerk was na die skeppingsweek voltooi.

Aan die begin van elkeen van die eerste ses skeppingsdae lees ons: “Toe het God gesê…”. Daarna gebeur wat God gesê het, en dan sluit die dag af met: “Dit het aand geword en dit het more geword. Dit was die n-de dag”. Duidelik het elke dag ‘n definitiewe einde. Die sewende dag is egter anders. Daar is nie ‘n stelling “Dit het aand geword en dit het more geword. Dit was die sewende dag.” aan die einde van dag 7 nie. Duidelik het God ook nie op dag 8 weer begin skep nie – immers was Sy skeppingswerk klaar. Dus duur die sewende dag steeds voort. God rus steeds van Sy skeppingswerk.

Dit beteken die sewende dag was definitief nie 24 uur lank nie. En ek is oortuig dit plaas ‘n ontsaglike groot vraagteken agter die opvattings dat die ander skeppingsdae definitief 24 uur was. Ons sal dit later in meer detail beredeneer.

Let ook op daar is aan die einde van elkeen van die eerste ses skeppingsdae iets van ‘n rusperiode: Eers sê God, dan gebeur wat God beveel het, en dan: “Dit was aand en dit was more”. God se skeppingswerk was dus afgehandel voor die aand, en God het dus nie oornag geskep nie. Die volgende dag gaan God weer voort. Die ritme in God se skeppingshandelinge is dus: Skep en rus, skep en rus, skep en rus….in totaal ses keer, en daarna rus God van al Sy skeppingswerk, want dit was afgehandel.

Natuurlik beteken dit nie dat God moeg was na een dag se skeppingswerk, en daarom oornag moes rus nie. God orden sy kommunikasie aan die mensdom juis in die format van ‘n skeppingsweek, omdat Hy daardeur aan ons die beginsel van ‘n werksweek wil demonstreer, waarvolgens Hy wil hê dat ons ook ons skeppingsopdragte sal uitvoer, soos ons hieronder in meer detail sal sien.

Beteken dit dat God onaktief was op die sewende dag, en by implikasie onaktief was sedert die einde van die sesde dag tot vandag toe? Kom ons lees Johannes 5:15-17. Hierdie gedeelte handel oor die man wat al vir 38 jaar bedlêend was by die bad van Betesda omdat niemand hom gehelp het om betyds in die water te kom na dit geroer is nie. Jesus maak hom gesond, let op, juis op ‘n sabbatdag. Dit krap die Jode om, want die man dra sy goed op ‘n sabbatdag. Uiteindelik vind hulle uit dit is Jesus wat die man gesond gemaak het, en konfronteer Hom. Jesus se antwoord aan hulle is: “My Vader werk tot nou toe, en ek werk ook”. Ons moet dus verstaan dat God die Vader en Jesus steeds werk, maar tog ook steeds rus. Hoe klop dit? Dit is eintlik relatief eenvoudig: God rus steeds van Sy skeppingswerk. Maar daar is meer dinge wat God doen as om te skep. Sedert die sondeval is Hy ook besig met verlossingswerk. Hierdie genesing van die bedlêende man is nie deel van God se skeppingswerk nie, maar is wel deel van Sy verlossingswerk.

## Die gelowige se rus

Ons lees ook in Genesis 2:1-3 dat God die sewende dag as ‘n gereelde rusdag ingestel het, duidelik met die bedoeling dat die mens, wat God se verteenwoordiger is hier op aarde, gereeld moet rus. Ons sien hier nog ‘n duidelike ontwikkelingslyn wat deur die res van die Bybel loop:

In die Ou Testament is dit baie duidelik dat God van Sy volk verwag hulle moet die sabbatdag onderhou. In Levitikus 23:3 word die sabbatdag gelys as een van die feesdae van die volk. Op hierdie dag moet hulle ‘n gewyde byeenkoms hou (OAV: dis ‘n heilige vierdag). In beide Eksodus 20 en Deuteronomium 5 word die viering van die sabbatdag as die vierde gebod aangebied. In beide gedeeltes word aan die volk ‘n rede gegee waarom hulle op hierdie dag moet rus. In Eksodus 20:11 word hulle aangespoor om te dink aan God se skeppingswerk: In ses dae het God alles gemaak, en op die sewende dag het God gerus. Daarom verwag God nou van hulle om op die sewende dag te rus en te besin oor Sy skeppingswerk. In Deuteronomium 5:15 word hulle egter aangespoor om te dink hoe God hulle uit Egipte verlos het – dus God se verlossingswerk. In die lig van wat ons hierbo gesê het, beteken dit dus hulle moet enersyds dink aan God se afgehandelde skeppingswerk, en andersyds moet hulle dink aan God se voortgaande verlossingswerk.

Daar is meer aanduidings dat God ernstig was daaroor dat die volk die sabbatdag moet onderhou. In Eksodus 16:22-30 lees ons van God wat manna aan die volk verskaf om te eet. Onder andere lees ons dat hulle die sabbatdag moes respekteer. Op die 6de dag moes hulle dubbel die daaglikse kwota optel om genoeg te hê vir die sewende dag. Boonop was daar op die sabbatdag nie manna om op te tel nie.

Daar was ook die instelling van die sabbatsjaar, elke sewende jaar. Lees Levitikus 25. Gedurende hierdie jaar mog die volk nie plant nie – hulle moes eet van wat die veld ookal oplewer. Grond moes teruggaan na hulle oorspronklike eienaars en slawe moes vrygelaat word. Weereens verwag God dat hulle Hom sal vertrou om in die sewende jaar te voorsien. Weereens is hier ‘n verbintenis tussen die sabbatsjaar, die beginsel van rus (vir die land) en verlossing (skuld is afgeskryf en slawe vrygelaat).

Onderhouding van die vierde gebod het vir die volk egter meer behels as om net te rus van hulle daaglikse werk. Dit het ook baie duidelik geëis dat hulle ses dae moes werk. Waar kom hierdie opdrag om te werk oorspronklik vandaan? Natuurlik van die skepping af. In Genesis 1:28 lees ons: Onderwerp die aarde, heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Verder lees ons in Genesis 2:15 die mens moet die tuin bewerk en bewaak. Wat is God se verwagting? Wel, die aarde moet gevul word met die heerlikheid van God. God het in Sy skeppingswerk die proses begin deurdat

Hy alles gereed gemaak het vir 'n verskeidenheid van lewensvorme, en ook die eerste lewende wesens gemaak het. Nou moet die mens, as God se verteenwoordiger, dit verder voer deur die hele aarde te onderwerp, oor die diere te heers, en intussen ook die tuin te bewerk en bewaak. In die praktyk is dit 'n mondvol! Dit sluit in: (1) Heers oor die voëls, visse en diere. Bestuur die wildtuine. Maak ruimte vir alle diere en die mens om in harmonie saam te lewe. Bewaar die natuur. Wend alle hulpbronne effektief aan. Dit is die fokus van my daaglikse werk. (2) Ons sal hieronder sien dat die tuin 'n vorm van 'n tabernakel was. Ons weet die tabernakel/tempel word 'n simbool van die kerk in die Nuwe Testament. Die opdrag "bewerk die tuin" behels dus dat God se heiligdom (dus die kerk) instand gehou moet word. Die mens moet dus sorg dat daar middele (fisiese, maar ook geestelike gawes) is om die kerk aan die gang te hou. Preek, bid, leer, bou op, bemoedig, en sorg dat julle iets het om vir die armes te gee. (3) "Bewaak die tuin" beteken die duiwel moet uit die tuin gehou word. In Openbaring 12 en 13 lees ons hoe die duiwel saam met die dier uit die see (verteenwoordigend van valse owerhede) en die dier uit die aarde (verteenwoordigend van valse godsdienste) stryd voer teen die vrou en haar nakomelinge (verteenwoordigend van die kerk). Die mens het 'n verantwoordelikheid om weerstand te bied teen die duiwel en sy trawante. (4) "Onderwerp die aarde" beteken dat die grense van die tuin (dus die kerk) uitgebrei moet word tot die hele aarde ingesluit is. Met Jesus se hemelvaart gee Hy die opdrag dat die kerk na al die nasies toe moet gaan en hulle Sy dissipels maak (Matteus 28:18-20). In sy geheel bepaal hierdie skeppingsopdragte my optrede by die werk, by die huis, by die kerk en in die gemeenskap.

Let op, hierdie opdragte kom na Adam en Eva **voor die sondeval**. Ons moet ophou dink aan ons werk as straf. Of iets wat ek doen om middele te kry om op vakansie te gaan. Of iets wat inbreuk maak op my tyd wat ek andersins vir diens aan die Here sou kon gebruik het. My daaglikse werk, my werk in die kerk, my werk in my gesin en my werk in die gemeenskap is skeppingsopdragte sodat die skepping by sy doel kan uitkom. Dit is wanneer ek alles wat ek doen begin sien in die lig van "onderwerp die aarde en heers oor die diere" en "bewerk en bewaak die tuin", dat ek begin agterkom hoe nodig ek dit het om elke sewende dag te kan rus – om te dink aan God se skeppingswerk en ook aan Sy verlossingswerk.

In die Bybel hou die begrip "rus" vir die mens meer in as net die hou van die sabbatdag. As Moses met die Israeliete praat op die Moabsvlakte net voor hulle die beloofde land ingaan, sê hy vir hulle in Deuteronomium 12:10: "…en julle sal rus hê van al julle vyande". In Josua 11:23 lees ons dat Josua-hulle die land ingeneem het, en "Die land kon toe rus van oorlog". 2 Samuel 7:1 sê: "…die Here het Dawid rus gegee van al sy vyande". Duidelik word "rus" geassosieer met rus van ons vyande en stryd.

In Hebreërs 4:8-11 redeneer die skrywer dat selfs die intog van die volk destyds in die beloofde land onder Josua se leiding nog nie die diepste betekenis van die begrip "rus" is nie. Nee, daar is selfs nog 'n beter rus – die volk van God gaan in die rus van God in. Hier sal hulle rus van hulle werk "net soos God van Syne". Openbaring 14:11-13 help ons om te verstaan waarna die Hebreërskrywer verwys: In vers 11 word dit duidelik dat die mense wat die dier en sy beeld aanbid het vanaf die oordeelsdag tot in alle ewigheid dag en nag geen rus gaan hê nie, maar vir altyd gepynig gaan word met vuur en swael. Daarteenoor is daar diegene wat in die Here gesterf het – hulle uiteinde is dat hulle sal rus van hulle arbeid. Ek glo ons verstaan almal dit beteken hulle gaan die ewige heerlikheid in – waar hulle sal rus.

Waarmee gaan hierdie mense hulle besig hou in hierdie rus? Gaan hulle passief wees? Lees Openbaring 5:8-10. Hier sing die 24 ouderlinge (verteenwoordigend van die gelowiges deur die Ou en Nuwe Testament) 'n nuwe lied. In die Bybel word 'n nuwe lied altyd

geassosieer met verlossing (kyk na Psalm 96:1-2, 98:1-2). Dis ook wat die 24 ouderlinge sing. Hulle sing dat hulle deur God se verlossingswerk ‘n koninkryk en priesters geword het, en nou sal hulle oor die aarde regeer.

## Opsommend: die sewende dag

Ons kan die inhoud van die sewende dag soos volg saamvat:

Gedurende die skeppingsweek skep God gedurende die dag. Dit word telkens opgevolg deur ‘n rusperiode “dit het aand geword, en dit het more geword”. God hou met hierdie ritme vol totdat Sy skeppingswerk voltooi is aan die einde van die skeppingsweek. Dan rus God van al Sy skeppingswerk. Daardie rus duur steeds voort. Intussen werk God aan Sy verlossingswerk.

God het vir die mens skeppingsopdragte gegee: onderwerp en heers oor die aarde, bewerk en bewaak die tuin. Hiermee moet hy hom ses dae per week besig hou. Omdat hierdie opdragte so groot en uitdagend is, het God vir die mens ‘n gereelde rusdag gegee (soos wat daar rusperiodes was gedurende God se skeppingsweek). Op hierdie dae moet hulle gewyde byeenkomste hou en dink oor God se afgehandelde skeppingswerk en voortgaande verlossingswerk. Dit spoor hulle aan om met hulle skeppingsopdragte vol te hou. Maar daar is ook die vooruitsig van ‘n ewige rus vir die gelowiges – daar gaan hulle rus van hulle skeppingsopdragte, maar tog ook nie passief wees nie.

Die gelowiges bereik die ewige rus natuurlik met die wederkoms van Jesus. Watter gebeure gaan gepaard met die wederkoms? Al die ongelowiges word saam met die duiwel in die helse vuur gewerp, terwyl al die gelowiges die ewige lewe ontvang. Die nuwe Jerusalem daal uit die hemel neer, en God kom by hulle woon. Die aarde is onderwerp. Die tuin (of die kerk) is effektief bewaak (trouens die duiwel is in die hel) en die tuin is effektief bewerk (al die gelowiges het ingekom), en God self is nou die tempel. God se skeppingsopdragte is voltooi.

Wat het God gedoen toe Sy skeppingswerk voltooi is? Hy het gerus – vir ewig gerus van Sy skeppingswerk. As die mensdom se skeppingsopdragte suksesvol voltooi is, gaan hulle ook ‘n ewige rus binne waar hulle van hulle skeppingsopdragte rus. Was God onaktief toe Hy gerus het van Sy skeppingswerk? Nee, Hy het gefokus op Sy verlossingswerk. Gaan die gelowiges onaktief wees wanneer hulle in die ewige rus kom? Nee, hulle gaan aan God die eer bring deur ‘n nuwe lied te sing oor God se verlossingswerk.

# Bybels teologiese interpretasie van Genesis 2:7-17 – die tuin van Eden

In hierdie gedeelte gaan ons die tuin van Eden in detail bestudeer. Om dit sinvol te kan doen, is dit nodig om vooraf aan 2 verwante sake aandag te gee. Die eerste is om die proses waarvolgens God mense verlos, te verstaan, en die tweede is om die betekenis van die Ou Testamentiese tabernakel te begryp.

## God se verlossingsproses

In Genesis 3 val Adam en Eva, en saam met hulle die ganse mensdom, in sonde. ‘n Groot fokus van die res van die Bybel is om aan die mensdom te verduidelik hoe die verlossingsproses wat God direk na die sondeval geïnisieer het, werk. Enersyds is dit belangrik om te verstaan dat nie alle mense gered word nie, en andersyds is dit nodig om te verstaan dat hierdie verlossingsproses verskeie stappe insluit. Hierdie proses begin voor die betrokke individu se fisiese geboorte en is eers afgehandel na sy fisiese sterwe. Romeine 8:29-30 noem verskeie stappe in hierdie proses: uitverkiesing, bestemming (OAV: verordinering), roeping, vryspraak (OAV: regverdigmaking) en heerlikmaking. Hierdie lys is nie volledig nie. As mens die res van die Bybel bestudeer, is daar verskeie addisionele stappe. Wat Paulus egter wel duidelik maak, is die beginsel dat nie almal deel in hierdie proses nie. Hy sê immers dit is net die wat God uitverkies het wat deel word van hierdie proses. ‘n Ander beginsel wat duidelik blyk, is dat as God iemand uitverkies het, dan sal daardie persoon al die stappe van die verlossingsproses beleef. Almal wat uitverkies is, sal geroep word, hulle sal almal vrygespreek word en sal almal verheerlik word. Die Engelse uitdrukking: “If you have it at all, you have it all”, som die beginsel op.

Daar is nog ‘n belangrike punt om raak te sien. Hierdie proses is God se verlossingsproses. God is direk betrokke in elke stap van die mens se verlossing. In sommige stappe tree God alleen op – Hy is ten volle verantwoordelik dat die stap gebeur. Daar is egter ook sekere stappe waar die mens ‘n verantwoordelikheid het, maar selfs in hierdie stappe is dit God wat die mens toerus om sy verantwoordelikheid na te kom.

Om die detail van hierdie verlossingsproses te bestudeer, is ‘n studie op sy eie en nie die fokus van die huidige studie nie. Ek gaan dus bloot die proses opsom deur kortliks die belangrikste stappe te beskryf:


Voor die grondlegging van die wêreld het God reeds besluit wie gelowiges sal wees. Dit word God se uitverkiesing genoem, en het dus reeds voor die geboorte van die individu gebeur. Indien iemand uitverkore is, sal God hom iewers gedurende sy lewe hier op aarde roep. Om te verseker dat die roeping effektief is, werk God ook terselfdertyd die wedergeboorte in die persoon. Dit beteken God haal die ou onbekeerde hart uit, en gee aan die persoon ‘n hart wat kan reageer op God se roeping. Die gevolg is dat die persoon hom bekeer, sy rug op die wêreld draai en tot geloof in Jesus Christus kom. Dit is die Heilige Gees wat die geloof in die persoon se wedergebore hart werk. Die persoon erken in geloof dat hy ‘n sondaar is en hy erken ook dat Jesus sy persoonlike Verlosser is. God verklaar die persoon regverdig deurdat sy sondeskuld aan Jesus toegereken word, en Jesus se geregtigheid hom toegereken word. Vervolgens lei die Heilige Gees die persoon op die pad van heiligmaking, waartydens die persoon verskeie genademiddels gebruik om toe te neem in heiligheid deur al meer gehoorsaam aan God se wil te lewe. Na sy afsterwe (of met die wederkoms van die Here Jesus indien dit sou plaasvind voor sy afsterwe), ontvang die persoon heerlikheid. Hy is dan onberispelik skoon en word vir ewig deel van God se

koninkryk, waar hy God sal sien soos Hy werklik is, en aan God die eer bring vir sy verlossing.

Onderstaande tabel som hierdie proses op.

| Stap | Beskrywing | Teksverwysings | Verantwoor-delikheid |
|---|---|---|---|
| Uitverkiesing | God het voor die grondlegging van die wêreld sekere mense uitverkies om te deel in Sy verlossing | Efesiërs 1:4<br>1 Petrus 1:2 | God |
| Roeping | Tydens sy aardse lewe roep God diegene wat Hy uitverkies het om in Hom te glo | 1 Korintiërs 1:26-31<br>Efesiërs 4:4-5 | God |
| Wedergeboorte | Wanneer God roep, gee Hy ook aan die persoon 'n nuwe hart van vleis wat kan reageer op die roeping | Johannes 3:1-8<br>Esegiël 36:26 | God |
| Bekering | Die wedergeborenes reageer op die roeping deurdat hulle tot bekering kom en na God toe draai | Handelinge 3:19<br>Lukas 13:3 | God en mens |
| Geloof | Bekeerlinge plaas hulle vertroue in Jesus alleen as hulle Verlosser | Galasiërs 2:16<br>Hebreërs 11:1 | God en mens |
| Regverdig-making | Gelowiges word geregverdig (vrygespreek) deurdat hulle skuld op Jesus gelaai word, en Sy geregtigheid (gehoorsaamheid) aan hulle toegereken word | Romeine 3:23-26<br>Romeine 5:16-18<br>Galasiërs 3:23-25 | God |
| Heiligmaking | Gedring deur die Heilige Gees groei gelowiges in heiligheid, deurdat hulle al meer gehoorsaam word aan God se wil | 2 Tess 2:13 (OAV)<br>1 Tess 4:3<br>Hebreërs 12:10 | God en mens |
| Heerlikmaking | In die hiernamaals ontvang gelowiges heerlikheid. Hulle sal vlekloos en skoon wees as deel van God se koninkryk | 2 Korintiërs 4:16-18<br>Kolossense 3:4 | God |


Ons kan dit skematies soos volg voorstel:



# Ou Testamentiese tabernakel

Drie maande nadat God die volk Israel uit Egipte bevry het, arriveer hulle by die berg Sinai. Tydens ‘n groot magsvertoon, verskyn God op die berg en gee aan hulle Sy wet waarvolgens Hy wil hê hulle moet lewe. In Eksodus 25:8-9 lees ons dat God ook aan hulle die opdrag gee om vir Hom ‘n heiligdom op te rig waarin Hy tussen hulle kan woon. Hierdie heiligdom is die tabernakel, en die volk ontvang ‘n detail plan van God oor hoe die tabernakel moet lyk. Hulle moes dit presies volgens hierdie plan bou. In Eksodus 39:32-43 is die tabernakel voltooi, en die skrywer onderstreep herhaalde male dat die volk die tabernakel presies gebou het soos God hulle beveel het. Trouens, Moses het al die werk na die tyd gaan inspekteer en “gesien dat dit gemaak is soos die Here beveel het” (vers 43). Ons sou dus verwag dat daar diepliggende betekenis in die detail van die tabernakel moet wees as dit vir God so belangrik was dat hulle dit presies volgens Sy voorskrifte moes maak. Kom ons bedink dit in meer detail.

## Die tabernakel




Die skets hierbo is ‘n skematiese voorstelling van die tabernakel. Die tabernakel was in totaal ongeveer 50 x 25m groot, en is altyd so opgeslaan dat die ingang aan die oostekant was (Eksodus 27:13). Dit was die middelpunt wanneer die volk kamp opgeslaan het – aan elke kant van die tabernakel het drie stamme kamp opgeslaan (Numeri 2). Die tabernakel was dus die fokuspunt van die hele kamp.

Die tabernakel het uit 3 dele bestaan: Voorhof, Heilige en Allerheiligste. Die lede van die volk wat rein was, het toegang gehad tot die voorhof. Numeri 3:9-10 verduidelik dat die priesters toegang tot die Heilige gehad het, waar hulle die priesterdiens moes verrig. Slegs die Hoëpriester mog in die Allerheilgste ingaan – en dan net eenmaal per jaar op die Groot Versoendag en net as hy bloed saamneem om op die versoendeksel en voor die verbondsark te sprinkel (Levitikus 16).

Wat ons moet raaksien, is die kringe van toenemende vereistes aan heiligheid hoe nader mens aan die Allerheiligste beweeg:


| | |
|---|---|
| Buite die kamp: | Heidense volke |
| Binne die kamp: | Uitverkore volk van God |
| Voorhof: | Lede van uitverkore volk wat rein is |
| Heilige: | Priesters |
| Allerheiligste: | Hoëpriester |

In die tabernakel was daar 6 stukke meublement. Hulle was soos volg gerangskik:

| | |
|---|---|
| Voorhof: | Brandofferaltaar, bronswaskom |
| Heilige: | Lampstaander, tafel met toonbrode, wierookaltaar |
| Allerheiligste: | Verbondsark |

Elkeen van hierdie stukke meublement het destyds in die Ou Testament ‘n spesifieke betekenis gehad. As mens die Nuwe Testament lees, word dit duidelik dat elkeen van hierdie Ou Testamentiese stukke meublement simbool was van ‘n spesifieke aspek van God se verlossingsproses. Weereens is ‘n gedetaileerde bestudering van elke stuk meublement nie die fokus van die huidige studie nie, en ek gee bloot ‘n oorsigtelike opsomming hieronder. Ek behandel die verskillende stukke meublement in die volgorde waarin jy hulle sou raakloop as jy van die ingang van die tabernakel aan die oostekant al verder inloop tot by die Allerheiligste. Bostaande skets dui ook die posisies van die ses stukke meublement aan.

## Brandofferaltaar




Eksodus 27:1-8 leer dat die dimensies van die brandofferaltaar 2.5m x 2.5m x 1.5m was. Dit was van doringhout gemaak en met brons oorgetrek. Op elke hoek van die altaar was daar ‘n horing. Dit het in die voorhof gestaan. Op hierdie altaar is daagliks offers gebring en verbrand. Daar was ‘n verskeidenheid van offers (Eksodus 28:38-46).

Die Nuwe Testament verduidelik op verskeie plekke wat die simboliek was van die offers wat op die brandofferaltaar gebring is:

- 1 Petrus 1:19 beskryf dat gelowiges vrygekoop is deur die bloed van Christus, die vleklose Lam sonder liggamsgebrek wat geslag is.
- Openbaring 5:6 beskryf Jesus as die Lam wat geslag is.
- Hebreërs 10:5 beskryf dat God nie behae gehad het in al die diereoffers wat gebring is in die ou verbond nie, maar juis in Jesus se offer van sy liggaam.

## Bronswaskom:




Die bronswaskom word beskryf in Eksodus 30:17-21. Die Bybel gee nie spesifieke dimensies van die bronswaskom nie, maar ons weet dit het bestaan uit ‘n waskom en ‘n voetstuk, altwee gemaak van brons. Dit het ook in die voorhof gestaan, waarskynlik bietjie nader aan die ingang na die Heilige. Die doel van die bronswaskom was dat Aäron en sy seuns, die priesters, hulle hande en voete hier moes was voor hulle die offers bring of in die Heilige ingaan om hulle dienswerk daar te doen. As hulle dit nie sou doen nie, sou hulle sterf.

Die Nuwe Testament gee ook vir ons duidelikheid oor hoe ons oor die bronswaskom moet dink:

- In 1 Korintiërs 6:11 beskryf Paulus dat gelowiges hulle sondes laat afwas, en so heilig word.
- In Openbaring 7:14 word die groot menigte in die hemel beskryf as die mense wat hulle klere gewas en wit gemaak het in die bloed van die Lam.

## Kandelaar:





Die kandelaar word beskryf in Eksodus 25:31-40. Dit was van een stuk suiwer goud gemaak, en het uit 6 arms en die hoofstam bestaan. Verder was dit versier met 'n verskeidenheid blomkelke, knoppe en blare. Op die punt van elke arm was daar 'n lamp. Die lampstaander het in die Heilige gestaan, teen die suidelike muur. Sy doel was om lig te gee in die Heilige. Dit was die werk van die priesters om die lampe elke oggend en aand te versorg, sodat daar altyd lig sou wees (Eksodus 27:20-21).

Die Nuwe Testamentiese perspektief is soos volg:

- Johannes 1:9 leer dat Jesus die Lig is wat na die wêreld gekom het.
- 1 Johannes 1:7 leer gelowiges moet in die lig wees, soos wat Jesus in die lig is.
- In Openbaring 1:20 word die gemeentes met 'n lampstaander (kandelaar) voorgestel.
- Openbaring 11:3-4 beskryf die twee getuies (wat die kerk is) as twee lampe.
- Fillipense 2:15 beskryf die gelowiges as die ligdraers in die wêreld.

## Tafel met die toonbrode:





Lees Eksodus 25:23-30. Die tafel was 1m x 0.5m x 0.75m. Dit was van doringhout gemaak en met goud oorgetrek. Daar moes altyd brode, twee stapels van ses, op die tafel wees, en dit moes elke sabbatdag vervang word. Dit was Aäron en sy seuns, die priesters, se werk om die brode op die tafel te pak. Hulle mog ook die brood eet op 'n gewyde plek (Levitikus 24:5-9). Die tafel het ook in die Heilige gestaan, maar teen die noordelike muur.

Die Nuwe Testamentiese interpretasie hiervan is:

- Johannes 6:32-33 en 35 leer Jesus is die brood van die lewe
- 1 Korintiërs 11:23-26 leer dat gelowiges tydens die nagmaal van die brood eet wat die liggaam van Jesus verteenwoordig.

## Wierookaltaar:





Die wierookaltaar word beskryf in Eksodus 30:1-10. Sy dimensies was 0.5m x 0.5m x 1m. Dit was ook van doringhout gemaak en met goud oorgetrek en het reg voor die voorhangsel (dus die ingang na die Allerheiligste) gestaan. Die priesters moes elke oggend en aand wierook op die altaar verbrand, en 1 maal per jaar tydens die Groot Versoendag moes die hoëpriester ook bloed aan die horings van die altaar smeer.

Die Nuwe Testament leer ons die volgende:

- Openbaring 8:3-4 beskryf dat die gebede van gelowiges saam met wierook, wat op hierdie altaar geoffer word, voor God opstyg.

## Verbondsark:




Eksodus 25:10-22 beskryf die verbondsark. Die verbondsark was ‘n kis van 1.25m x 0.75m x 0.75m. Dit was ook van doringhout gemaak en met goud oorgetrek. Binne-in was die getuienis wat op die twee klippe geskryf was (m.a.w. die wet van God), ‘n kruik met manna en Aäron se kierie wat gebot het. Bo-op die ark was die versoendeksel van goud, netso groot as die ark self, en daarbo-op twee gerubs. Die gerubs se gesigte was na binne en hulle het afgekyk na die versoendeksel. Hulle vlerke was oopgesprei voor hulle. Dis hier waar God met Moses gepraat het tydens hulle tog deur die woestyn op pad na die beloofde land, en ook hier wat die hoëpriester een maal per jaar kom versoening doen het op die Groot Versoendag. Dit was die enigste item in die Allerheiligste. Jesaja 66:1 beskryf dat God se troon in die hemel is, terwyl die aarde die voetbank vir Sy voete is – ek dink ons moet dink aan die verbondsark as God se voetbank.

In die Nuwe Testament lees ons:

- Volgens Openbaring 11:19 het Johannes die tempel in die hemel ge-open gesien en die verbondsark was sigbaar.

## Simboliek van die Ou Testamentiese tabernakel

Hebreërs maak dit telkens duidelik dat die tabernakel van die Ou Testament maar net ‘n skadu was van iets beters wat sou kom. In Hebreërs 8:1-2 lees ons dat Jesus bedienaar is van die ware verbondstent (i.e. tabernakel) wat deur God opgerig is, en nie deur mense nie. Die tabernakel wat ons hierbo beskryf het, was deur mense opgerig – en is gevolglik nie die ware verbondstent nie. Hebreërs 9:23-24 gaan sover as om die Ou Testamentiese tabernakel te beskryf as bloot ‘n namaaksel van die ware een.

Wel, hoe moet ons dit verstaan?

Kom ons vergelyk God se verlossingspad, wat ons hierbo beskryf het, nou met die verskillende aspekte van die tabernakel soos wat jy hulle sou raakloop as jy die tabernakel vanuit ‘n oostelike rigting sou benader en aanhou loop tot jy in die Allerheiligste is.

God se verlossingspad begin met die uitverkiesing. Almal wat uitverkore is, is deel van die ware Israel. As jy die tabernakel van ver af sou nader, is die eerste wat jy raakloop die fisiese kamp van God se uitverkore volk. Dus, as iemand ‘n uitverkorene is, beteken dit hy woon nie daar ver buite die kamp nie. Die uitverkiesing beteken hy woon iewers naby, rondom die tabernakel.

Die volgende verlossingsstappe is wedergeboorte, roeping, bekering en geloof. Iewers gedurende sy aardse lewe, roep God die uitverkorene. God werk ook die wedergeboorte in sy hart, en dus kom die uitverkorenes tot bekering en geloof. In die simboliek van die tabernakel beteken dit hy bly nie buite die tabernakel nie. Iewers kom hy in – deur daardie opening aan die oostekant. Hy kom tot in die voorhof, en word deel van die tabernakel! Onthou wat leer 1 Korintiërs 3:9b leer: Julle is die gebou van God! (OAV)

Sodra iemand tot geloof kom, verklaar God hom regverdig. Dit word afgebeeld met wat in die voorhof gebeur. Die eerste meublement wat die bekeerling raakloop is die brandofferaltaar waar die offers gebring word. Nou verstaan ons hierdie offers het vooruit

gewys na daardie offer wat Jesus tydens Sy lewe hier op aarde gebring het toe Hy as die Lam geslag is. Let op, die bekeerling word nie self geoffer nie. Nee, daar is 'n plaasvervangende offer. Destyds was dit die diereoffers in die plek van die volk, en nou is dit Jesus in die plek van die gelowige. Soos die gelowige verder vorder in die voorhof, kom hy by die bronswaskom – en dis hier wat hy skoon gewas word in die bloed van die Lam. Dis tog die inhoud van regverdigmaking: die gelowige se sondes aan Jesus toegereken (daar waar Hy op die brandofferaltaar die volmaakte offer gebring het), en Jesus se geregtigheid aan die gelowige toegereken (hier by die bronswaskom, waar hy sy klere wit was in die bloed van die Lam). Nou is hy geregverdig! Soos die priesters in die Ou Testament, kan hy nou in die Heilige ingaan. Trouens, nou is hy 'n priester (1 Petrus 2:9, Eks 19:5-6).

Die volgende stap in God se verlossingsproses is heiligmaking. Dit word gesimboliseer deur dit wat in die Heilige gebeur.

- Teen die suidelike muur is daar die kandelaar wat deur die priesters, d.w.s. die gelowiges wat regverdig verklaar is, versorg moet word. Jesus is die Lig vir die wêreld, en hulle, die geregverdigde gelowiges, is ligdraers. Let op: Enersyds mag hulle hulle verlustig in die Lig wat skyn. Andersyds is dit hulle verantwoordelikheid om die lampe oggend en aand te versorg sodat die Lig skyn, en hulle is boonop kandelaars. Gelowiges moet dus gereeld (oggend en aand) wandel in die Lig, sodat hulle gevoed word daardeur. Onthou, Jesus is die Lig. Jesus is ook die Woord. Hulle moet dus daagliks gevoed word deur die Woord. Maar hulle moet ook toesien dat die Lig skyn. Hulle is dus ook verantwoordelik dat die Woord bedien word.
- Teen die noordelike muur staan die tafel met die toonbrode. Dis die geregverdigde gelowiges se verantwoordelikheid om elke week die brode te vervang – maar hulle mag dit ook eet. Jesus is die ware brood van die lewe. Hulle word gevoed, maar moet ook toesien dat die brood beskikbaar is. Natuurlik word hulle gevoed elke keer as hulle die Woord lees (Jesus is immers die Woord). Maar hulle word ook besonderlik gevoed as hulle die brood eet tydens die nagmaal.
- Teen die westekant, reg voor die voorhangsel, staan die wierookaltaar. Dis die geregverdigde gelowiges se taak om elke oggend en aand wierook op die altaar te brand, waarvan die geur deur die voorhangsel trek tot voor God se troon in die Allerheiligste. Hulle moet volhard in gebed!

Ons sien drie genademiddels: die Woord, die sakrament en gebed. Is dit nie dié genademiddels wat ons gereeld moet gebruik op ons pad van heiligmaking nie?

Die laaste stap in God se verlossing is heerlikmaking. Dit word afgebeeld deur die simboliek van die Allerheiligste. Heerlikmaking is heiligmaking voltooi. Dit beteken hierdie priesters, die geregverdigde gelowiges, is nou perfek. Hulle is heilig. In Efesiërs 5:26 lees ons Jesus het die kerk (i.e. hierdie priesters) met die water (in die bronswaskom) en die Woord (die Lig en die brode) gereinig. Die doel hiermee is dat Hy die kerk wat nou sonder vlek of rimpel is, in die volle heerlikheid by Hom kan neem. Waar is Jesus tans? Onthou, Hy het eenmalig van die bloed van die eenmalige offer wat Hy op die brandofferaltaar gebring het, as die ware Hoëpriester (soos die aardse hoëpriester op die Groot Versoendag), in die Allerheiligste ingeneem. En toe Hy dit gedoen het, het die voorhangsel in die tempel van bo na onder geskeur. Hy is reeds in die Allerheiligste. Nou, sê Paulus, wil Jesus hierdie geregverdigde en geheiligde priesters in heerlikheid by Hom neem – daar in die Allerheiligste, daar waar God se troon is, daar waar hulle God sal sien soos Hy werklik is (1 Johannes 3:2).

In 1 Konings 6:20 lees ons dat die Allerheilgste in die tempel van Salomo die volgende dimensies gehad het: 10m x 10m x 10m – dus 'n kubus. In Openbaring 21:16 lees ons dat die Nuwe Jerusalem (wat die Bruid is, en dus die heerlikgemaakte priesterdom is) ook

beskryf word as ‘n kubus: 12 000 x 12 000 x 12 000km. Met hulle heerlikmaking gaan die priesters die Allerheilgste binne!

Onthou hoe Petrus die gelowiges beskryf in 1 Petrus 2:9:

> Julle, daarenteen, is ‘n uitverkore volk, ‘n koninklike priesterdom, ‘n nasie wat vir God afgesonder is (‘n heilige volk – OAV), die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

Sien tog die simboliek van die Ou Testamentiese tabernakel in hierdie vers raak:

| | |
|---|---|
| Uitverkore volk: | Woon rondom die tabernakel |
| Priesterdom: | Gewas in die bronswaskom, in die bloed van die Lam wat op die brandofferaltaar gesterf het |
| Heilige volk: | Geheilig deur gebruik van die genademiddels in die Heilige – Lig, brood, gebed |
| Wat die verlossingsdade moet verkondig: | Priesters wat die lampe moet versorg, die brode moet pak, wierookoffers moet bring |
| Uit die duisternis geroep het na Sy wonderbare lig: | Geroep van buite die tabernakel (duisternis) tot in die Lig (in die Heilige) – en met die vooruitsig op toegang tot die Allerheiligste! |

In Hebreërs 10:19-20 lees ons:

> Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op ‘n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam.

Gelowiges het deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom – dis presies wat ons gesien het: Diegene wat tot bekering en geloof gekom het is reeds geregverdig (in die voorhof) en is tydens hulle lewens hier op aarde op die pad van heiligmaking (dus in die Heilige) en het die versekering dat hulle in die hiernamaals by Jesus sal wees in heerlikheid – in die Allerheiligste!

Die Hebreërskrywer sê die toegang tot hierdie heiligdom is langs ‘n nuwe weg, ‘n weg wat na die lewe lei, ‘n weg wat deur Jesus gebaan is deur die voorhangsel heen. Kom ons dink oor elkeen van die elemente van hierdie weg. Ons begin met die laaste beskrywing: Is Jesus werklik die inhoud van hierdie weg wat ons beskryf sien deur die voorhof en die Heilige tot in die Allerheiligste? Wel, Jesus is die Lam wat op die brandofferaltaar geoffer is. Dit is in Jesus se bloed in die bronswaskom dat die gelowiges skoon gewas word. Jesus is die Lig van die kandelaar, en die brood op die tafel met die toonbrode. Openbaring 8:3-4 beskryf dat die gebede van die gelowiges saam met die wierook opstyg voor God se troon. Ek is oortuig die wierook wys na Jesus as Voorspraak by die Vader wanneer gelowiges bid (Romeine 8:34). En, natuurlik is die verbondsark simbool van Jesus, en dit is Sy bloed wat gesprinkel is op die versoendeksel. Jesus is voorwaar die inhoud van elke stap op hierdie weg! En dit strek deur die voorhangsel heen tot in die Allerheilgste! Is dit ‘n weg wat na die lewe lei? Ja, natuurlik – dit lei na die ewige lewe in God se teenwoordigheid.

Ek vind hierdie simboliek van die tabernakel doodeenvoudig verstommend. Dis g’n wonder God was so besorgd dat hulle dit presies moet maak soos wat Hy beveel het nie. Hy wil hê dat ons goed moet verstaan hoe Sy verlossingsproses funksioneer. Nie net hang ons ewigheidsbestemming daarvan af nie, maar ten diepste is Sy eer op die spel en, soos wat

ons hieronder sal sien, niks minder as die realisering van God se doel met die ganse skepping nie.

Is dit ‘n nuwe weg? Dit is hier waar ons terugkeer na ons oorspronklike studie oor Genesis 2 en die tuin van Eden. Ek is oortuig wat God aan ons openbaar in Genesis 2 is ‘n beskrywing van die ou weg. Lees verder om dit te verstaan.

# Tuin van Eden

## Beskrywing van die tuin van Eden

Ons begin deur te besin oor die detail wat God aan ons openbaar rakende die tuin van Eden in Genesis 2:8-17.

Vers 8 maak dit baie duidelik dat God die tuin in Eden geplant het. Wat ons moet raak sien is die naam wat gebruik word: Here God. In Genesis 1 word telkens na God verwys as God, in Hebreeus Elohim. Maar in Genesis 2 word deurgaans na God verwys as Here God, in Hebreeus Jahwe, d.w.s. die Verbondsgod. Hier is dus ‘n klemverskuiwing wat plaasvind. Genesis 1 beskryf vir ons God se handelinge as die soewereine, almagtige Skepper, terwyl Genesis 2 die klem laat val op die handelinge van die Verbondsgod. Uit die res van die Bybel is dit duidelik dat God se verbond wys na hoe Hy met mense werk. Ons sou dus verwag dat die klem in Genesis 2 baie meer sal val op interaksie tussen die Verbondsgod en die mens as Sy skepsel. Dit is presies wat mens opval as jy deur Genesis 2 lees.

Let daarop dat die tuin in Eden aangelê is.  Wat ook duidelik is in vers 8 is dat die Here God die tuin aangelê het vir die mens. Dit is waar Adam en Eva gewoon het. Die tuin is dus slegs ‘n gedeelte van die aarde, wat God spesiaal aangelê het vir die mens om in te woon. Rondom die tuin van Eden is die res van die wêreld.

In die tuin was daar baie bome (vers 9). Hierdie bome het ‘n spesifieke doel gehad: hulle was mooi om na te kyk, en ook lekker om van te eet. Boonop was daar twee spesiale bome: die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van kennis van goed en kwaad. Verse 16 en 17 beskryf dat Adam mog eet van al die bome in die tuin, selfs van die boom van die lewe, maar dat hy nie mog eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie – as hy dit sou doen, sou hy sekerlik sterwe.

Daar het ook ‘n rivier in Eden ontspring. Hierdie rivier het weereens ‘n spesifieke doel: Dit moes eers die tuin nat maak, voordat dit in vier riviere verdeel het. Die name van hierdie vier riviere word genoem. Hulle is die Pison, Gihon, Tigris en die Eufraat. Ons lees ook van drie streke waarom hierdie vier riviere vloei: Gawila, Kus en Assirië. (Verse 10-14)

Spesifieke melding word ook gemaak dat daar goud, balsem en oniks was (vers 11 en 12).

Uit Genesis 3:23-24 blyk dit dat die ingang na die tuin van Eden aan die oostekant was. Nadat Adam en Eva in sonde geval het, stuur God hulle uit die tuin uit, en Hy plaas gerubs aan die oostekant om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

Die Here God het Adam en Eva met ‘n spesifieke doel in die tuin geplaas. Sy verwagting was dat hulle die tuin moet bewerk en bewaak (vers 15, OAV). Dit is belangrik om die opdrag wat God gee met betrekking tot die tuin te vergelyk met die opdrag wat Adam in Genesis 1:28 ontvang het met betrekking tot die aarde. Onthou: die aarde en die tuin is nie dieselfde plek nie. Voor die sondeval woon hulle in die tuin. Na die sondeval word hulle uit die tuin uitgedryf in die res van die aarde in. **Hulle moet die tuin bewerk en bewaak, teenoor hulle moet die aarde onderwerp.** Daar is ‘n definitiewe verskil tussen “bewerk en bewaak” en “onderwerp”. Die term “bewerk” het die betekenis dat Adam die tuin in stand moet hou. Die paradys omgewing waarin hulle woon, moet so gehou word. Hulle moet dit

voortdurend bewerk om sy paradys eienskappe te behou. Dit sluit aktiwiteite in soos om die bome nat te lei of dit te snoei. “Bewaak” beteken die tuin moet beskerm word teen aanslae – heelwaarskynlik van buite die tuin af. Dink maar aan Genesis 3. Die slang, ‘n gevalle bose engel, kom in die paradys in. Die Here God se verwagting was dat Eva, en Adam, hom suksesvol moes teenstaan en uit die tuin dryf. Die term “onderwerp” beteken iets heeltemal anders. Die res van die aarde moes deur Adam en Eva onderwerp word. Die Here God se verwagting was dat Adam en Eva hierdie paradys omgewing waarin hulle nou woon, moes uitbrei tot dit die hele aarde vul! Onthou as hulle op die ou end deur God uit die tuin gedryf word – wat wag vir hulle daarbuite? Dorings en dissels. God se verwagting was dat hulle die aarde paradys sal maak deur die aarde te onderwerp – in parallel met hulle opdrag om intussen die tuin te bewerk en bewaak.

## Ooreenkomste tussen die tuin van Eden en die tabernakel

As ons die tuin van Eden vergelyk met die Ou Testamentiese tabernakel is daar verskeie ooreenkomste wat uitstaan:

Beide die tuin en die tabernakel ontstaan as gevolg van God se inisiatief. Hy lê self die tuin aan, en Hy gee die opdrag aan die volk by Sinai om die tabernakel te bou.

Ons het hierbo gesien dat God besorgd was dat die volk die tabernakel presies moes bou volgens Sy voorskrifte. Dit is insiggewend om Genesis 1:31 te vergelyk met Eksodus 39:42-43. In Genesis 1:31 kyk God na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. In Eksodus 39:42-43 inspekteer Moses die tabernakel krities om seker te maak alles is gemaak soos God dit beveel het. Hy sien dat dit wel die geval is! God is absoluut daarop gesteld dat beide die skepping, insluitend die tuin, en die tabernakel presies is soos Hy dit wou hê. Met die tabernakel het ons gesien God was so gesteld hierop aangesien Hy dit wil gebruik om Sy verlossingsproses te demonstreer. Ons sou nou verwag dat daar dus ook ‘n dieper betekenis agter God se skepping is (soos al hierbo aangedui het), en ook agter die tuin van Eden.

As ons die items wat in die tuin van Eden was, vergelyk met die items wat in die tabernakel was, sien ons die volgende:

In die tuin was die boom van die lewe. Ons lees in Genesis 3:23 as Adam en Eva daarvan sou eet, sou hulle vir ewig lewe. In die tabernakel was die kandelaar. Dit was versier met blomkelke, blomknoppe en blare, en het dus herinner aan ‘n boom. Hierdie kandelaar met die sewe arms gee dié Lig, wat heenwys na Jesus. In Hom is daar Lewe. Eet van die boom van die lewe, en jy sal ewig lewe. Glo in Jesus, dié Lig, en jy sal ewig lewe. Daar is dus ‘n ooreenkoms tussen die boom van die lewe in die tuin en die kandelaar in die tabernakel.

In die tuin was die boom van kennis van goed en kwaad. Hierdie boom sou vir Adam en Eva die kennis gee van goed en kwaad. Tot nou toe het hulle nog net die goedheid van God en sy skepping ervaar. Maar as hulle sou eet van hierdie boom, sou hulle teen Sy wil optree, en sou dit die toorn van God ontketen. Hulle sou ervaar wat kwaad is, en wat die gevolge daarvan is. Watter item in die tabernakel het die volk geleer wat is goed en wat is kwaad? Natuurlik die wet van God – daar in die verbondsark in die Allerheiligste!

In Eden was daar ‘n rivier, wat eers die tuin benat het en dan uit gevloei het na die omliggende streke: Gawilla, Kus en Assirië. Weliswaar was daar nie in die tabernakel ‘n rivier nie. Maar kom ons lees Esegiël se tempelvisioen in Esegiël 47:1-12. Hier is wel ‘n rivier wat uit die tempel vloei na die omliggende streke tot in die Dooie See – en sover as wat dit gaan skep dit lewe. Op sy walle staan daar vrugtebome wat elke maand vrugte dra – en hulle blare bring genesing. Kyk ook na Openbaring 22:1-2 waar ons ‘n beskrywing het van

die nuwe Jerusalem. Hier is ook 'n rivier wat van die troon van God (die Tabernakel is tog waar God se troon is) af uitvloei, en op sy walle staan die boom van die lewe wat elke maand vrugte dra, en waarvan die blare genesing bring. In beide Esegiël en Openbaring is daar dus 'n rivier met water van die lewe, en die boom van die lewe wat daarmee geassosieer word. Netso, dink aan die tabernakel: daar is die lampstaander wat die boom van die lewe simboliseer. Boonop is daar die tafel met die toonbrode – wat na die brood van die lewe wys. Ek erken, dit is nie presies dieselfde as 'n rivier nie – maar die betekenis van die water van die lewe of die brood van die lewe is tog dieselfde. Altwee het Jesus as inhoud. Let ook op hoe in Eden die rivier eers die tuin benat, en dan vloei na die res van die wêreld. Netso het die kandelaar eers die Heilige lig gegee, maar Jesus, en ons, is die lig vir die wêreld. Die brood van die lewe is tog sekerlik primêr vir die gelowiges in die Heilige, maar moet ook aangebied word aan die wêreld daarbuite.

In die tuin was daar goud. Al die meublement in die Heilige en die Allerheiligste was van goud of met goud oorgetrek. Daarteenoor, in die voorhof was daar nie goud nie – die brandofferaltaar en bronswaskom was van brons of met brons oorgetrek.

In die tuin was daar oniks. Lees Eksodus 28:9-12. Hieruit is dit duidelik dat die hoëpriester op elke skouer 'n oniksteen gedra het, waarop die name van die 12 stamme van Israel gegraveer was om God aan hulle te herinner.

In die tuin was daar balsem. Volgens Eksodus 25:6 is balsem juis gebruik vir die salfolie waarmee die priesters en die tabernakel gewy is, asook vir die wierookoffers wat op die wierookaltaar in die Heilige verbrand is.

Die ingang van beide die tuin van Eden asook van die tabernakel was aan die oostekant.

Wanneer God Adam en Eva uit die tuin stuur na die sondeval, plaas Hy gerubs by die ingang om die toegang tot die tuin, en veral tot die boom van die lewe, te bewaak. In die tabernakel was gerubs geborduur op die voorhangsel wat die toegang tot die Allerheilgste moes bewaak.

In Genesis 3:8 lees ons dat God in die tuin gewandel het om met Adam en Eva te praat. In Eksodus 40:34 lees ons dat die heerlikheid van God die tabernakel gevul het toe dit voltooi is. Dit was juis in die tabernakel dat God met Moses gepraat het.

Adam moes die tuin bewerk en bewaak. Die priesters moes in die heiligdom werk: hulle moes die lampe versorg, elke oggend en aand wierookoffers bring, en weekliks die toonbrode vervang. Dis die ekwivalent van Adam wat die tuin moes bewerk. Boonop moes die priesters die heiligdom bewaak soos Adam met die tuin. (Lees Numeri 18:1 en 7). Duidelik was Adam in 'n priesterrol. Hou verder in gedagte dat hy ook die aarde moes onderwerp en daaroor moes heers (Genesis 1:28), en dit word kristalhelder dat Adam 'n priester-koning was – soos wat God die volk beskryf in Eksodus 19:5-6, en die kerk beskryf in 1 Petrus 2:9!

## Verskille tussen die tuin van Eden en die tabernakel

Daar is egter ook belangrike verskille tussen die tuin van Eden en die tabernakel. Ons het hierbo gesien dat daar elemente in die tuin was wat ooreenstem met al die meublement in die Heilige (kandelaar, tafel met die toonbrode en die wierookaltaar). Verder is daar ooreenkoms tussen die boom van die kennis van goed en kwaad en die wet wat in die Allerheilgste was. Maar ons het niks in die tuin van Eden gesien wat die ekwivalent was van die brandofferaltaar of bronswaskom nie. Daar was dus nie 'n voorhof nie. Hoekom nie? Want dit was nie nodig nie – daar was nog geen sonde nie! Dit verduidelik ook hoekom God Adam en Eva uit die tuin jaag as hulle sondig. Hulle gaan nou van buite af deur die voorhof

moet inkom, waar Jesus vir hulle sondes geoffer sou word, en hulle skoon gewas sou word in Sy bloed, voordat hulle weer as priesters die Heilige mag betree en weer kan eet van die boom van die lewe!

Maar daar is nog iets wat ook ontbreek in die tuin van Eden, wat wel in die tabernakel was: In die tabernakel was die wet binne in die verbondsark. Boonop, bo-op die verbondsark was die goue versoendeksel. Eksodus 25:17 beskryf die versoendeksel was presies so groot soos die verbondsark. Dis juis op die versoendeksel wat die hoëpriester op die Groot Versoendag die bloed moes sprinkel. Daarbo was die gerubs waartussen die heerlikheid van God verskyn het. Dit was effektief die troon van God (of ten minste die rusbank vir Sy voete – Jesaja 66:1).

Dink oor die simboliek van hierdie opstelling: As God van bo-af kyk, kan God net die wet sien deur déúr die versoendeksel (met die bloed van die Lam daarop gesprinkel) tot binne in die verbondsark (wat Jesus self is) te kyk. Dit simboliseer dat as iemand skoon gewas is in die bloed van Christus (op die versoendeksel), en met Christus se geregtigheid wat aan hom toegereken is, kan God hom maar meet aan Sy wet!

Maar dink aan die arme Adam en Eva in die tuin: hulle het ‘n wet (gesimboliseer deur die boom van kennis van goed en kwaad) sonder ‘n versoendeksel met bloed daarop, en sonder ‘n volmaakte Verlosser wat die wet volledig in hulle plek sou onderhou! Hulle was op hulle eie! Hulle moes hulle eie geregtigheid verdien! Hulle was in ‘n werksverbond met God! Hulle moes nie net die tuin (i.e. die heiligdom) bewerk en bewaak nie, hulle moes boonop die hele aarde gaan onderwerp! Hulle – op hulle eie! Een misstap – selfs al was dit so eenvoudig as om te eet van die een boom waarvan hulle nie mog eet nie – dan is die heiligdom ontwy – en hulle eindig buite die tuin van Eden, tussen die dorings en die dissels. En die gerubs word opgestel om toegang tot die boom van die lewe te bewaak!

Hierdie werksverbond tussen God en Adam waarvolgens Adam sy eie geregtigheid voor God moet uitwerk deur perfekte gehoorsaamheid aan al God se opdragte, is die ou weg. Dit is ‘n weg wat na die lewe kan lei – op voorwaarde Adam is perfek gehoorsaam tot al sy opdragte suksesvol voltooi is. Dit kan egter ook ‘n weg wees wat na die dood lei – indien hy iewers ongehoorsaam is. Genesis 3 verduidelik dat Adam wel ongehoorsaam was. En daarom is daar noodsaak aan ‘n nuwe lewende weg om weer toegang, en boonop <u>vrye</u> toegang, tot die heiligdom te verkry! Maar die keer toegang tot ‘n heiligdom agter ‘n voorhof, waar die bloed van die Verlosser gevloei het op die brandofferaltaar en die gelowige skoon gewas is in die bronswaskom, met die verwagting om in die Allerheiligste te eindig waar die eenmalige Hoëpriester alreeds ingegaan het met bloed wat op die versoendeksel gesprinkel is. Dis die nuwe lewende weg waarvan Hebreërs 10:19-20 getuig.

Genesis 3 beskryf ook dat God ‘n genadeverbond instel in plaas van die werksverbond. As deel van hierdie genadeverbond beloof Hy om Een uit die nageslag van die vrou te stuur wat die kop van die slang sal vermorsel. Soos wat hierdie genadeverbond ontwikkel deur die loop van die Bybelgeskiedenis, word dit al meer duidelik dat hierdie Een die verantwoordelikhede van Adam sou oorneem deur geregtigheid te verdien wat Hy dan aan die gelowiges sal toereken. Al die onsekerheid van of Adam dalk een of ander tyd ongehoorsaam sal wees, verdwyn, want hierdie Een sal perfek gehoorsaam wees en perfekte geregtigheid bewerk.

Verstaan jy dat ons wat in die laaste dae leef, reeds in ‘n baie beter situasie is as wat Adam en Eva voor die sondeval in die tuin van Eden was? Hulle was as priester-konings in die Heilige – maar op pad na die Allerheiligste op eie verdienste waar toegang alleen verkry kon word deur eie volmaakte gehoorsaamheid aan God. Ons is ook priester-konings – ook in die

Heilige, maar ‘n Heilige agter ‘n Voorhof met ‘n brandofferaltaar en ‘n bronswaskom. Ons is ook op pad na die Allerheiligste – maar die keer een met die wet binne ‘n verbondsark en onder ‘n versoendeksel met bloed van die Verlosser wat vir ons geregtigheid en vrye toegang bewerk het, daarop, langs die nuwe lewende weg!

# God se openbaring aan die mensdom in Genesis 1 en 2

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n geïntegreerde standpunt te vorm van God se openbaring aan die mensdom in Genesis 1 en 2.

## Ander Skeppingsverhale:

Ons aanvaar Moses was die menslike outeur van Genesis. Daar was in Moses se tyd reeds 'n verskeidenheid ander skeppingsverhale in omloop. Meeste van hierdie verhale is geskryf in die derde millennium voor Christus, en dus voor Moses gelewe het. 'n Mens sou dus verwag dat Moses, gelei deur die Heilige Gees, die Genesis skeppingsverhale so sou skryf dat dit vir sy tydgenote nuttig sou wees om te verstaan waar hierdie ander skeppingsverhale tekort skiet.


Daar is, tot 'n mate, ooreenkomste tussen hierdie ander verhale en Genesis 1 en 2. In hierdie verhale is daar tipies ook 'n god of gode wat orde in chaos bring. Melding word ook gewoonlik gemaak van hoe hierdie god die mens gemaak het, byvoorbeeld die god meng sy bloed of spoeg met klei waaruit die mens dan voortkom.

Dit is egter meer insiggewend om na die verskille tussen Genesis 1 en 2 en hierdie verhale te kyk: In baie van hierdie verhale is daar een of ander stryd aan die gang tussen die gode wanneer die skepping plaasvind. Daarteenoor, in Genesis, is daar geen vorm van stryd nie. God alleen is soewerein, rustig dog doelgerig, besig met Sy skeppingswerk. Die ander skeppingsverhale dui ook telkens aan wie kwansuis verantwoordelik sou wees vir die skepping. Voorbeelde is Baäl, Atum, Re of een of ander afgod. Daarteenoor is Genesis klinkklaar duidelik dat dit God self is. Die ander skeppingsverhale bevat gewoonlik ook inligting oor die ontstaan van die spesifieke god wat nou besig is om te skep. In Genesis word daar niks oor God se ontstaan gesê nie – God is ewig! Die Genesis skeppingsverhaal is verder uniek in die sin dat God die mens skep uit stof en Sy eie asem in hulle blaas.

Teenoor wat in hierdie ander verhale vertel word, is die boodskap van die Bybel duidelik: God is die soewereine Skepper. Niemand het Hom daartoe gedwing nie. Hy het dit self geïnisieer. Daar is boonop doelmatigheid in God se skepping, en die hoogtepunt is die skepping van die mens, in wie God Sy eie asem blaas! God het hoë verwagtinge van hierdie mens.

## Kosmologiese Model in Genesis

John Walton beskryf in sy boek "The lost world of Genesis One" die beperkte en verwronge kosmologiese model wat die mense destyds gehad het. Hulle het byvoorbeeld nie geweet sterre is sonne nie. Hulle het nie geweet die aarde is rond en beweeg deur die ruimte nie, of dat die son verder as die maan, of selfs verder as die voëls wat in die lug vlieg, is nie. Hulle het geglo die uitspansel/hemel was solied en sterk genoeg dat God daarbo kon woon en ook om water te kan terughou tot dit reën. Die skets hiernaas som hulle model op.




Hier is die belangrike punt: Alhoewel hulle begrip van die kosmos so gebrekkig was, het God nie Genesis 1 en 2 gebruik om hulle kosmologiese model te korrigeer nie. Dit was nie die

doel van God se kommunikasie aan hulle nie. God wou hulle nie primêr leer hoe die heelal inmekaar steek nie (dit moet hulle self uitwerk deur te heers oor Sy skepping) – nee, God wou binne die beperkings van hulle destydse kosmologiese model sekere aspekte van Homself en Sy doel met die skepping aan hulle oordra. God is meer besorgd daaroor dat hulle dit sal verstaan, eerder as om te verstaan hoe die kosmos werk.

Ons moet verstaan dat alhoewel die Bybel baie (akkurate) geskiedkundige feite bevat, is dit nie primêr ‘n geskiedenis handboek nie. Alhoewel dit baie aardrykskundige feite bevat, is dit nie primêr ‘n atlas nie. Netso, alhoewel dit natuurwetenskaplike stellings bevat, is dit nie primêr ‘n wetenskap handboek nie. Die Bybel is primêr ‘n teologiese boek waarin God homself, Sy doel, plan, handelinge en verwagtinge aan die mensdom kommunikeer. Dit is ook waar van Genesis 1 en 2.

## Verband tussen die twee Genesis skeppingsverhale

Ons het reeds gesien dat daar twee skeppingsverhale is in Genesis 1 en 2. Wat is die verband tussen hierdie twee beskrywings van die skeppingsgebeure? Ons het reeds gesien dat Genesis 1:1-2 vertel dat God in die begin die hemel en aarde geskep het, en die resultaat daarvan was dat die aarde donker, woes en leeg was. Die res van Genesis 1 beskryf dan dat God die aarde gereed maak vir lewe om te kan bestaan, en God skep die eerste lewens. Waar pas Gen 2:4-25 in hierdie skeppingsgebeure? Genesis 1:27 maak spesifiek melding van die feit dat God op dag 6 die mens geskep het – en wel as man en vrou. In Gen 2:4 en verder word die verhaal vertel van hoe eers Adam geskep is, daarna het God die tuin aangelê waar Adam kon woon, dan verklaar God dat dit nie goed is dat Adam alleen is nie en hy kry die opdrag om aan al die diere name te gee. Adam vind egter nie onder die diere vir hom ‘n helper wat by hom pas nie. Dit lei daartoe dat God Eva skep uit Adam se ribbebeen. Genesis 2 dek dus die gebeure vanaf Adam se skepping tot Eva se skepping – wat dus impliseer dit is ‘n meer gedetailleerde beskrywing van ‘n gedeelte van dag 6.

Hoekom doen God dit op hierdie wyse? Wel, ons het gesien dat twee verskillende name vir God gebruik word in die twee verhale. In Genesis 1 word God beskryf met die naam God (Hebreeus: Elohim), terwyl Genesis 2 Hom beskryf as die Verbondsgod (Hebreeus: Jahwe). Die res van die Bybel beskryf God se **verbondshandelinge** met die mensdom. Dit is dus net logies dat God bo en behalwe die feit dat Hy die Skepper is (Genesis 1), ook in meer detail wil openbaar hoe Hy met mense werk as die Verbondsgod (beginnende in Genesis 2).

## Skep en val van die duiwel

Ons weet die duiwel is ‘n engel (2 Korintiërs 11:14, Efesiërs 6:11-12, Matteus 12:24), en alle engele is natuurlik skepsels van God. Genesis 1 en 2 maak egter geen melding van die skepping van die engele nie, ook nie van die duiwel nie. Ons weet ook dat die duiwel ‘n gevalle, bose engel is wat teen God in opstand gekom het.  Genesis 1 en 2 maak egter ook nie melding van die val van die duiwel nie. Wat ons wel weet is dat sy val voor Genesis 3 moes plaasgevind het, siende dat dit juis die duiwel is wat Eva verlei om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Die duiwel het dus voor Adam en Eva geval.

In Johannes 8:44 lees ons die duiwel was van die begin af ‘n moordenaar. 1 Johannes 3:8 vertel: “die duiwel hou van die begin af aan met sondig”. Ek is oortuig dit suggereer dat die duiwel (en alle engele?) vroeg geskape was, en dat die duiwel ook al vroeg geval het – waarskynlik al voor Genesis 1:3. Dit verklaar hoekom God tydens die skeppingsweek (voor die sondeval) al aan Adam en Eva die opdragte gee om die aarde te onderwerp, en die tuin te bewaak. Die duiwel was reeds aktief op die aarde. Adam moet dus die tuin teen die

invloed van die duiwel bewaak en ook die aarde onderwerp aan die gesag wat hy as God se verteenwoordiger op aarde ontvang het.

## Genre van Genesis 1 en 2

As ons die Skrif verantwoordelik wil interpreteer, is dit belangrik dat ons die genre (tipe literatuur) van die gedeelte waarmee ons besig is, begryp. 'n Groot gedeelte van die Bybel is geskiedkundige verhale (oftewel narratiewe of prosa) – dink maar aan die res van Genesis, of boeke soos Samuel of Konings. Ander genres in die Bybel sluit in: poësie (bv. Psalms), wysheidsliteratuur (bv. Prediker), profesieë (bv. Jesaja), briewe (bv. Romeine) of eskatologie (bv. Openbaring). Die vraag is watter tipe genre is Genesis 1 en 2?

Enige verantwoordelike studie oor die boek Genesis lig die teenwoordigheid van die sogenaamde "toledots" uit wat versprei is deur die boek. 'n Toledot is 'n stelling soos: "Hier volg die geskiedenis van…" of "Hier volg die verhaal van…". Voorbeelde hiervan is Genesis 2:4, 5:1, 6:9 en nog ander. Telkens lei die toledot die volgende gedeelte van die boek in. Vir ons studie is die eerste toledot in Genesis 2:4 relevant. As ons die voorbeeld volg van al die ander toledots in Genesis, moet dit impliseer dat die stelling in Genesis 2:4 "Dit dan is die geskiedenis van die hemel en aarde toe hulle geskep is" verwys na die res van Genesis 2, en nie na Genesis 1:1-2:3 nie. Dit is die rede hoekom meeste vertalings 'n breek maak voor vers 4 (die NAV is 'n uitsondering, en skep die indruk hierdie stelling verwys na die voorafgaande gebeure). Dit sou dus net logies wees om Genesis 2:4 en verder te aanvaar as geskiedenis (of 'n narratief, of prosa), soos wat tipies ook waar is van die res van Genesis.

Maar wat van Genesis 1? Ek glo dis duidelik dis nie wysheidsliteratuur, 'n profesie, 'n brief of eskatologie nie. Sommige beskryf dit as poësie, maar Hebreeuse poësie word tipies gekenmerk deur die teenwoordigheid van parallelismes, wat hier ontbreek. Ek vind baie aanklank by CJ Collins (Genesis 1-4, A Linguistic, Literary and Theological Commentary) as hy die gevolgtrekking maak dat dit ook geskiedenis of 'n narratief is, maar dan met 'n verskil. Dit is geskiedenis op 'n hoër vlak. Hy noem dit "exalted prose narrative". Sy motivering hiervoor is as volg: Gewoonlik is daar meer as een party wat handel in 'n narratief (kyk maar net na Genesis 2 waar beide God en Adam aan die woord is), maar in Genesis 1 is daar net een party wat handel, en dit is God. Die beskrywing is hoogs gestruktureerd: ons het al vroeër opgemerk hoe elk van die ses skeppingsdae basies dieselfde struktuur volg – dis ongewoon vir tipiese geskiedenis verhale. Vreemde terme word gebruik, soos uitspansel. Presies wat word bedoel hiermee? Daar is detail (wat tipies is van narratiewe) en tog is die detail ook vaag. Dink maar aan stellings soos "die aarde het groen plante laat uitspruit" (Genesis 1:12) of aan die groepering van plante (Genesis 1:11) en diere (Genesis 1:21 en 24). As mens dit lees, dan kry jy die indruk dit is geskiedenis, maar tog ook nie. Dis asof daar 'n hoër doel is as om bloot net die fisiese gebeure te kommunikeer. Dit beteken nie wat beskryf word is nie werklike fisiese gebeure nie, maar jy kry die indruk dit is gerangskik om iets meer te openbaar as bloot net die fisiese gebeure. Ons het dit al hierbo beskryf: Dink aan die verband tussen dae 1 en 4, dae 2 en 5 en dae 3 en 6. Of dink maar aan Genesis 1:2 wat praat van donker, woes en leeg, terwyl die ses skeppingsdae juis hierdie drie aspekte aanspreek. Of die hele struktuur van ses skeppingsdae gevolg deur 'n sewende dag van rus, waardeur God Sy skeppingsordonansie van ses dae van werk gevolg deur 'n dag van rus wil vestig, en terselfdertyd ook die konsep van 'n ewige rus wat wag vir gelowiges. Ja, dis geskiedenis. Maar dis geskiedenis wat vertel word om baie meer te kommunikeer as net die skepping van die fisiese werklikheid.

Hierdie wyse van kommunikasie is nie uniek aan Genesis 1 nie. Dink maar aan die tabernakel wat ons hierbo bespreek het. Dit was 'n werklike fisiese tabernakel wat die volk

moes bou. Maar God wil deur dit iets baie hoër aan die mensdom kommunikeer – naamlik Sy verlossingsplan.

Dit beteken ons moet versigtig wees om nie Genesis 1 te letterlik te lees nie. As jy dit doen, ontstaan daar baie vrae wat moeilik is om te antwoord: Hoe kan daar dag en nag wees vanaf dag 1, maar die son en maan word eers op dag 4 geskep, terwyl dit juis die son en maan se opdrag is om te bepaal wanneer is dit dag of nag? Hoe kan daar plante wees vanaf dag 3, maar die son is eers op dag 4 geskep (ons weet immers plante het sonlig nodig)? Of kyk na die volgorde van gebeure in Genesis 1 versus Genesis 2: Volgens Genesis 1 word die plante op dag 3 gemaak, die diere op dag 5 en aan die begin van dag 6 en die mens later op dag 6. Volgens Genesis 2 is die volgorde oënskynlik eers Adam, dan plante, daarna die diere en laastens Eva. Daar is verduidelikings wat help om van hierdie teenstrydighede op te klaar. Byvoorbeeld, dit is waarskynlik dat die Hebreeus in Genesis 2:19 duidelik maak dat die diere alreeds vroeër geskep was, en dat Adam nou bloot aan hulle name moes gee. Daar is ook argumente dat die term "aarde" in Genesis 2:5 eerder met "land" vertaal moet word en dan kan beteken dat daar net nog nie in die land waar God die tuin van Eden aangelê het, plante was nie.

Myns insiens, is dit egter belangrik om te onthou dat die mikpunt van God se openbaring in Genesis 1 nie soseer is om vir ons die chronologie van die skeppingsgebeure bekend te maak nie. Soos hierbo bespreek, is die mikpunt eerder om die doel met elke deel van die skepping te openbaar, en dit dien as 'n vertrekpunt van waar God sy handelinge met mense kan inisieer en kommunikeer.

Hierdie siening oor die genre van Genesis 1 beteken ook ons sal moet besin oor die lengte van die skeppingsdae. Daar is 'n siening onder behoudende Christene dat elk van die ses skeppingsdae 'n fisiese dag van 24 uur was. Natuurlik, as ons Genesis 1 letterlik moet lees, dan moet dit die resultaat wees. Maar ons het nou alreeds gesien dit is nie die verantwoordelike manier om die hoofstuk te lees nie. Onthou ook: Dit is baie duidelik dat die sewende dag nie 24 uur was nie. Immers, God rus steeds van Sy skeppingswerk, en boonop sluit die sewende dag nie af met: "Dit het aand geword en dit het more geword. Dit was die sewende dag." nie. Voeg hierby dat die term wat met "dag" vertaal word op ander plekke in die Bybel nie noodwendig 'n periode van 24 uur aandui nie. Hier is 'n paar voorbeelde: In Genesis 4:3 word dieselfde dag-term vertaal met "tyd", of in Genesis 30:14 met "oestyd", terwyl dit in Jesaja 4:2 na die toekoms verwys.

Daar word ook soms geredeneer dat wanneer die term "dag" in die Bybel gekoppel word aan 'n telwoord (bv. die eerste dag) is die betekenis telkens 'n 24 uur dag. Ek aanvaar nie hierdie redenasie nie – wat dan van die sewende dag?

Ek sien geen rede hoekom ons dogmaties aan 6 x 24 uur skeppingsdae moet vashou nie. Ek vind baie meer aanklank by sienings dat die dae na tydperke verwys, of die sogenaamde "raamwerk" interpretasie wat ons hierbo beskryf het (Sien: "Ses Skeppingsdae: God se doel met verskillende dele in Sy skepping"). Ek wil eerder saam met Augustinus en baie teoloë stem dat dit "skeppingsdae" is wat 'n unieke karakter het.

'n Mens sou kon vra hoekom gebruik God spesifiek 'n werksweek gevolg deur 'n rusdag om Sy skeppingswerk te beskryf? Wel, God het belangrike werk wat Hy vir die mensdom wil gee. Om hierdie taak uit te voer, gaan hulle hard moet werk vir 6 dae, en dan 'n dag rus. Terselfdertyd is hulle op pad na die ewige rus. God gebruik die Genesis 1 skeppingsverhaal om hierdie beginsels aan die mensdom te kommunikeer.

## En dit was baie goed

In Genesis 1:31 lees ons daardie bekende stelling dat God gekyk het na alles wat Hy gemaak het, "en dit was baie goed". Hoe moet ons dit verstaan?

Gewoonlik is die interpetasie hiervan dat alles perfek was. Daar word geredeneer voor die sondeval was daar geen dood of siekte of lyding nie. Daar was geen sonde nie. Adam het nooit sy kop teen 'n tak of sy toon teen 'n klip gestamp nie. Alles was wonderlik, en idillies mooi. Toe kom die sondeval – en alles verander. Skielik is daar dorings en dissels, en alles is swaar en moeitevol. Daar is selfs dood. Boonop stuur God die mens uit Eden uit.

Daar is verskeie probleme met hierdie siening:

- Wat van die stelling in Gen 2:18 waar God self sê dit is nie goed dat die mens alleen is nie? Ja, ek gee toe, 'n mens sou sekerlik kon redeneer dat dit juis gelei het daartoe dat God vir Eva geskep het, en daarna was dit dus wel goed. Maar ons moet ten minste raaksien dat daar in beginsel dinge was gedurende die skepping wat nie goed was nie. Dink maar net aan Genesis 1:2 wat die aarde as donker, woes en leeg beskryf.
- As alles perfek was, hoe het die slang dan in die tuin gekom?
- As alles perfek was, hoe is dit dan moontlik dat Eva geswig het voor die versoeking van die duiwel? Sy het tog gedink dit sal lekker wees om self soos God te wees. Dit behoort nie in 'n perfekte wêreld te gebeur nie.
- Na die sondeval sê God vir Adam dat die aarde dorings en dissels sal laat uitspruit, waardeur sy werk moeilik sal word (Genesis 3:17-18). Waar kom die dorings en dissels nou skielik vandaan? Het God nou weer begin skep? Dit sou in stryd wees met die sewende dag wat steeds voortduur. Die dorings en dissels moes dus alreeds voor die sondeval daar gewees het. Miskien was daar nie dorings en dissels in die tuin nie – maar wel in die wêreld buite die tuin. Is dit 'n perfekte wêreld?

Is dit werklik so dat daar geen fisiese dood voor die sondeval was nie? Daar word dikwels geredeneer dat selfs geen diere of plante voor die sondeval doodgegaan het nie. Genesis 1 en 2 sê natuurlik nêrens dat dit die geval was nie. Dit word gemotiveer op grond van Romeine 6:23a: "Die loon wat die sonde gee, is die dood". Daar is egter geen aanduiding dat Paulus in hierdie vers hoegenaamd die fisiese dood van diere en plante insluit nie. Lees net die res van die vers en dit word baie duidelik: "die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here" (Romeine 6:23b). Daar is twee moontlike maniere om hierdie vers te verstaan:

- As die dood in vers 23a die dood van plante en diere insluit, dan moet vers 23b beteken daar is ook ewige lewe moontlik vir plante en diere in Christus Jesus. Dit word nêrens in die Bybel geleer nie! Duidelik is dit nie die bedoeling nie.
- Die dood in vers 23a is dus beperk tot mense, en die moontlikheid van ewige lewe in vers 23b is ook beperk tot mense. Ons kan selfs sover gaan om te sê dat die dood waarvan Paulus praat primêr die geestelike dood van die sondegevalle mens is, en slegs sekondêr sy fisiese dood.


Het God ooit gesê dat diere sal begin sterwe as die mens in sonde val? Nee! In Genesis 2:17 lees ons: "Die dag as **jy** daarvan eet, sterf **jy**". Boonop weet ons dat Adam nog baie jare geleef het na die sondeval. Duidelik is die sterwe waarna God verwys primêr sy geestelik sterwe op dieselfde dag wat hy sondig. Hy sou egter ook wel later fisies sterwe. Dus, daar is myns insiens geen aanduiding in die Skrif dat geen plant of dier gesterf het voor die sondeval nie. Hierdie siening het sy oorsprong in die oortuiging dat "dit was baie goed" beteken alles was perfek voor die sondeval.

Hoe moet ons dan wel "en dit was baie goed" verstaan? Ek vind aanklank by Mark Whorton in sy boek "Peril in Paradise". Aan die einde van die skeppingsweek was alles baie goed **in die sin dat dit presies voldoen het aan God se doel daarvoor**. Onthou hoeveel keer het ons klem gelê op God se beklemtoning van doelmatigheid in die skepping: die son en maan het 'n doel, so ook die voëls, seediere, landdiere en veral die mens. Alles is baie goed sodat elkeen van hulle presies aan hulle doel kan beantwoord. Kom ek probeer dit so verduidelik: As jy my vra: "Hoe gaan dit?", en ek antwoord: "Dit gaan goed", bedoel ek geensins daarmee ek is perfek rein en gehoorsaam aan God se wil vir my nie. Ek bedoel eerder ek het alles wat ek nodig het om vandag te kan doen wat ek moet.

As God verklaar dat Sy skepping baie goed is, dan beteken dit alles is gereed vir hierdie skepping om die doel te bereik wat God in gedagte het om daardeur te bereik volgens Sy plan. Ons kyk vervolgens in meer detail na God se plan.

## God se plan

Ek aanvaar ons is almal oortuig dat God soewerein in beheer is. Hy bestuur die ganse heelal en die wêreldgeskiedenis volgens Sy plan. My indruk is dat baie gelowiges se opinie oor God se plan soos volg is (sien ook die skematiese voorstelling):





- Voor die begin (Genesis 1:1) het net God bestaan. Verder was daar niks.
- Toe kom die 6 skeppingsdae waarin God alles geskep het. Aan die einde van die sesde dag was alles perfek. Dit is duidelik 'n reuse stap vorentoe. Dis net God wat uit niks 'n perfekte wêreld kan skep. (Ek is ook onder die indruk dat Genesis 1:1-2 gewoonlik gesien word as 'n opsomming van die skeppingsweek – anders as wat ek oortuig is.)
- Dan volg die sondeval. Die duiwel verlei vir Eva en Adam. Die gevolg is dat dood, frustrasies en swaarkry deur die hele skepping posvat, insluitend die mens. Dit is duidelik 'n stap terug.
- Hierna inisieer God direk Sy verlossingsplan. Deur die loop van die OT demonstreer God die beginsels waarvolgens dit werk. Met Christus se koms word hierdie plan 'n werklikheid. Tot met die wederkoms is God besig om mense met Hom te versoen. Dit is duidelik 'n stap vorentoe.
- Die uiteinde is dat (van) die mense weer in 'n herstelde verhouding met God sal leef, soos wat Adam en Eva beleef het voor die sondeval. Die uiteinde is dus gelyk aan die situasie net voor die sondeval.

Ek is oortuig dit is 'n verwronge beeld van God se plan. Sal die soewereine God werklik 'n plan hê wat afwaartse stappe insluit? Sal God werklik in ses skeppingsdae van niks tot 'n perfekte wêreld vorder, dan toelaat dat die wêreld agteruit gaan deur die toedoen van Sy geskape skepsels (beide die duiwel en die mens), en nou alreeds vir 6 000 jaar daaraan werk net om weer te eindig waar alles was voor die sondeval? Hoekom het God nie direk die duiwel verhoed om Eva te verlei nie, of selfs nog beter, verhoed dat daar 'n duiwel is nie? Boonop onderbeklemtoon hierdie siening van God se plan die feit dat die hoogste doel van

God met Sy skepping nie is om sondegevalle mense met Hom te versoen nie – maar iets veel groter as dit!

Ek is oortuig God se plan is eerder as volg (sien ook hier die skematiese voorstelling):




- Voor die begin het net God bestaan. God besluit om 'n skepping daar te stel waarbinne Hy mense (en engele) gaan plaas en met verloop van tyd sal Hy hulle in hulle harte oortuig van Sy grootheid.
- Vir die doel skep Hy 'n hemel en aarde (Genesis 1:1&2). Hy skep dit doelbewus donker, woes en leeg, want Hy wil aan Sy skepsels toon dat Hy donker oorwin, orde bring en lewe skep om die skepping te vul. Dit is dus 'n stap vorentoe.
- Iewers skep Hy ook die engele, wetende dat van hulle gaan val. Dit is doelbewus deel van Sy plan.
- Dan kom die skeppingsweek. God skei lig en donker, hemel en aarde, see en aarde, en Hy begin vul: son en maan – hulle moet tyd hou (want sien hierdie skepping is net tydelik tot Hy dit nog beter sal maak deur 'n herskepping daarvan), die eerste voëls, seediere, landdiere en die mens. Hy gee vir hulle almal opdragte om Sy skeppingswerk voort te sit deur verder te vul. Boonop sê Hy vir die mens: jy is my verteenwoordiger. Hy plaas hom in die tuin ('n veilige woonplek) – maar hy het werk om te doen: Hy moet die tuin in stand hou, die duiwel uit hou, en die tuin uitbrei tot dit die hele wêreld vul. As hy dit alles in gehoorsaamheid suksesvol sou voltooi, sou hy vir ewig lewe. As hy egter iewers misluk, sou hy sterwe. In sy geheel, is die skeppingsweek 'n reuse stap vorentoe.
- Dan volg die sondeval. Die mens misluk in sy skeppingsopdrag. Hy kon net eenvoudig nie by die standaard uitkom nie. Die duiwel was te oortuigend. Dis 'n geleentheid vir God om te demonstreer Hy is getrou en regverdig – dus moet die mens sterf (primêr geestelik, maar ook fisies). Maar dis ook die geleentheid vir God om te demonstreer Hy is genadig, liefdevol, reddend. God stel 'n genadeverbond in waarvolgens God nou self sal toesien dat die duiwel nie net uitgehou word nie, maar sy kop sal verbrysel word, en in die proses sal God sorg dat die tuin in stand gehou word en die wêreld onderwerp word. Dit is 'n reuse stap vorentoe – nie meer die mens wat "moet" nie, maar God wat "sal"!
- Dan kom die openbaringsgeskiedenis. In die Ou Testament verduidelik God hoe hierdie plan werk. In die Nuwe Testament kom Christus – Hy oorwin die duiwel en bewerk geregtigheid. Daarna kom die Heilige Gees om in mense te werk sodat Hy deur hulle die heiligdom in stand kan hou, die duiwel in sy laaste stuiptrekkings kan weerstaan en mense tot bekering kan roep. Dit is 'n reuse stap vorentoe!
- Dan kom die einde. God handel daardie skeidingsproses wat In Genesis 1 begin het af: Die donker verdwyn deurdat die duiwel en al sy volgelinge in die poel van vuur gegooi word. Hy kom woon by Sy volk – die skeiding tussen hemel en aarde verdwyn. Daar is nie meer 'n see nie – die hele aarde is gevul net met mense wat self die verlossing van God belewe het en hulle bring die heerlikheid aan God gedring deur hulle persoonlike ervaring! Hulle is in hulle harte oortuig dat God al die

heerlikheid waardig is – immers het God die inisiatief in al hierdie stappe geneem nadat hulle misluk het, en immers is hulle self ontvangers van hierdie genadige verlossing. Dis ‘n reuse stap vorentoe! Dit is: mission accomplished! Dit is baie meer as net mense terug in die tuin van Eden!

# Bybels teologiese interpretasie van Genesis 2:25 – die mens en sy vrou was kaal

Genesis 2 sluit af met vers 25: “Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie”.

Wat beteken hierdie vers? Gewoonlik word daar langs die volgende lyne hieroor geredeneer: Hierdie stelling word voor die sondeval gemaak. Adam en Eva was nog totaal onskuldig. Daarom het hulle naaktheid geen verkeerde begeertes in hulle aan die gang gesit nie, en dus was hulle geensins skaam nie.

Daar is egter ‘n paar dinge wat pla met hierdie interpretasie. Kyk na die volgende:

Die “maar” in vers 25 is nogal verrassend. Dit skep die indruk dat mens sou verwag hulle moes skaam gewees het as gevolg van hulle naaktheid. Laat ek egter direk byvoeg: as jy die NIV of ESV lees, is daar nie ‘n “maar” nie, maar wel ‘n “en”. Maar selfs met ‘n “en” is die gedagte wat geskep word steeds: wel, dit is vreemd dat hulle kaal was, en tog nie skaam nie.

Is seksuele begeertes tussen ’n man en sy vrou verkeerd? Of anders gestel: behoort ‘n man en sy vrou skaam te wees oor hulle naaktheid in mekaar se teenwoordigheid? Let op, vers 25 is baie spesifiek: “Hulle twee, die man en sy vrou...”. Dis binne die huwelik – vers 24 praat juis oor hoe ‘n man sy ouers sal verlaat en saam met sy vrou leef, en hulle sal een word. Eva is juis geskep as ‘n hulp vir Adam. God het juis vir hulle die opdrag gegee om te vermeerder en vul. Hoe gebeur dit? As Adam en Eva wil vermeerder en die aarde wil vul, gaan hulle uiting moet gee aan hulle seksuele begeertes. Seksuele begeertes tussen ‘n man en sy vrou is ‘n wonderlike gawe wat deel van God se skepping is, en wat kardinaal belangrik is vir God om Sy doel met die skepping te bereik. Dit is dus nie onvanpas vir ‘n man en sy vrou om nie skaam te wees as hulle kaal in mekaar se teenwoordigheid is nie.

Nou sou mens die gevolgtrekking kon maak dat dit presies is wat die vers sê, en dus is daar geen probleem met die vers nie. Ons moet egter in gedagte hou wat in Genesis 3 gebeur.

Die geskiedenis is bekend. Die duiwel verlei vir Eva om teen God se wil te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Een van die wortels waarmee die duiwel haar verlei, is dat sy soos God sal word en ook goed en kwaad sal ken wanneer sy van die boom van kennis van goed en kwaad eet. Die probleem met die duiwel is dat hy nie altyd net lieg nie. Daar is soms waarheid in wat hy sê. Tot op hede het Adam en Eva die goedheid van God belewe. As hulle nou ongehoorsaam is aan God se opdrag, gaan hulle ook leer wat kwaad beteken, en wat die gevolge van die kwaad is. Eva eet, en dan eet Adam ook. Die verstommende is wat gebeur toe hulle eet. Lees Genesis 3:7: “Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.” Die oomblik wat hulle eet, gaan hulle oë oop en hulle besef hulle is kaal. Direk word hulle skaam. Dis so erg, hulle werk terstond vir hulle vyeblare aanmekaar om hulle naaktheid te bedek.

Hierdie reaksie is nogal onverwags. As mens na ons sondegevalle wêreld kyk, lyk dit eerder asof ‘n toename in sonde gepaard gaan met ‘n afname in skaamheid oor naaktheid. Maar hier gebeur presies die teenoorgestelde. Voor die sondeval was hulle kaal en nie skaam nie. Na die sondeval is hulle kaal en skaam. En hulle maak direk ‘n plan om hulle naaktheid te bedek.

Teen die aand kom besoek God vir Adam en Eva. Hulle kruip egter vir God weg. As God hulle roep, antwoord Adam: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip" (Genesis 3:10). Hulle is dus nie net skaam nie, boonop is hulle nou ook nog bang vir God. Onthou, hulle was tog al vantevore kaal in God se teenwoordigheid sonder om bang te wees. Hoekom nou skielik vrees saam met skaam wees?

Wat nog meer verstommend is, is dat as God hoor dat hulle wegkruip oor hulle naaktheid, God direk die konneksie maak dat dit moet beteken hulle het geëet van die boom van kennis van goed en kwaad. En God stem nou saam dat hulle naaktheid 'n probleem is, want in Genesis 3:21 lees ons dat God vir hulle velklere maak. Let op, hulle eie vyeblaarklere is nie genoeg nie, dit moet velklere wees. Sekerlik is velklere meer duursaam as vyeblare. Maar hoekom maak God nou skielik vir hulle klere? Hoekom nie reg van die begin af nie? En hoekom moet dit juis velklere wees, en nie vyeblare nie?

Ek is weereens oortuig dat, soos wat ons al herhaalde male gesien het in die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2, God besig is om baie meer te sê as wat ons op die oppervlak lees. Weereens moet ons na 'n geheelbeeld in die Bybel gaan soek om werklik te verstaan waarmee God besig is. Kom ons gaan kyk na 'n paar ander plekke in die Bybel waar klere/naaktheid ter sprake is, en of dit lig werp op wat ons hier sien.

## Die priesters se klere (Eks 28:39-43)

Ons het al gesien hoe die tuin van Eden 'n eerste tabernakel was – met belangrike ooreenkomste en verskille as dit met die Ou Testamentiese tabernakel vergelyk word. Ons verstaan ook dat Adam in die tuin van Eden 'n priesterrol moes vervul, soortgelyk aan die priesters wat later priesterdiens in die Heilige van die tabernakel moes verrig. Hierdie priesterdiens is op sy beurt weer 'n skadu van die rol van gelowiges se verantwoordelikheid in die tyd tot met Christus se wederkoms.

Daar was baie pertinente voorskrifte vir die klere van die hoëpriester en sy seuns, die priesters, wanneer hulle hulle dienswerk in die tabernakel moes verrig. Eksodus 28 beskryf vir ons hierdie klere, veral die klere van die hoëpriester word in detail beskryf. Ons is egter hoofsaaklik geïnteresseerd in wat in verse 39-43 beskryf word rakende die priesters: Die priesters moes spesifiek linnebroeke dra (beide die NIV en ESV beskryf dit as "undergarments"). Let daarop dat hulle hierdie broeke moes dra as hulle diens gaan doen by die altaar of in die heiligdom. Daarsonder sou hulle sterf. Die doel van hierdie linne onderklere was om hulle naaktheid te bedek (vs 42). Aäron en sy seuns moes gesalf en gewy (letterlik: geheilig) word met hierdie klere aan voor hulle met hulle priesterlike werk mog voortgaan.

## Jesaja se profesie (Jesaja 61:6-10)

Die laaste gedeelte van die boek Jesaja is eskatologies van aard, en kyk dus vorentoe die toekoms in. Lees Jesaja 61:6-10. Die volk word bemoedig. In vers 6 word die volk (gelowiges) juis priesters genoem. In vers 8 onderneem God om kragtens Sy verbond aan die volk te gee wat Hy hulle beloof het. Onder andere sluit dit in dat God hulle sal beklee met "klere van heil" en hulle sal toewikkel in 'n mantel van geregtigheid soos 'n priesterlike bruidegom of 'n versierde bruid (Jesaja 61:10, OAV). Hier vind ons weer 'n konneksie tussen priesters en hulle klere. Wat duidelik uitgewys word, is dat die klere waarmee hulle geklee word, klere van heil (verlossing) is, en dat hulle in geregtigheid toegewikkel word. Let ook op: dit is God wat hulle klee.

## Die hoëpriester Jesua (Sagaria 3)

Lees Sagaria 3. Sagaria sien Jesua, die hoëpriester, staan voor die Engel van die Here met liederlike vuil klere aan. Die Satan kla Jesua aan. Maar die Engel van die Here beveel sy helpers om Jesua se vuil klere uit te trek, terwyl Hy vir Jesua sê: "Ek het jou oortredings vergewe en Ek gaan vir jou skoon klere aantrek" (Sagaria 3:4). Boonop maak die Here die belofte aan Jesua as hy volgens Sy voorskrifte lewe, sal hy aangestel word oor God se huis en vrye toegang tot God hê. Die Here beloof om Sy dienaar, Loot, te stuur wat die sonde van die land sal wegneem.

## Die gelykenis van die bruilof (Matteus 22:1-14)

Jesus het in een van sy gelykenisse die koninkryk van die hemel vergelyk met 'n koning wat 'n bruilofsfees gereël het. Hy het sy slawe uitgestuur om die genooides na die bruilof te roep, maar hulle het een verskoning na die ander gehad om nie te kom nie. Die gevolg is dat die koning die slawe na die strate toe gestuur het om mense te roep, en sodoende het die feessaal vol gaste geword. Toe die koning egter opdaag, sien hy dat daar 'n man is wat nie bruilofsklere aangehad het nie. Op bevel van die koning is die man se hande en voete vasgebind, en hy is in die diepste duisternis gegooi.

## Jesus se kruisiging (Johannes 19:23-24)

Wanneer Jesus gekruisig word, hang Hy naak aan die kruis. Waar is sy klere? Sy boklere word in vier dele verdeel en aan die soldate gegee. Wanneer die soldate egter by sy onderkleed (undergarment) kom, sien hulle dis sonder naat en in een stuk geweef. Hulle besluit om dit nie te skeur nie – maar trek eerder lootjies oor wie dit moet kry. Ons weet nie presies wie dit gekry het nie. Maar hou hierdie prentjie in jou kop: Jesus naak aan die kruis, en iemand aan die voet van die kruis wat sy **volledige** onderkleed ontvang het.

## Openbaring se fokus op klere

Daar is verskeie gedeeltes in Openbaring wat spesifiek verwys na klere. Kyk na die volgende:

- Openbaring 3:4-5 – In Sardis is daar darem 'n paar mense wat nie hulle klere besoedel het nie. Hulle ontvang die belofte hulle sal altyd in wit klere by Jesus wees. Trouens, almal wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra.
- Openbaring 3:17-18 – Die gemeente in Laodisea is onder die indruk dat hulle skatryk is en niks meer benodig nie. Intussen is hulle egter arm, blind en kaal. Christus raai hulle aan om by Hom wit klere te koop, sodat hulle naaktheid en skande bedek sal wees. Let wel, hulle moet hierdie klere by Hom koop.
- Openbaring 19:7-8 – Hier lees ons van die bruilof van die Lam. Die bruid het haar spesifiek gereed gemaak vir hierdie bruilof. Vers 8 in die OAV lees as volg: "En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges". Dit is belangrik om die volgende raak te sien: Die bruid is die heiliges, d.w.s. die gelowiges. Die helder fyn en blink klere wat hulle na die bruilof dra, is spesifiek linneklere – soortgelyk aan die linneklere wat die priesters in die Ou Testament moes dra wanneer hulle in die Heilige gaan diens doen. Weereens lees ons dat die klere vir die bruid gegee word. Ons lees ook dat hierdie klere die regverdige dade van die heiliges (gelowiges) is. Dit is dus die dade wat die gelowiges doen, maar terselfdertyd word dit ook aan die gelowiges gegee.

## Interpretasie van Genesis 2:25

Om sin te maak van die betekenis van Genesis 2:25, gaan ons die inligting wat hierbo gegee is, beredeneer. Ons begin met die bruilofsmaal van die Lam, en werk dan geleidelik terug deur die Bybel tot ons weer by Genesis 2:25 uitkom.

- Openbaring 19:7-8 – Wanneer die gelowiges in die hiernamaals as die bruid aansit aan die bruilofsmaal van die Lam, is hulle beslis nie kaal nie. Nee, hulle het linneklere aan – fyn, helder, blink linneklere. Openbaring is baie duidelik daaroor dat hierdie klere die regverdige dade van die gelowiges is. Ons weet ook dit pas in by God se verlossingsplan: Gelowiges word nie deur dade gered nie, maar wel deur geloof in Jesus Christus. Hulle word egter wel gered met die doel om heiligmaking te ondergaan waar hulle leer hoe om heilig voor God te lewe. Die laaste stap in hulle verlossing is wanneer hulle deur God heerlik gemaak word, en soos ons hierbo gesien het, is heerlikmaking die voltooiing van hulle heilgmaking. Wanneer hulle dus aan die bruilofsmaal van die Lam aansit, is hulle reeds heerlik gemaak, en dra dus hierdie rein, fyn en blink linneklere. Onthou ook dat die oordeelsdag plaasvind voor die bruilofsmaal van die Lam. Op die oordeelsdag oordeel God juis die werke van alle mense, en slegs dié wie se werke van heiligmaking getuig, word toegelaat tot die bruilofsmaal (Matteus 25:31-46). Ons het ook hierbo gesien dat heiligmaking 'n stap is wat die Heilige Gees in die mens werk. Dit is dus God se werk, alhoewel die mens ook daarvoor verantwoordelik is. Dit rym presies met hierdie klere wat die gelowiges se dade is, maar tog ook vir hulle gegee word.
- Openbaring 3:17-18 – Nou verstaan ons hoekom Jesus vir die gemeente in Laodisea aanmoedig om hulle naaktheid te bedek deur by Hom wit klere te koop. Sonder die wit klere sal hulle nie aan die bruilof van die Lam aansit nie – want naaktheid in die oordeelsdag sal tot gevolg hê dat hulle nie by die bruilof toegelaat word nie.
- Openbaring 3:4-5 – Jesus se boodskap aan die gemeente in Sardis onderstreep ook dat almal wat die oorwinning behaal, wit klere sal dra. Hierdie klere is onbesoedeld, en dus skoon.
- Jesus se kruisiging (Johannes 19:23-24) – Ons het gesien Jesus hang naak aan die kruis, maar aan die voet van die kruis is daar iemand wat Jesus se onderkleed het. (Onthou, dit was juis die onderkleed wat die priester se naaktheid moes bedek as hy gaan diens doen in die tabernakel.) Is dit nie juis wat regverdigmaking is nie: my sondeskuld op Hom gelaai, Sy geregtigheid aan my toegereken! My naaktheid (gebrek aan regverdige dade) word hom toegereken, en Sy kleed (regverdige dade) word my toegereken. Ons het ook gesien regverdigmaking gaan oor in heiligmaking, trouens almal wat regverdig gemaak word, sal ook heiligmaking en heerlikmaking ondergaan. Dus, diegene vir wie Jesus sy onderkleed gee, sal ook fyn, helder, blink wit linneklere dra by die bruilofsmaal van die Lam. Let ook op: nie almal aan die voet van die kruis ontvang Jesus se onderkleed nie. Die soldaat is deur loting bepaal. Die uitgesoektes wat wel geregverdig word, is die wat deur uitverkiesing bepaal is! Maar hierdie uitverkore persoon ontvang 'n volledige kleed, volledige geregtigheid (Jesus se onderkleed is nie geskeur nie)!
- Die gelykenis van die bruilof (Matteus 22:1-14) – Die bruilof wat die koning aangebied het, wys vooruit na die bruilofsmaal van die Lam. Netsoos wat daar by die bruilofsmaal niemand toegelaat is wat nie bruilofsklere dra nie, word die man wat sonder bruilofsklere by die koning se bruilof betrap word, summier uitgegooi in die diepste duisternis.
- Jesua, die hoëpriester (Sagaria 3) – Die vuil klere wat Jesua aangehad het, was 'n simbool van sonde. God beveel egter dat dit uitgetrek word en dat daar vir hom

skoon klere aangetrek moet word. God beloof dat sy dienaar, Loot, wat natuurlik Jesus is, die sondes sal wegneem. Met die skoon klere aan, het Jesua toegang tot God se heiligdom en tot God self.

- Jesaja se profesie (Jesaja 61:6-10) – Ek vertrou Jesaja se profesie maak nou volledig sin: God beklee die gelowige met "klere van heil", wikkel hulle toe in 'n mantel van geregtigheid, 'n priesterlike bruidegom asook 'n versierde bruid.
- Die priesters se klere (Eksodus 28:39-43) – Ons het hierbo tot die slotsom gekom dat die gebeure in die Ou Testamentiese voorhof regverdigmaking uitbeeld, en die gebeure in die Heilige heiligmaking. Dit maak dus net sin dat die priester se naaktheid bedek moet wees voor hy in die Heilige ingaan (of selfs by die altaar diens doen). Hy moet reeds klere van heil dra, toegewikkel in geregtigheid. Hierdie klere word vir hom gegee, hy word met die klere aan geheilig – dan kan hy die Heilige ingaan. Tydens heiligmaking word hierdie klere sy eie, en eventueel kan hy die Allerheilgste ingaan en aan die bruilofsmaal gaan aansit.

Kom ons gaan nou terug na Genesis 2 en 3 met al hierdie feite in gedagte. Wat is die groot verskil tussen die einde van Genesis 2 en die einde van Genesis 3? In Genesis 2 staan Adam en Eva in 'n werksverbond met God. Hulle moet hulle eie geregtigheid bewerk deur al die skeppingsopdragte uit te voer (vermeerder en vul, heers, onderwerp, bewerk, bewaak en moenie van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie). As hulle dit alles perfek uitvoer tot op die punt dat God se doel met die skepping bereik is, d.w.s. tot die aarde gevul is met die heerlikheid van God, dan het hulle hulle eie geregtigheid verdien. Dan sal hulle ook fyn, helder, blink bruilofsklere dra – welliswaar, verdien deur hulle eie gehoorsaamheid, maar nogtans sou hulle dan toegang hê tot die Allerheilgste. Maar nou, wat is die realiteit van hulle vordering teen die einde van hoofstuk 2? Wel, oënskynlik baie min. Daar is nog nie eens 'n enkele kind nie. Die duiwel loop nog rond. Hoeveel klere het al gerealiseer? Baie min. Daarom sê Genesis 2:25 hulle was kaal!

Wat nog meer ontstellend is, is dat hulle nie skaam was oor hulle gebrek aan vordering nie. Ek is oortuig vers 25 is veel meer 'n aanklag teen Adam en Eva, as dat dit 'n aanprysing is dat hulle ten spyte van hulle fisiese naaktheid nie skaam was nie. As jy dit so verstaan, vorm vers 25 die logiese oorgang na Genesis 3.

Die situasie in Genesis 3 word nog meer tragies. Nie net is Adam en Eva nie aktief besig met die uitvoer van hulle skeppingsopdragte nie, hulle leen hulle ore uit aan die duiwel, en oortree God se opdrag. Die oomblik as hulle dit doen, gaan hulle oë oop – en hulle word nie net skaam nie, maar bang. Bang vir wie? Bang vir God. Want, soos die duiwel gesê het, verstaan hulle nou skielik die konsep van kwaad. Hulle het doodeenvoudig God se opdrag oortree. Hulle is bang vir God se oordeel – God was tog baie uitdruklik oor wat hulle kan verwag as hulle ongehoorsaam is. In plaas van om klere te verdien deur gehoorsaamheid aan God se opdragte, was hulle ongehoorsaam en skielik bewus van hulle naaktheid voor God! Tipies aan die mens, maak hulle direk hulle eie plan om hulle naaktheid te bedek: vyeblare!

Na die sondeval rig God direk 'n genadeverbond op: Een uit die nageslag van die vrou sal kom om die kop van die slang te vermorsel. In parallel hiermee stuur God Adam en Eva uit die tuin, en inisieer Hy die nuwe weg na die lewe. Langs hierdie weg kan die mens weer by die ewige lewe uitkom, maar op hierdie weg neem God die volle verantwoordelikheid dat die uitverkorenes daar sal uitkom. Terselfdertyd doen God nog iets: Hy maak vir Adam en Eva klere. God wil nie hê hulle moet kaal wees nie – trouens Hy wou nog nooit hê dat hulle kaal moes wees nie. Maar nou dat dit duidelik is hulle gaan nie self vir hulle klere van geregtigheid verdien nie, tree God in. Hy sal vir hulle klere van geregtigheid gee, sodat hulle

langs die nuwe lewende weg wel op die ou end by die bruilofsmaal sal uitkom. Hy gee vir hulle klere van vel. Hier is weer simboliek in: Hierdie klere gaan ‘n geweldige prys vra om voorsien te word: bloed sal moet vloei. En ons weet, baie diere se bloed het gevloei in die Ou Testament as offers, en veral natuurlik het Jesus se bloed gevloei om werklik geregtigheid te bewerk – toe Hy kaal in die gelowige se plek aan die kruis gehang het!

Ek is oortuig die klere is die teken wat God aan die mens gee met die instelling van die genadeverbond. Soos God met die instelling van die Noagverbond die reënboog as teken gee, en by die instelling van die Abrahamverbond die besnydenis gee, gee God hier die velklere. Die klere moet Adam en Eva herinner dat God onderneem het om vir hulle klere van geregtigheid te bewerk deur Sy Seun.

Weereens sien ons God se plan is nie om ons terug te neem na die tuin van Eden voor die sondeval nie. Ons gaan na ‘n bruilofsmaal met fyn, helder, blink linneklere aan – nie weer kaal in die paradys nie. Boonop het ons hier ‘n verdere bewys dat Genesis 1:31 (En dit was baie goed) nie kan beteken dat alles perfek was voor die sondeval nie. Adam en Eva was kaal, en boonop nie eers skaam daaroor nie! Dit was ‘n kwessie van tyd voor hulle sou val. Dit maak baie meer sin om te verstaan dat die stelling “en dit was baie goed” beteken God het alles gemaak sodat dit baie goed was om daardeur Sy doel met die skepping te bereik.

Wat ons moet leer uit die sondeval is dat ons as mense doodeenvoudig nie instaat is om self geregtigheid voor God te verdien nie. Die enigste Een wat dit wel kan bewerk is God. Daarom behoort al die lof vir ons verlossing aan God. En as ons dit behoorlik verstaan en die lof aan Hom bring – dan word die aarde gevul met God se heerlikheid! Dit was God se doel van die begin af – en is nie bereik voor die sondeval nie!

# Harmonie tussen Skrif en Skeppingsopenbaring?

Tot hiertoe in hierdie studie het ek gefokus op God se openbaring in die Woord. Ek het daarna gestreef om ‘n behoorlike greep te ontwikkel op die inhoud van God se openbaring aan die mensdom rakende die skeppingsgebeure in Genesis 1 en 2, veral gesien in die lig van die res van die Woord. Behalwe dat ek genoem het dat daar oënskynlike teenstrydighede is met wat die wetenskap ons leer oor die ontstaan van die heelal en lewe, het ek tot dusver die wetenskap geïgnoreer.

Deur die loop van die eeue was dit egter die siening van behoudende Christene dat God homself aan ons bekend maak deur beide Sy openbaring in die Woord en in die skepping. Psalm 19 is baie insiggewend om ons te rig as ons oor hierdie saak dink. In verse 1-7 besing Dawid die wonder van die skepping. Hy maak ‘n paar belangrike stellings:

- Die hemele (heelal) bring eer aan God
- Die hemele verkondig die werk van God
- Daar is kennis in die heelal, en hierdie kennis word stilweg deur die eeue van een dag deurgegee aan die volgende
- Hierdie kennis is beskikbaar vir almal tot aan die einde van die aarde

Vanaf vers 8 beskryf Dawid die wonder van God se Woord:

- Dit is volmaak, betroubaar en gee wysheid
- Dit dui vir ons die regte pad aan
- Dit dui God se verordeninge vir ons as mens aan, en hierdie verordeninge is regverdig

In 2 Timoteus 3:16 leer ons dat die Woord deur God ge-asem is. Hy het deur die Heilige Gees die menslike outeurs gelei om die Woord op te skryf.

Nie net gebruik God die skepping en Sy Woord om Hom aan ons te openbaar nie, Hy verwag van ons dat ons beide sal bestudeer. In Genesis 1:28 kry die mens reeds die opdrag dat hulle die skepping moet onderwerp en daaroor moet heers. Daarteenoor is daar gedeeltes soos 2 Timoteus 4:1-2 waar Paulus ‘n sterk pleidooi rig aan Timoteus om vol te hou om die Woord te verkondig – tydig en ontydig. God verwag van die mensdom om hulle in beide openbarings te verdiep.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis se Artikel 2 maak hierdie saak ook duidelik. Hier word geleer dat die Woord God “duideliker en meer volkome” aan ons bekend maak as die natuur. Die twee openbarings van God vul mekaar konstruktief aan: Die natuur is daar vir almal om te sien – niemand kan dit mis nie. Alhoewel dit voldoende is om ons te konfronteer met die feit dat daar ‘n God is, is dit in die Bybel dat ons meer spesifiek leer wie God is, wat Hy doen en wat Hy van ons verwag. Ongelukkig is dit so dat nie alle mense die Bybel bestudeer nie – maar hulle sal hulle nie kan verontskuldig nie, want hulle leef elke dag in God se skepping wat hulle na die Woord behoort te dryf om God beter te leer ken.

Opsommend: Die skepping is God se werk wat Hy gemaak het deur te spreek, en die Woord is deur God “ge-asem”. En God verwag van ons om beide te bestudeer.

Hoe is dit dan moontlik dat ons teenstrydighede vind tussen wat die wetenskaplikes uit hulle studie van die skepping vind en wat teoloë ons leer vanuit God se openbaring in die Woord? Kom ons maak seker ons verstaan presies waar die probleem lê:

Die probleem lê nie by God nie. God is betroubaar en volmaak. Daarom kan ons oortuig wees dat God se twee openbarings nie teenstrydig sal wees nie. Die probleem lê ook nie in die skepping nie. Die skepping is doodeenvoudig die resultaat van God se skeppingswerk. God het dit met 'n spesifieke doel gemaak, en die aarde voldoen presies aan daardie doel. Boonop lê die probleem ook nie in die Woord nie. Alhoewel God nie alles moontlik vir ons in Sy Woord openbaar nie, is alles wat wel geopenbaar is, presies in lyn met hoe God dit wou bekend maak. Boonop is ons oortuig die Woord is voldoende sodat ons volkome toegerus kan wees vir elke goeie werk (2 Timoteus 3:17).

**As daar teenstrydighede is tussen wat ons in die skepping leer en wat ons in die Woord leer, lê die probleem by ons: òf ons interpretasie van die skepping is verkeerd, òf ons interpretasie van die Woord is verkeerd. Beide interpretasies sal ondersoek moet word om vas te stel waar die probleem is.**

Tot 'n groot mate lê die spanning tussen wat die Woord en die wetenskap leer in die volgende areas:

- Tot watter mate was God, indien hoegenaamd, betrokke by die ontstaan van die heelal en lewe op aarde?
- Wanneer het die heelal ontstaan? Wanneer het die aarde ontstaan? Wanneer het lewe op aarde ontstaan?
- Hoe het die heelal en lewe op aarde ontstaan?

Ek vertrou die voorafgaande besprekings in hierdie studie het uitgelig die Woord is ondubbelsinnig duidelik dat God nie net betrokke was by die ontstaan van die heelal en lewe nie – Hy was die Inisieerder daarvan. Hy was die Een wat bepaal het presies aan watter vereistes alles moet voldoen. Hy was die Een wat bepaal het wat die rol is van elke element in Sy skepping. Hy was die Een wat soewerein in beheer was van al die skeppingsgebeure. Hy was ook die Een wat na die skeppingsgebeure verklaar het dat alles voldoen het aan Sy verwagtinge en dus kan voldoen aan Sy oorhoofse skeppingsdoel.

In die bespreking wat volg gaan enige siening wat nie ruimte laat vir God se soewereine beheer van die skeppingsgebeure nie, summier verwerp word.

Die ander twee sake, d.w.s. wanneer alles ontstaan het en hoe dit ontstaan het, is meer problematies, en verg deeglike besinning. Die fokus van die res van die studie gaan dus hierop val.

Die res van hierdie hoofstuk sal eers besin oor die Bybelse siening rakende die skeppingsdatum van Adam. Daarna bespreek ek watter wetenskaplike studievelde ter sprake is as ons besin oor die ontstaan van alles, asook 'n kort opsomming van die sienings wat hierdie verskillende velde propageer.

## Bybelse siening oor die skeppingsdatum van Adam

Gee die Bybel vir ons enige aanduiding van hoe lank gelede Adam geleef het? Wel, met 'n bietjie hulp van buite Bybelse inligting, kan ons 'n baie goeie idee vorm van wanneer Adam geleef het.

Sterrekundiges is in staat om datums van sonsverduisteringe baie akkuraat te bepaal. Dit sluit beide toekomstige en ook historiese sonsverduisteringe in. In sogenaamde Assiriese limmu lyste (dokumente wat jaartalle koppel aan spesifieke Assiriese konings), word verwys na 'n spesifieke sonsverduistering wat in Assirië voorgekom het. Sterrekundiges het die datum van hierdie sonsverduistering vasgepen as 15 Junie 763 vC. Uit die limmu lyste se datering van Assiriese konings, en verdere opgrawings wat konneksies maak tussen sekere

Assiriese konings en konings Agab en Jehu van Israel en Juda, kan die datums van hulle regerings vasgepen word. Met hierdie inligting en Bybelse inligting oor die regerings van die verskillende konings, is daar goeie konsensus tussen historici dat Salomo begin regeer het in 970 vC.

Volg nou die argument hier onder:

- As Salomo in 970 vC aan bewind gekom het, was sy 4de regeringsjaar dus 966 vC. Volgens 1 Konings 6:1 het die uittog uit Egipte 480 jaar vroeër plaasgevind as die 4de regeringsjaar van Salomo – d.w.s. 1446 vC.
- Volgens Eksodus 12:40 was die Israeliete 430 jaar in Egipte. Jakob en sy familie het dus in 1876 vC na Egipte toe getrek tydens die hongersnood.
- In Genesis 47:9 sê Jakob vir die Farao hy was 130 jaar oud toe hy na Egipte toe getrek het. Jakob is dus in 2006 vC gebore.
- Genesis 25:26 dui aan dat Isak 60 jaar oud was toe Jakob gebore is. Dus is Isak in 2066 vC gebore.
- Genesis 21:5 leer dat Abraham 100 jaar oud was toe Isak gebore is. Abraham is dus in 2166 vC gebore.
- In Genesis 11:10-32 kry ons detail oor die geslagsregister van Sem tot Abraham, en in Genesis 4:1-15 oor die geslagsregister van Adam tot Sem. Uit hierdie inligting kan ons die volgende tabel opstel:

| Naam | Ouderdom van pa toe seun gebore is. | Geboortejaar |
|---|---|---|
| Abraham | | 2166 vC |
| Tera | 70 | 2236 vC |
| Nahor | 29 | 2265 vC |
| Serug | 30 | 2295 vC |
| Reü | 32 | 2327 vC |
| Peleg | 30 | 2357 vC |
| Heber | 34 | 2391 vC |
| Selag | 30 | 2421 vC |
| Arpaksad | 35 | 2456 vC |
| Sem | 100 | 2556 vC |
| Noag | 500 | 3056 vC |
| Lameg | 182 | 3238 vC |
| Metusalag | 187 | 3425 vC |
| Henog | 65 | 3490 vC |
| Jered | 162 | 3652 vC |
| Mahalalel | 65 | 3717 vC |
| Kenan | 70 | 3787 vC |
| Enos | 90 | 3877 vC |
| Set | 105 | 3982 vC |
| Adam | 130 | 4112 vC |

Siende dat ons tans in 2019 nC is, beteken dat Adam 6 131 jaar gelede geskape is (4 112 + 2 019 = 6 131). Dit volg uit 'n letterlike interpretasie van die inligting wat in die Bybel gegee word, mits ons aanvaar wanneer Salomo geregeer het – iets waaroor daar baie min onsekerheid is onder historici.

As mens verder sou redeneer dat die ses skeppingsdae in Genesis 1 elk 'n periode van 24 uur was, beteken dit dat die skeppingsweek ook 6 131 jaar gelede moes gebeur het.

Gewoonlik redeneer Jong Aarde Kreasioniste dat Genesis 1:1-2 nie gebeure voor die skeppingsweek beskryf nie, maar eerder ‘n opsomming is van, of ‘n inleidende stelling is tot, die res van Genesis 1. Die gevolg is dat hulle oortuig is die ouderdom van die heelal, insluitend die aarde en alle lewe daarop, is ongeveer 6 000 jaar.

Laat ek direk byvoeg dat daar dikwels geargumenteer word dat die geslagsregisters in die Bybel nie noodwendig volledig is nie. Daarom sal gevind word dat in debatte oor die ontstaan van die heelal en die mensdom daar speling toegelaat word om te kompenseer vir hierdie onvolledigheid. Gevolglik word daar dan geredeneer dat ‘n letterlike lees van die Bybel ‘n ouderdom van tussen 6 000 en 10 000 jaar oplewer.

## Wetenskaplike studievelde ter sake in ‘n studie oor die ontstaan van die heelal en lewe

‘n Studie oor die versoening van God se openbaring in die Bybel en feite uit wetenskaplike studies oor die ontstaan van die heelal en lewe word gekompliseer deurdat dit baie gou tegnies word. Aan die eenkant moet mens begrip hê wat verantwoordelike interpretasie van die Bybel vereis, en aan die ander kant moet mens begrip hê vir die vereistes van verantwoordelike wetenskapsboefening. Boonop is dit nie net een wetenskaplike veld wat bydraes lewer nie – bydraes word gelewer vanuit die sterrekunde (astronomie), geologie, paleontologie en biologie (en daar is waarskynlik meer). Dit is daarom nodig om ten minste ‘n basiese begrip van die verskillende velde te hê voor mens kan begin om standpunt in te neem.

Die volgende studievelde is van belang:

- **Sterrekunde / Astronomie:** Dit is die natuurwetenskaplike studie van die heelal. Wiskunde, fisika en chemie word gebruik om die oorsprong en verskynsels in die heelal te bestudeer. Sterrekundiges definieer die heelal as die ruimte, planete, sterre, sterrestelsels en alle ander vorme van energie en materie.
- **Geologie:** Dit is die natuurwetenskaplike studie van die (soliede) aarde. Dit bestudeer spesifiek die rotslae in die aarde en die prosesse waarvolgens hulle verander oor tyd.
- **Biologie:** Dit is die natuurwetenskaplike studie van lewe en lewende organismes insluitende hulle fisiese strukture, chemiese samestellings, funksies, ontwikkeling en evolusie.
- **Paleontologie:** Dit is die natuurwetenskaplike studie van lewe in die verlede, veral ‘n studie van fossiele wat in rotse op die aarde gevind word. Paleontologie lê dus op die grens tussen geologie en biologie.
- **Teologie:** Dit is die bestudering van God soos wat Hy hom aan die mens openbaar.

Dit volg uit die definisies van die velde dat sterrekundiges ons kan help om die ontstaan van die **heelal** te bestudeer, geoloë help ons om die ontstaan van die **aarde** te bestudeer, terwyl paleontoloë en bioloë help om die ontstaan van **lewe op aarde** te bestudeer. Teologie help ons om te verstaan wat **God geopenbaar** het, onder andere dan ook wat God geopenbaar het rakende die ontstaan van die heelal en lewe.

Dit is belangrik om raak te sien dat daar ‘n fundamentele verskil is tussen die eerste 4 velde hierbo, en die laaste een. Die eerste 4 is almal natuurwetenskaplike velde, en fokus daarom op wat ons uit die skepping kan leer. Hulle almal volg die beginsels van wetenskaplike studies. Ons kan “Wetenskap” definieer as die sistematiese bestudering van ‘n gedeelte van die heelal waartydens kennis gebou word deur middel van verifieerbare verduidelikings, voorspellings of teorieë. In die praktyk beteken dit dat in elkeen van hierdie velde

wetenskaplikes sekere teorieë voorstel op grond van hulle huidige verstaan van natuurverskynsels, hulle gebruik dan hierdie teorieë om voorspellings te maak, en doen empiriese ondersoeke om te bepaal of die voorspellings korrek is of nie. Indien nie, word die teorie gewysig. Indien wel, word groter waarde geheg aan die teorie. 'n Teorie bly egter altyd tentatief – want daar kan moontlik later addisionele inligting na vore kom wat die teorie nietig kan verklaar.

'n Teologiese studie is egter fundamenteel verskillend. Dit behels nie die bestudering van die natuur nie, maar wel die bestudering van God. Christene is oortuig dat God homself openbaar deur Sy Woord. Teologie word dus 'n bestudering van God se openbaring. Ons verstaan God het nie alles geopenbaar nie – daarom sal ons altyd gedeeltelike begrip hê van God. Alhoewel ek sekere wetenskaplike tegnieke kan gebruik in die bestudering van die Bybel (bv. in die bestudering van die betroubaarheid van manuskripte), kan die teoloog nie dieselfde sistematiese prosesse volg as die natuurwetenskaplike nie – om dit kras te stel: die teoloog kan nie 2 eksperimente gaan doen waar in eksperiment A God teenwoordig is, en in eksperiment B nie, om sodoende te bepaal wat God se rol is nie. Die teoloog is "beperk" tot wat God geopenbaar het. Gelukkig weet ons dat wat God geopenbaar het, voldoende is vir alles wat ons in hierdie lewe nodig het – al weet ons ook dat ons maar net ten dele ken.

## Sterrekundige siening oor die ontstaan van die heelal

Hierdie is natuurlik 'n hoogs tegniese onderwerp. Ek sal slegs probeer om die basiese logika te verduidelik.


Die eerste begrip wat ons moet verstaan, is **ligjaar**. A.g.v. die groot afstande in die heelal is dit nie prakties om te praat van kilometers om afstande aan te dui nie. Sterrekundiges gebruik die term ligjaar. Een ligjaar is die afstand wat lig aflê in die loop van een jaar. Ons weet dat lig (en alle elektromagnetiese golwe) teen 'n snelheid van 300 000 km/s beweeg. Dit beteken 1 ligjaar = 9 500 000 000 000 km, oftewel 9,5 triljoen km!


Dink nou oor die volgende: Die son is ongeveer 150 miljoen km vanaf die aarde. Dit neem lig dus ongeveer 8 minute om van die son die aarde te bereik. As ek na die son kyk, sien ek nie waar die son op daardie oomblik is nie, ek sien waar die son 8 minute gelede was. Netso, as ek na 'n ster sou kyk wat 1 ligjaar weg is, beteken dit ek kyk na iets wat 1 jaar gelede gebeur het. Die implikasie is, hoe dieper ek in die ruimte in kyk, hoe verder is ek besig om in die geskiedenis terug te kyk. Die blote feit dat sterrekundiges sterrestelsels waarneem wat tot biljoene ligjare weg is, beteken dat daardie lig reeds vir biljoene jare op pad was na die aarde toe. Dit moet dus beteken dat die heelal al ten minste biljoene jare moet bestaan.

Hoe meet sterrekundiges afstande in die heelal? Hulle het 'n verskeidenheid van tegnieke. Ek fokus slegs op twee tegnieke. Om kort afstande te meet, byvoorbeeld die afstand na planete in ons eie sonnestelsel, word 'n radarsein na die planeet gestuur en vanuit die tyd wat dit neem vir die weerkaatste sein om weer die aarde te bereik, kan die afstand na die planeet bereken word. Natuurlik kan hierdie metode nie gebruik word om lang afstande (soos biljoene ligjare) te meet nie, siende dat die tydsverloop vir die weerkaatste sein om weer die aarde te bereik, onrealisties lank word.

Om afstande bo 1 biljoen ligjare te meet, is ietwat meer kompleks. Kyk na die eerste skets hiernaas. As jy na die geluid van 'n voertuig met 'n loeiende sirene sou luister, is daar 'n verskil in die klank wanneer die voertuig na jou toe beweeg, teenoor wanneer dit van jou weg beweeg. Die rede hiervoor is dat die klankgolwe "opmekaar gedruk" word wanneer die voertuig in jou rigting beweeg, terwyl hulle "uitmekaar gerek" word wanneer die voertuig weg beweeg. Dit staan bekend as die Doppler effek.

Dieselfde beginsel geld vir liggolwe. Wanneer liggolwe oor lang afstande beweeg, tipies meer as ‘n biljoen ligjare, begin die lig opbreek in verskillende kleure. Kyk na die kleurspektrum in die tweede skets hiernaas. Daar kan ‘n verskuiwing wees na óf die rooi kant óf die violet kant van die spektrum. As die verskuiwing na die rooi kant toe plaasvind, word dit “red shifting” genoem, en soos die skets aandui, gaan dit gepaard met ‘n verskuiwing na langer golflengtes. Dit stem ooreen met die sirene voorbeeld hierbo wanneer die sirene van jou af wegbeweeg, en die golflengtes ook langer word.




Wanneer sterrekundiges na verafgeleë sterrestelsels kyk, vind hulle klokslag dat die verskuiwing na die rooi kant van die spektrum is, wat dus aandui dat hierdie sterrestelsels almal besig om al verder van mekaar af weg te beweeg. Dit is die rede hoekom sterrekundiges oortuig is die heelal is steeds besig om uit te brei – hulle noem dit die “expanding universe”. Boonop is ook gevind dat hoe verder ‘n sterrestelsel is, hoe vinniger beweeg dit weg. Die mate van verskuiwing gee dus ‘n aanduiding van hoe ver die sterrestelsel van die aarde is, asook van hoe vinnig dit besig is om weg te beweeg.




Daar is egter selfs ‘n verdere logiese gevolgtrekking om te maak: As al die sterrestelsels besig is om al verder van mekaar af te beweeg, en die wat die verste weg is, is die wat die vinnigste weg beweeg, dan beteken dit ‘n mens sou kon teruggaan in tyd om te probeer verstaan waar hulle almal vandaan gekom het. As sterrekundiges dit doen, kom hulle tot die gevolgtrekking dat al hierdie sterrestelsels iewers lank gelede op een punt bymekaar was. Hulle teorie is dat hierdie punt, die sogenaamde Big Bang (oerknal), die begin was vir die ontstaan van die heelal. Die Big Bang het tot gevolg gehad dat sterrestelsels ontstaan het wat sedertdien besig is om verder uit te sprei. Volgens hulle beste berekenings en metings is daardie oorspronklike punt in tyd, d.w.s. die Big Bang, 13,7 biljoen jaar gelede.

My gevolgtrekking is dat daar sterk sterrekundige argumente is wat aandui dat die heelal baie ouer is as 10 000 jaar, heelwaarskynlik 13,7 biljoen jaar.

Ek is seker ons sukkel almal om te verstaan hoe groot die verskil is tussen 13,7 biljoen jaar en 10 000 jaar. Kom ons probeer ‘n gevoel kry:

> As ons aanvaar 13,7 biljoen jaar is ekwivalent aan 1 kalenderjaar vanaf 1 Januarie tot 31 Desember, dan is 10 000 jaar ekwivalent aan 23 sekondes voor middernag op 31 Desember van daardie jaar!

Dis ‘n enorme verskil! Iewers maak iemand ‘n GROOT fout!

## Geologiese siening oor die ontstaan van die aarde

Beide geoloë en paleontoloë maak gebruik van radiometriese dateringsmetodes om die ouderdom van rotsgesteentes en fossiele te bepaal. Die ouderdom van rotsgesteentes kan help om die ouderdom van die aarde te bepaal, terwyl bestudering van fossiele help om die begin van lewe te bestudeer.  Baie kritiek is in die verlede uitgespreek oor die akkuraatheid van hierdie metodes. Ek het die artikel “Radiometric Dating, A Christian Perspective” deur Dr Roger C Wiens baie insiggewend gevind (www.oldearth.org/radio-christian.htm).

Die beginsel van radiometriese dateringsmetodes is redelik eenvoudig. Dink aan ‘n gewone chemiese reaksie waar twee reaktiewe stowwe, A en B, reageer om ‘n produk, C, te vorm.


$$A + B \rightarrow C$$

Sodra A en B bymekaar gevoeg word onder die regte omstandighede, begin die reaksie. Soos wat tyd verloop, neem die hoeveelheid van A en B af, terwyl die hoeveelheid van C toeneem. Vir normale chemiese reaksies word gevind dat verskeie faktore bepaal hoe vinnig die reaksie verloop. Byvoorbeeld, ‘n verhoging in temperatuur sal die reaksie vinniger laat verloop. Normaalweg word ook gevind dat die reaksiesnelheid afneem soos wat A en B minder word, en soos wat C meer word.

Daar is sekere opsigte waarin radioaktiewe reaksies van chemiese reaksies verskil. Dis juis hierdie verskille wat radioaktiewe reaksies so nuttig maak om die ouderdom van byvoorbeeld ‘n rotsgesteente te bepaal. Kom ons kyk na die volgende radioaktiewe reaksie:

$$A \rightarrow B$$

Soos wat die reaksie verloop sal A afneem, en B toeneem (A word dikwels die “parent” genoem, en B die “daughter”). Die uniekheid van radioaktiewe reaksies lê daarin dat geen faktore soos temperatuur of ander eksterne kondisies die snelheid van die reaksie beïnvloed nie. Boonop verander die snelheid ook nie soos wat A afneem of B toeneem nie. Al sou ek aanvanklik 100 A’s hê en geen B’s nie, sal die tyd wat dit neem vir die helfte van die A’s om te reageer presies dieselfde wees as wanneer ek net 10 A’s het en 90 B’s. Die tyd wat dit neem vir die helfte van die A’s om te reageer, word A se halfleeftyd genoem. Hoe stadiger A reageer, hoe langer is sy halfleeftyd.




Geoloë gebruik hierdie beginsels om die ouderdom van soliede rotsmonsters te bepaal. Hulle analiseer die monster vir die teenwoordigheid van radioaktiewe elemente. As hulle ‘n spesifieke radioaktiewe element vind (aangedui deur “U” in die skets hiernaas), analiseer hulle hoeveel van die oorspronklike “parent” element nog teenwoordig is, asook hoeveel van die “daughter” element (aangedui met “Pb”) al gevorm het. Met hierdie resultate en kennis van die halfleeftyd van die “parent” element kan hulle dan bereken hoe lank gelede die rotsmonster gevorm is.

Die halfleeftye van baie radioaktiewe elemente is goed bekend. Kyk na die tabel. Let op die groot verskille tussen die halfleeftye van Koolstof 14 (Carbon 14) en Uraan 238 (Uranium 238). Koolstof 14 reageer dus baie vinniger as Uraan 238, en gevolglik is Koolstof 14 eerder geskik vir ouderdomsbepalings van relatiewe jong monsters (soos fossiele), en Uraan 238 vir die ouderdomsbepalings van ouer monsters (soos rotsgesteentes).

| Isotope | | Half-life of parent (years) | Useful range (years) |
|---|---|---|---|
| Parent | Daughter | | |
| Carbon 14 | Nitrogen 14 | 5,730 | 100 - 30,000 |
| Potassium 40 | Argon 40 | 1.3 billion | 100,000 - 4.5 billion |
| Rubidium 87 | Strontium 87 | 47 billion | 10 million - 4.5 billion |
| Uranium 238<br>Uranium 235 | Lead 206<br>Lead 207 | 4.5 billion<br>710 million | 10 million - 4.6 billion |

Van die oudste gesteentes op aarde word in die weste van Groenland gevind. Die ouderdom van hierdie gesteentes is met 'n verskeidenheid van tegnieke gemeet. Onderstaande tabel wys hoe goed die ooreenkoms tussen die verskillende tegnieke is.

| Tegniek | Ouderdom (biljoen jare) |
|---|---|
| Uraan-Lood | 3.60 ± 0.05 |
| Lood-Lood | 3.56 ± 0.1 |
| Lood-Lood | 3.74 ± 0.12 |
| Lood-Lood | 3.62 ± 0.13 |
| Rubidium-Strontium | 3.64 ± 0.06 |
| Rubidium-Strontium | 3.62 ± 0.14 |
| Rubidium-Strontium | 3.67 ± 0.09 |
| Rubidium-Strontium | 3.66 ± 0.10 |
| Rubidium-Strontium | 3.61 ± 0.22 |
| Rubidium-Strontium | 3.56 ± 0.14 |
| Lutetium-Hafnium | 3.55 ± 0.22 |
| Samarium-Neodimium | 3.56 ± 0.20 |

Radiometriese ouderdombepalings wys dat van die oudste rotsgesteentes op aarde ongeveer 4 biljoen jaar oud is. Analise van meteoriete wat die aarde getref het, wys ouderdomme van tipies 4.56 biljoen jaar. Maanmonsters wat destyds tydens NASA se Apollo sendings vanaf die maan terug gebring is, wys ouderdomme van 4.1 – 4.5 biljoen jaar. Uit die resultate van talle ouderdomspbepalings, het geoloë tot die slotsom gekom dat die aarde 4.5-4.6 biljoen jaar oud is.

'n Verdere bewys dat die aarde oud is, is die feit dat daar geen radioaktiewe elemente met 'n kort halfleeftyd meer in die natuur gevind word nie. Al hierdie elemente het alreeds radioaktiewe reaksies ondergaan, en dus verdwyn.

Wiens maak in die artikel waarna ek hierbo verwys het, die volgende opmerkings:

- Al die verskillende ouderdombepalingstegnieke gee soortgelyke antwoorde. As die aarde se ouderdom beperk is tot maksimum 10 000 jaar, sal al hierdie tegnieke foutgrense moet hê van etlike ordegroottes.
- Honderde laboratoriums regoor die wêreld doen ouderdomsbepalings. In die loop van 1 jaar is meer as 1 000 wetenskaplike artikels gepubliseer in erkende wetenskaplike joernale. Al die resultate suggereer 'n baie ouer aarde as 10 000 jaar.
- Radioaktiewe reaksiesnelhede is verskeie kere oor die afgelope 60 jaar gemeet, sonder beduidende verskille.


My gevolgtrekking is dat radioaktiewe tegnieke betroubare inligting oor die ouderdom van rotsgesteentes verskaf, en in gedagte gebring moet word wanneer oor die ouderdom van die aarde besin word.

Sterrekundiges se beste bevindings is dus dat die heelal 13,7 biljoen jaar oud is. Daarteenoor leer die geoloë dat die aarde relatief jonk in die heelal is, met ‘n beraamde ouderdom van 4,5-4,6 biljoen jaar. Maar dit is natuurlik steeds baie ouer as 6 000 – 10 000 jaar!

## Paleontologiese siening oor die ontstaan van lewe

Paleontoloë bestudeer fossiele wat op die aarde gevind word, en streef daarna om ‘n paleontologiese model op te stel van hoe lewe op die aarde ontstaan en ontwikkel het.

Die bepaling van die ouderdom van fossiele is heelwat moeiliker as die van rotsgesteentes. Die rede hiervoor is dat lewe natuurlik heelwat later as die aarde self ontstaan het, en daarom is fossiele relatief jonk in vergelyking met rotsgesteentes. Baie van die radiometriese tegnieke is dus nie akkuraat nie. Die koolstof 14 metode kan egter wel gebruik word, maar verg spesiale aandag omdat die dogter-produk, stikstof, ‘n gas is en daarom maklik uit die monster kan ontsnap, wat die akkuraatheid van die meting sal beïnvloed.




‘n Ander metode wat gebruik word om die ouderdom van fossiele te bepaal, is om die sedimentêre lae waarin die fossiele voorkom te bestudeer. Daar word geredeneer dat fossiele wat in soortgelyke sedimentêre lae voorkom ook soortgelyke ouderdomme behoort te hê. Alternatiewelik word fossiele gekoppel aan sogenaamde indeks fossiele – dit is fossiele wat net vir ‘n kort tydjie in die verlede voorgekom het. As fossiele dan onder soortgelyke omstandighede gevind word as ‘n indeks fossiel, kan aangeneem word hulle is van soortgelyke ouderdom.

Paleontoloë stel vervolgens “trees of life” op, soos in die diagram hierbo aangetoon. Hulle huidige teorie is dat lewe op aarde ongeveer 3.8 biljoen jaar gelede ontstaan het, en vandaar ontwikkel het deur verskillende fases. Die pad van ontwikkeling is min of meer soos

volg:  eers eensellige organismes / bakterieë, gevolg deur meersellige organismes, ongewerwelde diere, gewerwelde diere, visse, amfibieë, reptiele, voëls en laastens soogdiere. Volgens hulle teorie kon die mens, homo sapiens, so onlangs as 150 000 jaar gelede op die toneel verskyn het.

Ek moet erken dat ek nie baie vertroud is met paleontologie nie. Maar my indrukke op die oomblik is as volg:

- Die ouderdomdatering van fossiele is moeiliker en minder akkuraat as rotsgesteentes.
- Daar bestaan verskillende "trees of life", afhangend van die beginsels wat gebruik word. 'n "Tree of life" gebou op fisiologiese ontwikkeling kan byvoorbeeld verskil van 'n "tree of life" wat op biochemiese ontwikkeling gebou is.
- Daar bestaan steeds gate in hierdie modelle waar daar (nog) nie fossiele gevind is nie.
- Daar bestaan periodes waar dit lyk of daar vinnige toename in verskillende vorms van lewe was, met periodes tussenin waar relatief min ontwikkeling plaasgevind het.

My gevolgtrekking is dat die paleontologiese model tot 'n mindere mate geverifieer is as die geologiese en sterrekundige modelle, en ons kan verwag dat oor tyd verdere ontwikkeling en verfyning mag plaasvind. Maar ek is ook oortuig dat daar genoeg paleontologiese inligting is om aan te dui dat lewe op aarde reeds baie langer as 10 000 jaar voorkom. Presies wanneer die mens op die toneel verskyn het, is minder duidelik, maar dit is relatief onlangs – nie miljoene jaar gelede nie, waarskynlik tienduisende jare gelede, of maksimum 'n paar honderdduisend jaar gelede.

## Biologiese siening oor die ontstaan van lewe

In 1859 het Darwin sy aanvanklike evolusieteorie voorgestel. Sedertdien is hierdie teorie verder verfyn, en die teorie wat vandag algemeen aanvaar word, is die sogenaamde Neo-Darwiniaanse evolusieteorie.

Die Neo-Darwiniaanse evolusieteorie kan soos volg opgesom word: Die eerste lewensvorme het weens natuurlike oorsake vanuit nie-lewende materie ontstaan. Hierdie proses word abiogenese genoem, en het slegs eenmalig plaasgevind. Dit beteken gevolglik dat alle vorms van lewe uit hierdie eerste oorspronklike vorm van lewe ontstaan het. Dus alle viruses, bakterieë, plante en diere is onderling verwant. Eensellige organismes (protozoa) het eerste ontstaan, waaruit die meersellige organismes (metazoa) ontwikkel het. Vervolgens het al die ongewerwelde organismes (invertebrate) na vore gekom, wat almal onderling aan mekaar verwant is. Uit hulle het die gewerwelde organismes (vertebrata) ontstaan. Die verloop van ontwikkeling onder die gewerweldes was in die volgende volgorde: eers visse, later amfibieë en reptiele, en laastens voëls en soogdiere, wat die mens insluit.

Volgens die teorie vind oorgang van een organisme na 'n volgende geleidelik plaas deur genetiese variasies (mutasies) wat bloot deur kans gedryf word. Omdat kans die enigste dryfveer is, beteken dit dat lang tye nodig was vir die ontwikkeling vanaf die eerste lewensvorme tot die mens.

Dit is belangrik om raak te sien dat daar sekere aannames is wat onderliggend is aan die evolusieteorie. Dit sluit in dat aanvaar word die natuur is selfgenoegsaam, dus kan alles wat in die natuur gebeur, verklaar word deur natuurveskynsels. Alle biologiese veranderinge word kousaal-geneties gedryf, m.a.w. daar is 'n fisiese oorsaak in die omgewing waarin 'n

lewende organisme leef wat die vorming van sekere genetiese mutasies dryf of ten minste laat oorleef. Geen ruimte word gelaat vir ‘n Skepper wat ontwikkeling van een vorm van lewe na ‘n volgende stuur omdat die Skepper ‘n sekere doel ín gedagte het nie. Daar word ook aanvaar dat die proses vanaf abiogenese tot met die mens een kontinue proses is. Alle vorme van lewe stam dus van een oerouer af.

Ek moet egter direk byvoeg daar is sekere aspekte van die teorie wat bevraagteken word, selfs in biologiese kringe, onder andere die volgende:

- Is die oorgang van een organisme na ‘n volgende altyd **geleidelik**? Veral as na fossielrekords gekyk word, lyk dit of daar periodes is van “ontploffings” van nuwe organismes. Hierdie siening gee aanleiding tot ‘n variasie op die evolusieteorie wat bekend staan as die “Punctual” teorie.
- Daar word dikwels onderskeid gemaak tussen mikro- en makro-evolusie. Mikro-evolusie word gesien as verandering wat binne ‘n spesie plaasvind (bv. die teel van verskillende honderasse), terwyl makro-evolusie gesien word wanneer een spesie oorgaan in ‘n volgende spesie. Mikro-evolusie word algemeen aanvaar, en daar is voldoende eksperimentele bewyse sodat dit nie verder bevraagteken hoef te word nie. Makro-evolusie berus egter grotendeels op ‘n ekstrapolasie van die beginsels van mikro-evolusie. Nie alle bioloë is oortuig dit is geregverdig nie. Dit gee aanleiding daartoe dat sommiges die Polifiletiese Evolusieteorie voorstel (die oorspronklike evolusieteorie is ‘n Monofiletiese teorie). In die Polifiletiese teorie word daar nie aanvaar dat alle vorme van lewe teruggaan na een enkele oorspronklike oerouer toe nie (soos aanvaar in die Monofiletiese teorie), maar dat daar verskeie oerouers kon wees.
- Daar is ook ‘n siening dat nie alles kousaal-geneties gedryf word nie, maar dat daar ‘n doel agter alles is, en dus dat ruimte gelaat moet word vir die rol van ‘n Skepper wat die ontstaan van lewe geïnisieer het. Hierdie siening aanvaar dat die ontwikkeling van lewe op aarde gestuur word deur God, maar dat God dit doen deur die proses van evolusie. Hierdie siening staan bekend as teïstiese evolusie.

Twee aspekte van die teorie wat uitdagend is, is om eksperimenteel te bewys dat abiogenese plaasgevind het, en dat makro-evolusie steeds plaasvind. Abiogenese is ‘n veld waarin heelwat navorsing gedoen word, maar my indruk is die vordering is gering. Daar is ‘n komplikasie in die sin dat niemand werklik weet wat die kondisies destyds op aarde was toe die eerste vorms van lewe sou ontstaan het nie. Selfs al sou vordering gemaak word dat daar op ‘n stadium onder laboratorium kondisies eenvoudige vorms van lewe geskep kan word, hoe weet mens dis ‘n bewys van hoe lewe destyds op aarde ontstaan het? In die geval van makro-evolusie moet bewys word dat een spesie bloot gedryf deur kans oorgaan in ‘n ander spesie. Hoe bewys jy dit eksperimenteel – veral as jy in gedagte hou dat jy baie lang tyd sal moet toelaat?

My persoonlike evaluasie van evolusie is as volg:

- Ek kan nie saamstem met die aanname dat die natuur genoegsaam is om homself te verklaar nie. Die Bybel is duidelik dat God direk betrokke is – nie net in die aanvanklike skepping van lewe nie, maar ook selfs in die dag tot dag instandhouding van die skepping.
- Ek is nie heeltemal oortuig dat daar voldoende bewyse is vir makro-evolusie nie. Daarteenoor het ek het geen probleem om die beginsel van mikro-evolusie te aanvaar nie.
- Ek is baie skepties of die mens ooit abiogenese eksperimenteel gaan bewys.

- Ek is ook nie oortuig dat daar voldoende bewyse is dat alle vorms van lewe van een enkele oerouer afgestam het nie.

Aan die ander kant is die harde realiteit dat daar nie werklik ander wetenskaplike modelle is wat die ontstaan van lewe beter beskryf, en beter bewyse het nie. Selfs evolusioniste sal erken dat daar nog groot gate is wat met bewyse opgevul moet word. In die proses kan dit gebeur dat die teorie aangepas sal moet word. Ek dink die proses moet maar sy loop neem.

Intussen is ek bereid om die evolusieteorie kans te gee om verder bewys te word, maar dan **moet** dit ‘n teïstiese evolusieteorie wees, en verkieslik ‘n polifiletiese teïstiese evolusieteorie.

## Opsomming

Uit bydraes van die verskillende natuurwetenskaplike velde is my gevolgtrekking tans soos volg:

- Die heelal is heelwaarskynlik 13,7 biljoen jaar oud.
- Die aarde is jonger, maar ook oud – heelwaarskynlik 4,5-4,6 biljoen jaar oud.
- Die ouderdom van lewe op aarde is nie so seker as bogenoemde syfers nie – paleontoloë spekuleer dat dit so lank gelede as 3.8 biljoen jaar gelede kon ontstaan het. Of dit werklik so oud is, is vir my moeilik om te beoordeel, maar ek gee toe dat daar sterk argumente is dat lewe heelwaarskynlik baie langer as 10 000 jaar op aarde voorkom, waarskynlik reeds biljoene jare.
- Die ontstaandatum van die mens is selfs meer onseker as die ontstaan van lewe. Beste skattings is veelvoude van tienduisende jare gelede, miskien net meer as 100 000 jaar gelede. Kan ons verwag dat daar met verdere navorsing dalk beter korrelasie met die Bybelse ouderdom van die mensdom gevind gaan word?

# Benaderings om Skrif- en skeppingsopenbarings te harmonieer

Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat daar oënskynlik spanning is tussen wat die Woord en wat wetenskaplike bestudering van die skepping leer. Daar is verskeie benaderings wat gevolg word om hierdie teenstrydighede aan te spreek en te oorbrug. In hierdie hoofstuk wil ek hierdie benaderings bespreek, en ook krities beoordeel met die doel om vas te stel met watter benaderings ek myself kan identifiseer.

## Kriteria vir beoordeling

Voor ons die verskillende benaderings bespreek, is dit eers nodig om kriteria te ontwikkel waarvolgens die verskillende benaderings beoordeel kan word. Uit die bespreking tot dusver is daar duidelik sekere aspekte wat ononderhandelbaar is. As 'n sekere benadering nie aan al die ononderhandelbare kriteria voldoen nie, verwerp ek die benadering. Daar is egter ook onderhandelbare kriteria, waar ek bereid is om meer ruimte toe te laat vir verskillende opinies.

Hier is my kriteria:

### Ononderhandelbare kriteria

- **God is alleen die Skepper van alles:** Genesis 1:1 en verskeie ander gedeeltes in die Bybel is hieroor baie duidelik. Soos wat die verhaal oor die skeppingsgebeure aandui, is God die oorsprong van alle materiële dinge, Hy is die bron van lewe, Hy is ook die Een wat tyd begin. Rom 11:36 som dit op: Uit Hom, deur Hom en tot Hom is **alle** dinge.

- **God skep doelmatig:** Genesis 1 maak dit duidelik dat daar 'n doel in die skepping is. Soos wat die skeppingsgebeure beskryf word, word dit al hoe meer duidelik: Spesifieke elemente in die skepping het spesifieke rolle. Ons het dit vroeër in detail beskryf. Boonop, het God 'n oorkoepelende doel met die skepping, naamlik dat die aarde gevul sal word met Sy heerlikheid.

- **Die Genesis 1 en 2 skeppingsverhale moet versoenbaar wees:** Beide hierdie hoofstukke is deel van God se openbaring. Beide moet dus afsonderlik en gesamentlik met die ander hoofstuk verklaar kan word.

- **God se plan:** Die benadering moet nie in stryd wees met die sistematiese en progressiewe ontwikkeling van God se plan soos ek dit hierbo beskryf het nie. Dit moet ook nie dogmaties vashou aan 'n perfekte skepping voor die sondeval nie.

### Onderhandelbare kriteria

- **Lengte van die skeppingsdae:** Ek het hierbo beskryf dat ek geen rede sien hoekom ons dogmaties aan 6 x 24 uur skeppingsdae moet vashou nie. Ek is egter ook oortuig dat die Skrif nêrens eis dat die skeppingsdae nie 24 uur lank was nie. Ons moet dus aanvaar dat die Skrif eenvoudig nie 'n uitspraak maak oor die lengte van die skeppingsdae nie. Ek beskou dit dus as onderhandelbaar. Wat ek egter wel afkeur, is wanneer 'n benadering hulle siening van die lengte van die skeppingsdae dogmaties wil afdwing.

- **Detail van hoe God geskep het:** Soos hierbo aangedui, is ek oortuig die fokus van Genesis is primêr **dat** God geskep het en **hoekom** God geskep het. Heelwat ruimte kan gelaat word oor die presiese manier waarop die skeppingsgebeure plaasgevind het.

# Beoordeling van verskillende benaderings

Met al bogenoemde agtergrond inligting tot ons beskikking, kan ons nou die verskillende benaderings wat gevolg word om die Skrif- en skeppingsopenbarings te interpreteer en harmonieer, beoordeel. Ek deel die verskillende benaderings in 4 groepe:

| Groepe Benaderings | Benaderings |
|---|---|
| Kreasionisme | Jong Aarde Kreasionisme |
| | Ou Aarde Kreasionisme: Dag Tydperk |
| | Ou Aarde Kreasionisme: Raamwerk / Funksioneel |
| | Ou Aarde Kreasionisme: Progressief |
| Kreasionistiese Evolusionisme | Teïstiese Evolusionisme |
| | Deïstiese Evolusionisme |
| Intelligente Ontwerp | Intelligente Ontwerp |
| Evolusionisme | Polifiletiese Evolusionisme |
| | Monofiletiese Evolusionisme |

Ek bespreek hieronder kortliks elke benadering, en gee my persoonlike evaluering daarvan. Wat my persoonlike evaluering betref, klassifiseer ek elke benaderings in een van 3 klasse:

- Verwerp
- Aanvaar as swak moontlikheid
- Aanvaar as sterk moontlikheid

## Kreasionisme

### Jong Aarde Kreasionisme:

Volgens hierdie beskouing is God die Skepper van alle dinge. Die Bybelse vertelling van die skeppingsgebeure word letterlik gelees, wat impliseer jong aarde kreasioniste is oortuig die aarde is 6 000 – 10 000 jaar oud, die skepping het in 6 dae van 24 uur elk plaasgevind, en die mens is op dag 6 geskep as kroon van die skepping.

Die gevolg van 'n letterlike lees van Genesis 1 en 2 is dat dit steeds moeilik bly om logies te verklaar hoe die son eers op dag 4 geskep is, maar dag en nag alreeds op dag 1, hoe plante voor die son geskep kon wees, of die oënskynlike teenstrydige beskrywing van volgorde van gebeure in Genesis 1 en 2.

Aanhangers van hierdie benadering is ook vurige ondersteuners van die siening dat die skepping voor die sondeval perfek was. Die gevolg hiervan is 'n verwronge verstaan van die ontwikkeling van God se plan.

Nodeloos om te sê het ondersteuners van hierdie siening ernstige probleme met die sienings van sterrekundiges, geoloë, paleontoloë en bioloë. Trouens, hulle spandeer baie tyd op wat bekend staan as "creation science", i.e. om wetenskaplike argumente te genereer wat die teorieë van hoofstroomwetenskaplikes weerlê. So, byvoorbeeld, argumenteer hulle dat die heelal nie so oud kan wees as wat sterrekundiges beweer vanuit die tyd wat dit vir lig neem om die aarde te bereik nie, want lig het moontlik in die verlede teen hoër snelhede beweeg as vandag. 'n Alternatiewe verduideliking is dat God die heelal geskep het met die voorkoms asof dit oud is, d.w.s. God het die heelal geskep met lig wat alreeds op pad was

na die aarde. Hierdie argument is vir my onaanvaarbaar. Dit sou impliseer God is besig om ons 'n rat voor die oë te draai – iets wat teen God se aard is. Trouens, God doen juis die teenoorgestelde en wil hê dat ons insig ontwikkel! My algehele indruk van "creation science" is dat dit hoogs twyfelagtig is.

Organisasies wat hierdie beskouing steun, sluit in: Answers in Genesis, Creation Ministries International, Institute for Creation Research, Creation Research Society en CreationWiki.

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Slaag* |
| *God skep doelmatig* | *Slaag* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Faal* |
| *God se plan* | *Faal* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *Onaanvaarbaar* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Twyfelagtig* |

***Resultaat: Verwerp***

## Ou Aarde Kreasionisme: Dag-Tydperk

Volgens hierdie benadering is God die Skepper van alle dinge, en hulle aanvaar ook dat daar doelmatigheid in die skepping is. Hulle aanvaar nie dat die skeppingsdae 24 uur periodes was nie, maar eerder tydperke, wat selfs biljoene jare kon wees. ('n Variasie op hierdie siening is die benadering waar geglo word daar was 'n periode tussen Genesis 1:2 en die ses skeppingsdae.)

Hulle het 'n alternatiewe interpretasie van Genesis 1 wat grotendeels ooreenkom met die kosmologiese model wat deur sterrekundiges voorgestel word. Hierdie interpretasie word sterk ondersteun deur persone soos Hugh Ross, outeur van boeke soos "Creation and Time", en stigter van die organisasie "Reasons to Believe" (http://www.reasons.org/). Ek som Hugh Ross se interpretasie van die Genesis 1 skeppingsgebeure hieronder op (Creation and Time, bl153):

- Gen 1:1 beteken dat op bevel van God die ganse heelal geskep word – insluitend tyd, ruimte, materie, energie, sterrestelsels, planete, ens. Planeet aarde is egter leeg en sonder lewe. Die oeroue atmosfeer van die aarde en die interplanetêre afval in die sonnestelsel verhoed dat die lig van die son, maan en sterre die aarde se oppervlak, wat bedek is met water, bereik.
- Vervolgens begin die interplanetêre afval en die aarde se atmosfeer opklaar sodat lig van die hemelliggame die aarde se waterige oppervlak bereik. Dit is dag 1.
- Waterdamp word gevorm in die aarde se troposfeer en lei tot die ontstaan van 'n stabiele watersiklus. Dit is dag 2.
- Daarna volg die vorming van droë grond en die oseane, en die groei van plante op droë grond. Dit is dag 3.
- Die aarde se atmosfeer klaar tot so 'n mate op dat die hemelliggame sigbaar word. Dit is dag 4.
- Die seediere en voëls ontstaan op bevel van God. Dit is dag 5.
- Die soogdiere, en op die ou end die mens, ontstaan op bevel van God. Dit is dag 6.

Die model wat geoloë voorstel, word ook ondersteun. Daarom word hulle siening as 'n "ou aarde" interpretasie beskryf. Oor die ontstaan van lewe, verwerp hulle die evolusieteorie

volledig. Hulle is oortuig dat God direk die ontstaan van lewe beveel het, en dat verskillende lewensvorme afsonderlik deur God geskep is.

Dit is vir my verstommend om te sien hoe Hugh Ross die sterrekundige model vir die ontstaan van die heelal/aarde gepas kry op die Genesis 1 gebeure. Maar ek het ook al gelees hoe Hugh Ross stoei met die afmetings van die nuwe Jerusalem wat as ‘n kubus van 12 000 km beskryf word in Openbaring 21:16. Volgens hom is dit fisies onmoontlik vir ‘n kubus om sulke afmetings te hê (‘n kubus met sulke groot dimensies sal onder sy eie swaartekrag ‘n sfeer vorm – dis hoekom alle planete min of meer rond is). Hugh is waarskynlik reg oor ‘n fisiese kubus, maar hy mis duidelik die punt in Openbaring! Is Hugh dan reg met sy interpretasie in Genesis 1? Wat ek probeer sê is: Hugh maak duidelik ‘n interpretasie fout as hy aan die nuwe Jeruslaem dink as ‘n letterlike kubus. Maak hy nie dalk ook ‘n fout deurdat hy Genesis te letterlik lees nie? Of is daar tog wetenskaplike akkuraatheid in die Genesis beskrywing, soos wat daar geskiedkundige akkuraatheid is in die Bybelse beskrywing van geskiedenis gebeure?

Ek is nie presies seker oor hulle siening of die skepping perfek was voor die sondeval nie. In die lig van hulle geneigdheid om die Bybel letterlik te lees, sal ek nie verbaas wees as hulle oortuig is alles was perfek nie, wat weereens ‘n gebrekkige verstaan van God se plan tot gevolg sal hê.

Organisasies wat hierdie siening ondersteun, sluit in: Reasons to believe, Answers in Creation en Godandscience.

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Slaag* |
| *God skep doelmatig* | *Slaag* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Onduidelik wat hulle siening oor Gen 2 is* |
| *God se plan* | *Onduidelik, waarskynlik faal* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *Aanvaarbaar* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Aanvaarbaar* |

***Resultaat: Aanvaar as swak moontlikheid***

### Ou Aarde Kreasionisme: Raamwerk/Funksioneel

Onder hierdie siening kombineer ek 2 sienings wat myns insiens baie naby aanmekaar is: Raamwerk en Funksioneel.

Volgens die Raamwerk benadering moet Genesis 1 gelees word met erkenning van die duidelike raakvlakke tussen dae 1 en 4, dae 2 en 5, en dae 3 en 6, soos in die tabel hieronder aangedui, en in lyn met my bespreking vroeër in hierdie studie:

| | |
|---|---|
| Dag 1: Lig, dag, nag | Dag 4: Son, maan, sterre |
| Dag 2: See en hemele | Dag 5: Seediere, voëls |
| Dag 3: Land, plante | Dag 6: Landdiere, mens |

Ondersteuners van hierdie interpretasie steun as ‘n reël ‘n ou aarde siening, maar glo ook dat verskillende lewensvorme volgens hulle aard geskape is, en die mens ook direk deur God geskep is, waarskynlik ongeveer 10 000 jaar gelede.

Die Funksionele benadering is soortgelyk. John Walton, outeur van die boek "The lost world of Genesis One", redeneer ons moet Genesis 1 eerder verstaan soos wat die eerste lesers dit sou verstaan het. Volgens hom gaan dit nie primêr oor die hoe en wanneer van die skep van die heelal en lewe nie (immers is die doel van die Bybel nie om wetenskaplike feite oor te dra nie), maar eerder oor die feit dat God sekere funksies daarstel gedurende die eerste 3 dae, en dat God funksionarisse aanstel gedurende die laaste 3 dae (weereens soortgelyk aan die beskrywing vroeër in hierdie studie):

| | |
|---|---|
| Dag 1: Tyd | Dag 4: Son, maan, sterre – rol is om tyd te hou |
| Dag 2: Weerpatrone | Dag 5: Seediere, voëls – moet die see en lug vul |
| Dag 3: Kos | Dag 6: Landdiere, mens – moet heers, vermeerder |

Walton bou sy argument in sy boek deur 18 stellings te maak en elke stelling te beredeneer. Ek som sy argument kortliks op: Hy redeneer dat Genesis 1 gelees moet word teen die agtergrond van hoe Moses se eerste lesers dit sou verstaan het. Wanneer hulle oor die kosmos geredeneer het, was die fokus nie soseer op die detail van die ontstaan van die individuele elemente van die kosmos nie, maar eerder op die rol wat elke element in die kosmos moes vervul. Volgens hom behoort die betekenis van die woord "skep" gesien te word as die aanwys van 'n spesifieke element se rol, en nie soseer die fisiese ontstaan van die element nie. Gevolglik redeneer hy Genesis 1:1-2 wil kommunikeer dat die heelal reeds bestaan het voor die skeppingsweek, maar dat dit nog disfunksioneel was. Dae 1-3 se fokus is dus om sekere funksies of rolle daar te stel (soos dag en nag, 'n weerpatrone, kos vir lewe), terwyl dae 4-6 fokus op die aanwys van funksionarisse om hierdie funksies te vervul (son en maan wys dag en nag aan, diere moet vul, die mens wat moet heers). Hy beredeneer ook dat die kosmos gesien moet word as 'n tempel, en dat die skeppingsweek as't ware 'n inwyding van hierdie tempel is waartydens alles in die kosmos in harmonie begin saamwerk om God se doel daarmee te bereik. Walton is dus oortuig dat Genesis 1 eintlik baie min te sê het oor die detail van die fisiese ontstaan van die skepping.

Sy gevolgtrekking is dat Christene die resultate van die wetenskap in alle velde kan aanvaar op voorwaarde dat dit nie die doel van God met die skepping weerspreek nie, en op voorwaarde dat dit nie strydig is met God se karakter soos dit in die Bybel uitgespel word nie.

Hierdie benaderings beweer ten regte dat God alles geskep het, en lê veral klem daarop dat daar doelmatigheid in die skepping is. Veral die Funksionele model argumenteer dat dít die primêre boodskap is wat God wil oordra. Die gevolg hiervan is dat versoening tussen Genesis 1 en 2 baie makliker word, siende dat die doel in beide hierdie hoofstukke is dat God sekere verwagtings het, eerder as wat God die chronologie of detail van die skeppingsgebeure wil deurgee.

Dit is nie vir my duidelik wat hulle siening oor die perfektheid van die skepping voor die sondeval is nie, maar ten minste is daar ook die oortuiging dat die kosmos 'n tempel is.

Van die aanhangers van hierdie siening redeneer dus dat dit ruimte laat om gemaklik alle wetenskaplike modelle bloot op grond van hulle wetenskaplike merietes te oorweeg. Van hulle argumenteer selfs dat evolusie as sulks aanvaar kan word, op voorwaarde dat God erken moet word as die Een wat dit doelmatig stuur.

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Slaag* |
| *God skep doelmatig* | *Slaag* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Slaag* |

| | |
|---|---|
| *God se plan* | *Onduidelik, waarskynlik aanvaarbaar* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *Aanvaarbaar* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Aanvaarbaar* |

***Resultaat: Aanvaar as sterk moontlikheid***

### Ou Aarde Kreasionisme: Progressief

Volgens hierdie siening is God die Skepper van alle dinge, en gevolglik is daar ook doelmatigheid in die skepping. Hulle aanvaar die kosmologiese en geologiese modelle rakende die ontstaan van die heelal en die aarde. As dit by die ontstaan van lewe kom, aanvaar hulle die beginsels van mikro-evolusie. Hulle aanvaar egter nie makro-evolusie nie. A.g.v. die gebrek aan bewyse in die fossielrekords van oorgang tussen verskillende lewensvorms en a.g.v. die bewyse dat daar sporadiese “ontploffings” in die verskeidenheid van lewe is, aanvaar hulle eerder die “Punctual” weergawes van die evolusieteorie.

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Slaag* |
| *God skep doelmatig* | *Slaag* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Onduidelik* |
| *God se plan* | *Onduidelik* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *Aanvaarbaar* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Aanvaarbaar* |

***Resultaat: Aanvaar as swak moontlikheid***

## Kreasionistiese Evolusionisme

### Teïstiese Evolusionisme

Ondersteuners van hierdie siening is van oortuiging dat God die heelal doelgerig geskape het deur die proses van evolusie. Hulle aanvaar dus al die wetenskaplike modelle – kosmologies, geologies, paleontologies en biologies.

Ek vermoed hierdie is een van die sienings wat meer kontroversieel onder behoudende gelowiges is. Een van die organisasies wat hierdie siening propageer is BioLogos (https://biologos.org/about-us/our-mission/). Om duidelik te maak dat ondersteuners myns insiens nie totaal roekeloos is nie, kopieer ek hieronder hulle missie en opsomming van hulle oortuigings:

> Our Mission
> BioLogos invites the church and the world to see the harmony between science and biblical faith as we present an evolutionary understanding of God’s creation.
> What We Believe
> - We believe the Bible is the inspired and authoritative word of God. By the Holy Spirit it is the “living and active” means through which God speaks to the church today, bearing witness to God’s Son, Jesus, as the divine Logos, or Word of God.
> - We believe that God also reveals himself in and through the natural world he created, which displays his glory, eternal power, and divine nature. Properly interpreted, Scripture and nature are complementary and faithful witnesses to their common Author.
> - We believe that all people have sinned against God and are in need of salvation.

- We believe in the historical incarnation of Jesus Christ as fully God and fully man. We believe in the historical death and resurrection of Jesus Christ, by which we are saved and reconciled to God.
- We believe that God is directly involved in the lives of people today through acts of redemption, personal transformation, and answers to prayer.
- We believe that God typically sustains the world using faithful, consistent processes that humans describe as "natural laws." Yet we also affirm that God works outside of natural law in supernatural events, including the miracles described in Scripture. In both natural and supernatural ways, God continues to be directly involved in creation and in human history.
- We believe that the methods of science are an important and reliable means to investigate and describe the world God has made. In this, we stand with a long tradition of Christians for whom Christian faith and science are mutually hospitable. Therefore, we reject ideologies such as Materialism and Scientism that claim science is the sole source of knowledge and truth, that science has debunked God and religion, or that the physical world constitutes the whole of reality.
- We believe that God created the universe, the earth, and all life over billions of years. God continues to sustain the existence and functioning of the natural world, and the cosmos continues to declare the glory of God. Therefore, we reject ideologies such as Deism that claim the universe is self-sustaining, that God is no longer active in the natural world, or that God is not active in human history.
- We believe that the diversity and interrelation of all life on earth are best explained by the God-ordained process of evolution with common descent. Thus, evolution is not in opposition to God, but a means by which God providentially achieves his purposes. Therefore, we reject ideologies that claim that evolution is a purposeless process or that evolution replaces God.
- We believe that God created humans in biological continuity with all life on earth, but also as spiritual beings. God established a unique relationship with humanity by endowing us with his image and calling us to an elevated position within the created order.
- We believe that conversations among Christians about controversial issues of science and faith can and must be conducted with humility, grace, honesty, and compassion as a visible sign of the Spirit's presence in Christ's body, the Church.

Ek kan my tot 'n groot mate vereenselwig met die stellings wat hier gemaak word. Hierbo het ek na John Walton se siening verwys onder die funksionele benadering. Die realiteit is dat BioLogos dikwels juis John Walton se argumente gebruik om hulle siening te regverdig (miskien oorkompliseer ek dit om onderskeid te maak tussen die funksionele kreasionistiese siening en teïstiese evolusionisme). Hulle vind dus ook geen probleem om Genesis 1 en 2 te versoen nie.

Hulle het uiteraard geen probleem om te aanvaar dat daar dood van diere en plante was voor die sondeval nie. Dit skep myns insiens die nodige ruimte vir 'n verantwoordelike verstaan van God se plan.

Soos uit hulle belydenis hierbo blyk, is hulle oortuig van 'n monofiletiese evolusiemodel (hulle praat van "evolution with common descent"). Ek moet egter bely dat ek persoonlik eerder voorkeur wil gee aan 'n polifiletiese evolusiemodel. Dit lyk vir my of dit eerder in lyn met Genesis 1 is.

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Slaag* |
| *God skep doelmatig* | *Slaag* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Slaag* |
| *God se plan* | *Slaag* |
| ***Onderhandelbares*** | |

| | |
|---|---|
| *Lengte van skeppingsdae* | *Aanvaarbaar* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Aanvaarbaar* |

***Resultaat: Aanvaar as sterk moontlikheid***

### Deïstiese Evolusionsme

Hierdie benadering is soortgelyk aan Teïstiese Evolusionisme, maar met die groot verskil dat God basies onbetrokke is. God sou as't ware die evolusieproses geïnisieer het, maar daarna "onttrek" God en verloop die proses op sy eie.

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Slaag* |
| *God skep doelmatig* | *Faal* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Onduidelik hoe die inhoud van hierdie hoofstukke en die res van die Bybel versoen kan word met 'n onbetrokke God* |
| *God se plan* | *Faal* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *Aanvaarbaar* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Onaanvaarbaar* |

***Resultaat: Verwerp***

## Intelligente Ontwerp

Ek sluit 'n bespreking van Intelligente Ontwerp (beter bekend as Intelligent Design) hier in, alhoewel dit streng gesproke nie 'n volwaardige benadering is nie, maar eerder net 'n wetenskaplike teorie.

Volgens hierdie teorie is daar sekere verskynsels in die heelal en in verskillende vorme van lewe wat op sy beste verklaar kan word deur te aanvaar dat daar 'n intelligente ontwerper of oorsaak was wat dit tot stand gebring het. Hulle wyk dus af van evolusionisme wat beweer dat alles bloot deur kans en natuurlike seleksie gedryf word. Ondersteuners van hierdie siening soek na eksperimentele bewyse vir die bestaan van so 'n intelligente ontwerper. Hulle werk met twee belangrike konsepte om die bestaan van die ontwerper te demonstreer:

- "Irreducible complexity" – dit beteken hulle soek na eksperimentele bewyse van 'n sisteem wat bestaan uit verskeie interaktiewe dele wat onderling goed saamwerk om die funksies van die sisteem uit te voer. As een van die dele sou ontbreek is die gevolg dat die sisteem nie meer sy oorspronklike funksies kan vervul nie. Sulke sisteme sal dan bewys dat daar intelligente ontwerp in die sisteem is.
- "Specified complexity" – dit beteken hulle soek na eksperimentele bewyse vir sisteme wat beide kompleks en gespesifiseerd is, m.a.w. sisteme wat bewys dat die kompleksiteit daarvan vereis dat daar vooraf gespesifiseer moes word wat nodig sal wees om die komplekse sisteem te laat funksioneer.

Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie siening hoegenaamd geen uitspraak maak oor wie die ontwerper is nie. Alhoewel baie van die ondersteuners Christene is, maak hulle geen aanspraak daarop dat God die ontwerper is nie. Hulle probeer ook geensins om wat hulle uit

die natuur leer te rekonsilieer met enige godsdienstige geskrif soos die Bybel nie. Hulle maak dit pertinent duidelik dat hulle nie gesien moet word as Kreasioniste nie.

Dit lyk vir my of hulle die bewyse wat hulle vind wil gebruik om te motiveer dat daar benewens evolusie ook ander teorieë is wat ruimte gegun moet word in byvoorbeeld skool sillabusse.

Meer inligting kan op hulle webwerf gevind word: www.intelligentdesign.org

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *NvT* |
| *God skep doelmatig* | *NvT* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *NvT* |
| *God se plan* | *NvT* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *NvT* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *NvT* |

***Resultaat: Verwerp (Ek aanvaar die beginsel van 'n ontwerper, maar verwerp hierdie benadering a.g.v. 'n gebrek aan erkenning oor wie die ontwerper is)***

## Evolusionisme

### Polifiletiese / Monofiletiese Evolusionisme

Ek kombineer Polifiletiese en Monofiletiese Evolusionisme. Die enigste verskil tussen hierdie twee sienings is dat die polifiletiese siening ruimte laat vir meer as een oerouer vir die verskillende lewensvorme, terwyl die monofiletiese siening slegs een oorspronklike oerouer vir alle vorme van lewe erken.

Beide hierdie sienings het egter ernstige tekortkomings. Geen ruimte word gelaat vir enige betrokkenheid van God nie of vir enige doelmatigheid in die skepping nie. Alles gebeur bloot deur "natuurlike" oorsaak en gevolg, en word gedryf deur kans. Geen erkenning word aan die Bybel of aan God se plan gegee nie.

***Persoonlike evaluering:***

| ***Ononderhandelbares*** | ***Uitslag*** |
|---|---|
| *God is alleen die Skepper van alles* | *Faal* |
| *God skep doelmatig* | *Faal* |
| *Gen 1 en Gen 2 versoenbaar* | *Faal* |
| *God se plan* | *Faal* |
| ***Onderhandelbares*** | |
| *Lengte van skeppingsdae* | *Irrelevant* |
| *Detail van hoe God geskep het* | *Irrelevant* |

***Resultaat: Verwerp***

## Opsomming

Onderstaande tabel som my bevindings op.

| | Skrifinterpretasie | | | | | | Wetenskaplike Modelle | | | | Resultaat |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ononderhandelbares | | | | Onderhandelbares | | | | | | |
| | God as Skepper | Doelmatig | Gen 1+ 2 | God se plan | Dag Lengte | Hoe het God geskep | Kosmologies | Geologies | Paleontologies | Biologies | |
| Jong Aarde Kreasionisme | S | S | X | X | X | ? | X | X | X | X | Verwerp |
| Ou Aarde Kreasionisme: Dag Tydperk | S | S | ? | X | S | S | S | S | X | X | Swak Steun |
| Ou Aarde Kreasionisme: Raamwerk / Funksioneel | S | S | S | S | S | S | S | S | S | S | Sterk Steun |
| Ou Aarde Kreasionisme: Progressief | S | S | ? | ? | S | S | S | S | Deels | Deels | Swak Steun |
| Teïstiese Evolusionisme | S | S | S | S | S | S | S | S | S | S | Sterk Steun |
| Deïstiese Evolusionisme | S | ? | ? | F | S | X | S | S | S | S | Verwerp |
| Intelligente Ontwerp | NvT | NvT | NvT | NvT | NvT | NvT | S | S | Deels | Deels | Verwerp |
| Polifiletiese Evolusionisme | X | X | X | X | NvT | NvT | S | S | S | S | Verwerp |
| Monofiletiese Evolusionisme | X | X | X | X | NvT | NvT | S | S | S | S | Verwerp |

S = Slaag of Steun; X = Faal of Verwerp; ? = Onduidelik; NvT = nie van toepassing

## My slotsom

Ten slotte wil ek my siening oor die betekenis van Genesis 1 en 2 opsom. Ek vat ook my siening saam oor die verskillende benaderings om sin te maak uit die oënskynlike teenstrydighede tussen wat die Bybel en die wetenskap leer.

God is die Skepper van die ganse heelal en alle vorms van lewe daarin. Nie net het Hy soewerein besluit om te skep nie, Hy het ook besluit wat die doel met die skepping is en wat elke element in die skepping gaan bydra tot daardie doel. Nadat Hy alles geskep het, het Hy homself vergewis dat alles presies is soos wat Hy dit voorsien het.

God se doel met die skepping is dat dit gevul moet word met Sy heerlikheid. God se plan is dat dit sal realiseer as die skepping krioel met lewe. Hierdie verskillende lewensvorme moet in ooreenstemming met hulle God-gegewe opdragte lewe – dan sal die skepping gevul wees met Sy heerlikheid.

Genesis 1:1-2 beskryf dat God die hemel en aarde gemaak het voor dag 1. Die aarde was egter donker, woes, leeg en bedek met water. Gedurende die eerste 3 skeppingsdae berei God die aarde voor vir lewe. Hy skei lig en donker, hemel en aarde, en see en aarde. Boonop laat hy plante uitspruit as voedsel. Op dae 4 tot 6 vul God hierdie voorbereide skepping met ‘n verskeidenheid funksionarisse wat elkeen ‘n spesifieke rol het. Die son, maan en sterre is tydhouers, die voëls moet lewe in die hemelruim, die seediere moet lewe in die see, en die landdiere en die mens moet lewe op die aarde.

God het ‘n baie groot taak aan die mens opgedra. Die mens word na God se beeld geskape, wat beteken hulle moet in alle geregtigheid en heiligheid lewe. Verder gee God aan hulle soortgelyke rolle as wat God sopas vervul het tydens die skepping. Op dae 1-3 het God geheers deur orde te bring in die skepping. Netso verwag God van die mens om te heers. Dit sluit in dat hulle die aarde moet onderwerp (wat in wese ‘n voortsetting is van die ordeningswerk van God op dae 1-3), oor die diere moet heers en die tuin moet bewerk en bewaak. Op dae 4-6 het God die aarde begin vul. Netso verwag God ook van die mens om te vermeerder en die aarde te vul. Terwyl hulle met dit alles besig is verwag God onvoorwaardelike gehoorsaamheid van hulle, deurdat hulle nie sal eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Die implikasie hiervan is dat Adam en Eva aanvanklik in ‘n werksverbond met God gestaan het. Hulle gehoorsame uitvoer van hierdie opdragte sou tot gevolg hê dat hulle geregtigheid voor God verdien.

Genesis 1 is nie net ‘n beskrywing is van die fisiese gebeure gedurende God se skeppingshandelinge nie. Dit bevat terselfdertyd ook die begin van verskeie ontwikkelingslyne wat regdeur die Skrif loop. As God op dag 1 lig en donker skei, is dit die begin van ‘n stryd tussen lig en donker tot met die koms van die nuwe Jerusalem in Openbaring 21, waar ons lees dat daar nie meer nag sal wees nie. As God op dag 2 hemel en aarde skei, is dit die begin van ‘n lyn wat beskryf hoe God, wat in die hemel woon, onder sy volk, wat op die aarde woon, wil woon. Weereens eindig die Bybel in die beskrywing van die nuwe Jerusalem met die stelling dat die woonplek van God nou wel by die mense is. As God op dag 3 die see van die aarde skei, is dit die begin van ‘n lyn deur die Skrif waar die see dikwels ‘n simbool is van God se oordeel. Weereens lees ons dat met die koms van die nuwe Jerusalem daar geen see meer gaan wees nie.

Gedurende die ses skeppingsdae het God sy skeppingswerk gedurende die dag afgehandel, en oornag gerus. Op die sewende dag het God gerus van Sy skeppingswerk, omdat dit afgehandel was. Die sewende dag duur steeds voort. Sedert die afhandeling van

sy skeppingswerk, is God besig met sy verlossingswerk. Gedurende die skeppingsweek, het God aan die mens opdragte gegee (soos hierbo beskrywe). Netsoos God aan die einde van elke skeppingsdag gerus het, verwag God ook van die mens om elke sewende dag te rus. Hierdie rus moet deur die mens gebruik word om te dink aan God se skeppingswerk en sy verlossingswerk. Verder beloof God ook aan die mens, dat daar vir hom ‘n ewige rus sal wees wanneer hy sy skeppingsopdragte suksesvol voltooi het. Gedurende hierdie ewige rus, wat die hiernamaals is en slegs vir gelowiges beskore is, sal die gelowiges hulle verlustig in die resultaat van God se verlossingswerk, wat hulle elkeen persoonlik beleef het. Dan sal hulle aan God die eer bring wat Hy alleen verdien – en die aarde sal gevul wees met die heerlikheid van God. God gebruik in Genesis 1 juis die raamwerk van ‘n werksweek om hierdie beginsels aan die mensdom oor te dra.

Die duiwel is ‘n skepsel van God. Hy is as ‘n engel geskep wat in opstand teen God gerebelleer en dus in sonde geval het. Die Bybel is nie eksplisiet duidelik oor wanneer die duiwel geskep is en geval het nie, alhoewel ons wel lees dat hy van die begin af ‘n moordenaar en sondaar was. As Adam dus die opdrag kry om die aarde te onderwerp en die tuin te bewaak, moet ons verstaan hierdie opdragte is nodig om te verseker die duiwel word uit die tuin gehou, en dat Adam ook met verloop van tyd die aarde moet bevry van die invloed van die duiwel.

Die mens het misluk in die uitvoer van sy skeppingsopdragte, soos wat ons sien met die sondeval. Die gevolg van die sondeval is dat God die werksverbond vervang met ‘n genadeverbond. In hierdie genadeverbond aanvaar God verantwoordelikheid om vir die mens geregtigheid te bewerk. Hierdie geregtigheid sal bewerk word deurdat God ‘n verlossingsproses volg met sommige mense, sy uitverkorenes. Die detail van hierdie proses sluit verskeie stappe in wat in die loop van die Bybel verduidelik word – onder andere sluit dit in regverdigmaking, heilgmaking en heerlikmaking. Om die werking van hierdie verlossingsproses binne die genadeverbond fisies te demonstreer, gee God by Sinai aan Moses en die volk die opdrag om die tabernakel te bou. Die voorhof van die tabernakel verduidelik die stap van regverdigmaking, die Heilige die stap van heiligmaking en die Allerheiligste die stap van heerlikmaking. Die beskrywing van die tuin van Eden in Genesis 2 is ook ‘n tempel (tabernakel) beskrywing, maar met die belangrike verskil dat daar nie ‘n voorhof, en dus regverdigmaking, is nie. Die rede hiervoor is dat regverdigmaking onnodig is in die afwesigheid van sonde. Na die sondeval word die mens uit die tuin gestuur. Direk begin hulle offers bring – wat ‘n kardinaal belangrike element van regverdigmaking is. Hieruit word dit duidelik dat God ‘n nuwe weg daargestel het as deel van die genadeverbond waarlangs God onderneem om die gelowiges by geregtigheid en heiligheid uit te bring – sodat die doel met Sy skepping kan realiseer!

Adam het reeds voor die sondeval ‘n rol as priester-koning gehad. Enersyds moes hy sy lewe in gehoorsaamheid aan God wy. Hy moes die tuin bewerk en bewaak. Dit beteken dat hy alle kwaad uit die tuin moes hou, en verder moes hy die tuin in stand hou. Hierdie twee rolle was later juis die rol van die priester. In parallel hiermee moes Adam die aarde onderwerp en heers oor die diere van die aarde. Dit is duidelik die rol van ‘n koning.

God het doelbewus vir ons twee skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 gegee. In Genesis 1 is die fokus op God (Elohim) wat die hemel en aarde skep, terwyl Genesis 2 fokus op die Here God (Jahwe) wat ‘n werksverbond met Adam oprig. Die rede waarom God fokus op sy verhouding met die mens in hierdie verbond, is omdat die mens die hoogtepunt van God se skepping is van wie God besondere hoë verwagtinge het, soos ons hierbo gesien het. Natuurlik vorm die verbondsverhouding tussen God en mens die ruggraat van die res van die Skrif. Na die sondeval rig God ‘n genadeverbond op wat in verskillende opeenvolgende

verbonde in meer detail beskryf word: Aanvangsverbond met Adam na die sondeval, Noagverbond na die sondvloed, Abrahamverbond, Sinaiverbond, Dawidverbond en uiteindelik die Nuwe Verbond.

Die stelling “en dit was baie goed” in Genesis 1:31 beteken nie dat alles perfek was voor die sondeval nie, maar dat die skepping presies voldoen het aan al God se verwagtinge.

Dit is ‘n verwronge voorstelling van God se plan as geredeneer word die skepping was perfek voor die sondeval, dat die sondeval ‘n terugwaartse stap was, en dat die doel van God se handelinge met die mensdom sedertdien bloot is om te herstel wat verlore gegaan het met die sondeval. Die sondeval is doelbewus deel van God se plan. Deur die sondeval maak God dit aan die mens duidelik dat hy doodeenvoudig nie sy eie geregtigheid kan bewerk nie, en dat die enigste manier waarop hy wel geregtigheid kan ontvang is as God dit vír hom bewerk en aan hom toereken. Dit is die inhoud van die res van die Bybel. Die gevolg hiervan is dat wanneer die geredde mens eventueel wel deel word van die nuwe Jerusalem, het hy persoonlike ervaringskennis van sy eie onvermoë en van God se alvermoë. Gevolglik sal hy aan God die eer bring – en God se doel met die skepping realiseer.

Die stelling in Genesis 2:25 dat die mens en sy vrou kaal was maar nie skaam nie, is ‘n aanklag dat hulle nie gevorder het met hulle opdrag om klere van geregtigheid te verdien nie. As hulle in sonde val en bewus word van hulle naaktheid, en dus gebrek aan geregtigheid, voorsien God aan hulle velklere as ‘n herinnering dat Hy sal toesien dat hulle wel fyn, helder blink klere sal dra by die bruilofsmaal van die Lam.

God openbaar homself aan die mensdom deur beide die Skrif en die skepping. Enige teenstrydighede wat gevind wanneer hierdie twee openbarings vergelyk word, is bloot ‘n aanduiding dat daar iewers in die mens se interpretasie van hierdie openbarings ‘n fout is. Die fout lê nooit in die Skrif of in die skepping nie.

Dit is belangrik om raak te sien dat, alhoewel die eerste lesers van Genesis 1, ‘n baie gebrekkige begrip van die heelal gehad het, God geen moeite doen om hierdie gebrekkige begrip te korrigeer nie. God is meer besorgd daaroor dat hulle moet verstaan dat Hy die Skepper is, wat Sy doel met die skepping en Sy verwagtinge van die mensdom is. Dit word ook verder duidelik as ons die Genesis skeppingsverhale vergelyk met ander heidense skeppingsverhale wat alreeds in omloop was teen die tyd dat Moses Genesis geskryf het. Dit beteken ook dat God nie primêr besig is om sterrekundige, geologiese, paleontologiese of biologiese inligting aan die mensdom te kommunikeer nie. As ons dus die resultate van hierdie wetenskaplike velde wil vergelyk met God se openbaring in Genesis 1 en 2, moet ons eers die ononderhandelbare aspekte van sy openbaring uit hierdie hoofstukke identifiseer en dan al die wenskaplike benaderings in die lig van hierdie ononderhandelbares evalueer. Ek stel die volgende ononderhandelbares voor:

- God is die Skepper
- God skep doelmatig
- Genesis 1 en 2 moet onderling versoenbaar wees
- God se plan moet ondersteun word

Die Skrif maak dit duidelik dat Adam en Eva die eerste mense was, en dat hulle ongeveer 6 000 – 10 000 jaar gelede gelewe het. Die Skrif gee egter nie vir ons akkurate inligting oor die ouderdom van die heelal of die aarde nie, selfs ook nie oor wanneer plant- en dierelewe ontstaan het nie. Dood van plante en diere voor die sondeval is nie in stryd met die Skrif nie. Gevolglik is die ouderdom wat sterrekundiges voorstel vir die ouderdom van die heelal, die ouderdom wat geoloë voorstel vir die ouderdom van die aarde en die ouderdom wat

paleontoloë voorstel vir die bestaan van lewe op aarde die beste aanduidings wat ons tans het. Soos wat hulle werk verdere opdaterings noodsaak, kan dit ook so aanvaar word. Ek verwag dat beter korrelasie tussen die ouderdom van die mens volgens die Skrif en die paleontologie met verloop van tyd na vore sal kom. Die biologiese evolusiemodel kan in beginsel deur christene aanvaar word, op voorwaarde dat dit ‘n teïstiese model is, en verkieslik ‘n polifiletiese model.

Wat die verskillende benaderings betref waarvolgens gestreef word om sin te maak tussen die Skrifopenbaring en resultate van die verskillende wetenskaplike velde, is die slotsom van hierdie studie as volg: Jong aarde kreasionisme, deïstiese, polifiletiese en monofiletiese evolusionisme, asook intelligente ontwerp moet verwerp word. Sterk voorkeur behoort aan teïstiese evolusionisme en funksionele/raamwerk ou aarde kreasionisme gegee te word, terwyl swakker voorkeur gegee moet word aan dag-tydperk en progressiewe ou aarde kreasionisme.